

**Die gebruik van handpoppe as gespreksmedium  
tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare**

**deur**

**Annamarie Steyn**

**'n Mini-verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die  
vereistes vir die graad**

**MMW in Spelgebaseerde Intervensie**

**in die Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie van die**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**


**STUDIELEIER: DR MP LE ROUX**

**November 2016**

## VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID

Ek verstaan wat plagiaat behels en is bewus van die Universiteit se beleid in dié opsig.

Ek verklaar hiermee dat hierdie mini-verhandeling my eie oorspronklike werk is. In die geval waar ander persone se werk gebruik is (hetsy uit 'n gedrukte bron, die Internet of enige ander bron) is dit behoorlik erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departmentete vereistes.



Geteken.

A Steyn

## DANKBETUIGINGS

Ek wil graag my ooprechte dank uitspreek teenoor die volgende persone wat die uitvoering en voltooiing van die studie moontlik gemaak het:

- My Hemelse Vader, wat my die nodige krag en wysheid gegee het om hierdie navorsingstudie te voltooи.
- My man, vir al sy ondersteuning, liefde en geduld tydens hierdie tydperk asook sy hulp met die verwerking van data.
- My ouers, wat my opgevoed het om altyd in myself te glo en my geleer het dat uithouvermoë en vasberadenheid 'n baie belangrike rol in my lewe speel.
- Dr Liana (MP) le Roux, my studieleier, vir haar professionele leiding en ondersteuning met hierdie navorsingstudie.
- Smartbrain Naskoolsentrum, wat die praktiese uitvoering van die studie moontlik gemaak het.
- Die onderwysers wat gehelp het met die gebruik van hulle lokale by die naskoolsentrum.
- Die kinderrespondente en hul ouers, wat toestemming tot deelname gegee het om die studie moontlik te maak.
- Die Universiteit van Pretoria, vir 'n beurs wat hierdie studie moontlik gemaak het en my die geleentheid gebied het om die studie te voltooи.

## OPSOMMING

### Die gebruik van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare

**NAVORSER:** Mev A Steyn

**SUPERVISOR:** Dr MP le Roux

**GRAAD:** MMW in Spelgebaseerde Intervensie

**INSTELLING:** Universiteit van Pretoria

---

Terapeutiese intervensies met kinders steun op die gebruik van spelmateriale as gespreksmedium. In Gestaltpelterapie word spelmateriale benut met die aanname dat kinders hul denke en gevoelens op die spelmateriale projekteer. Projeksie skep 'n gevoel van veiligheid wat daar toe bydra dat kinders inligting bespreek wat hul andersins nie sou opper nie. Handpoppe is 'n speltegniek wat verskeie voordele in die terapeutiese konteks inhoud. Een van die uitstaande kenmerke van handpoppe as speltegniek, is dat dit kommunikasie in die terapeutiese konteks kan bevorder. Handpoppe kan tydens individuele intervensie en in groepsverband gebruik word.

Die doel van hierdie studie was om die invloed van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare te bepaal. Vir die doel van die navorsing is opvoedkundige groepe wat op afkouery as onderwerp fokus met twee groepe kinders in die middelkinderjare geïmplementeer. Afknouery het 'n groot invloed op talle skoolkinders en is as 'n gepaste onderwerp vir die groepe beskou.

In die studie is 'n gemengde navorsingsbenadering gevolg, met toegepaste navorsing as die tipe navorsing. 'n Dominante minder dominante navorsingsontwerp is gevolg. 'n Multi-groep na-toets navorsingsontwerp is vir die kwantitatiewe navorsing gebruik, terwyl 'n kollektiewe gevallestudie-ontwerp vir die kwalitatiewe deel van die navorsing gebruik is. Kwantitatiewe data het gefokus op die kommunikasie en interaksiepatrone tydens groepsessies waar handpoppe gebruik is teenoor dié sonder die gebruik van handpoppe. Data is deur middel van gestructureerde observasie aan die hand van 'n observasieskedule ingesamel. Kwalitatiewe data het gefokus op die respondent se ervaring van die benutting van handpoppe tydens groepwerk. Semi-gestructureerde onderhoude met die benutting van 'n semi-gestructureerde onderhoudskedule is gebruik om laasgenoemde data in te samel.

'n Totaal van 10 respondentie is op grond van doelgerigte steekproefseleksie vanuit kinders in die middelkinderjare wat 'n naskoolsentrum bygewoon het, geselekteer. Eenvoudige ewekansige steekproefseleksie is gebruik om die respondentie in twee groepe van vyf respondentie elk in te deel. Dieselfde groepwerkprogram is aan albei groepe aangebied.

Die navorsingsbevindinge toon aan dat die benutting van handpoppe oor die algemeen voordelig vir die kommunikasie en interaksiepatrone in die twee groepe was. Dit het tot 'n verhoging van bydraes en van die inisiëring van gesprekke in die groepe geleid. Die respondentie het groter betrokkenheid by die groep getoon en was meer geneig om ander groeplede in die groepsgesprek in te sluit. Respondente was ook minder geneig om bloot die mening van ander te volg wanneer handpoppe gebruik is. Die meeste respondentie het aangetoon dat hulle dit geniet het om deur die handpoppe te praat. Die benutting van handpoppe het egter nie daartoe bygedra dat sensitiewe onderwerpe met negatiewe elemente meer geredelik bespreek is nie. Sommige respondentie het dit moeilik gevind om gelyktydig op die groepsgesprek en op die manipulering van die handpoppe te fokus, terwyl ander meer geneig tot aandagsoekendende gedrag was wanneer handpoppe gebruik is.

Die studie kan as 'n eksploratiewe studie met 'n beperkte aantal respondentie beskou word. Die gevolgtrekking word gemaak dat die benutting van handpoppe wel die kommunikasie en die interaksiepatrone tydens groepwerk met kinders kan bevorder. Weens die belowende resultate stel die navorsing voor dat verdere navorsing oor die benutting van handpoppe as gespeksmedium tydens groepwerk gedoen word.

#### **KERNKONSEPTE:**

- Handpoppe
- Spelmateriale
- Gespreksmedium
- Groepwerk
- Middelkinderjare

## ABSTRACT

**The utilisation of puppets as a medium for communication during group work with children in middle childhood**

**(Die gebruik van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare)**

**RESEARCHER:** Mrs A Steyn

**SUPERVISOR:** Dr MP le Roux

**DEGREE:** MSW in Play-based Intervention

**INSTITUTION:** University of Pretoria

---

Therapeutic intervention with children relies on the use of play materials as medium for communication. Within Gestalt play therapy play materials are utilised with the assumption that children will project their thoughts and feelings onto the play materials. Projection creates a sense of safety that allows children to discuss information that they generally would not raise. The use of puppets as play technique has many advantages in the therapeutic context. One of the key characteristics of puppets as play technique, is that it tends to enhance communication in the therapeutic context. Puppets are suitable for intervention in individual and group contexts.

The goal of this study was to determine the influence of puppets as medium for communication in group work with children in middle childhood. Educational groups that focused on bullying as a topic of discussion were implemented with two groups of children in middle childhood. Bullying has a significant effect on many school-age children and was regarded as an appropriate topic for the groups.

The research was based on a mixed methods research approach, with applied research as the type of research. A dominant less dominant research design was followed. A multi-group post-test research design was used for the quantitative research, whereas a collective case study design was used for the qualitative part of the study. Quantitative data collection focused on the communication and the interaction patterns during group sessions where puppets were utilised compared to sessions without the use of puppets. Data were collected by means of structured observation with the use of an observation schedule. Qualitative data collection focused on the respondents' experience of the use of puppets during group work.

Semi-structured interviews that were guided by a semi-structured interview schedule were used to collect the qualitative data.

A total of 10 respondents were selected by means of purposive sampling from children in middle childhood who attended a after school centre. Simple random sampling were used to divide the respondents into two groups of five respondents each. The two groups were exposed to the same group work programme.

The research findings indicate that the use of puppets generally showed positive results in respect of the communication and interaction patterns in the two groups. The use of puppets resulted in an increase of contributions and in the initiation of discussions by the respondents. Furthermore, the respondents showed greater involvement in the group and tended to more readily include other group members in the group discussion. When using puppets, the respondents were less likely to follow the opinion of other group members. Most of the respondents indicated that they enjoyed talking through the puppets. The use of puppets did however not enhance discussions of sensitive topics that focused on negative elements. Some of the respondents found it difficult to concentrate on the group discussion and manipulate the puppet at the same time and some exhibited more attention seeking behaviours when using the puppets in the group session.

The study can be regarded as an exploratory study with a limited number of respondents. The conclusion is made that the use of puppets could benefit the communication and the interaction patterns during group work with children. Due to the promising results, the researcher recommends that further research be conducted on using puppets as medium for communication during group work.

#### **KEY CONCEPTS:**

- Puppets
- Play materials
- Medium of discussion
- Group work
- Middle childhood

## INHOUDSOPGawe

VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID	i
DANKBETUIGINGS	ii
OPSOMMING	iii
ABSTRACT	iv

### HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING TOT DIE STUDIE

1.1	INLEIDING	1
1.2	TEORETIESE RAAMWERK	5
1.3	RASIONAAL EN PROBLEEMSTELLING	7
1.4	DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE	9
1.5	OPSOMMING VAN DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE	9
1.6	DEFINISIE VAN KERNKONSEPTE	11
1.7	BEPERKINGS VAN DIE STUDIE	12
1.8	INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG	12

### HOOFSTUK 2: HANDPOPPE AS GESPREKS MEDIUM TYDENS GROEPWERK MET KINDERS

2.1	INLEIDING	13
2.2	SPEL AS GESPREKS MEDIUM MET KINDERS	13
2.3	HANDPOPPE AS SPELTEGNIEK	16
2.3.1	Voordele verbonde aan die benutting van handpoppe	17
2.3.2	Doelwitte met die gebruik van handpoppe	18
2.3.3	Riglyne vir die benutting van handpoppe	20
2.4	GROEPWERK MET KINDERS	23
2.4.1	Voordele en beperkings van groepwerk met kinders	23
2.4.2	Groepsdynamika en groepsproses	25
2.4.2.1	Tipe groep	26
2.4.2.2	Ontwikkelingstadium van die groep	27
2.4.2.3	Groepsamestelling	28
2.4.2.4	Oop of geslote groepe	29
2.4.2.5	Inhoud van die program	30

2.5	GROEPS DINAMIKA: KOMMUNIKASIE EN INTERAKSIEPATRONE	30
2.5.1	Groepskohesie	31
2.5.2	Sosiale integrasie en invloed	31
2.5.3	Groepskultuur	32
2.5.4	Kommunikasie en interaksiepatrone	32
2.5.4.1	Verbale- en nie-verbale kommunikasie	34
2.5.4.2	Interaksiepatrone	40
2.6	DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE	44
2.6.1	Fisiese ontwikkeling	45
2.6.2	Kognitiewe ontwikkeling	45
2.6.3	Emosionele ontwikkeling	46
2.6.4	Sosiale ontwikkeling	47
2.7	SAMEVATTING	48

### **HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETOLOGIE EN EMPIRIESE BEVINDINGE**

3.1	INLEIDING	49
3.2	NAVORSINGSMETOLOGIE	49
3.2.1	Navorsingsbenadering	49
3.2.2	Tipe navorsing	50
3.2.3	Navorsingsontwerp	50
3.2.4	Navorsingsmetodes	51
3.2.4.1	Populasie en steekproef	51
3.2.4.2	Data-insamelingsmetodes	52
3.2.4.3	Data-analise	55
3.2.4.4	Loodsstudie	58
3.3	ETIESE OORWEGINGS	59
3.3.1	Voorkoming van skade	60
3.3.2	Ingeligte toestemming en vrywillige deelname	60
3.3.3	Privaatheid, konfidensialiteit en anonimiteit	61
3.3.4	Misleiding van respondenten	62
3.3.5	Ontlonting van respondenten	62
3.3.6	Bevoegdheid van die navorser	62

3.3.7	Publikasie van bevindinge	62
3.4	<b>EMPIRIESE BEVINDINGE</b>	63
3.4.1	<b>AFDELING A: BIOGRAFIESE BESONDERHEDE</b>	63
3.4.1.1	Ouderdom van die respondent	63
3.4.1.2	Geslag van die respondent	63
3.4.1.3	Huistaal en skoolgraad van die respondent	64
3.4.2	<b>AFDELING B: KWANTITATIEWE NAVORSINGSBEVINDINGE</b>	65
3.4.2.1	Die aanbieding van die groepwerkprogram	65
3.4.2.2	Kommunikasie en interaksiepatrone as dimensie van groepsdinamika	67
3.4.2.2.1	Verbale- en nie-verbale kommunikasie in die groep	68
3.4.2.2.2	Interaksiepatrone	73
3.4.3	<b>AFDELING C: KWALITATIEWE BEVINDINGE</b>	78
3.4.3.1	Tema 1: Die keuse van die handpoppe	79
3.4.3.2	Tema 2: Gesprekvoering deur die handpoppe	80
3.4.3.3	Tema 3: Die manipulering van die handpoppe	82
3.4.3.4	Tema 4: Deelname en konsentrasie in die groep	83
3.4.4	<b>BESPREEKING VAN KWANTITATIEWE- EN KWALITATIEWE NAVORSINGSBEVINDINGE</b>	86
3.4.5	<b>SAMEVATTING</b>	90

#### **HOOFTUK 4: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

4.1	<b>INLEIDING</b>	91
4.2	<b>KERNBEVINDINGE VAN DIE STUDIE</b>	91
4.2.1	Literatuurstudie en teoretiese benadering	91
4.2.2	Die invloed van handpoppe op kommunikasiepatrone in die groepe	92
4.2.3	Die invloed van handpoppe op interaksiepatrone in die groepe	92
4.2.4	Groeplede se ervaring van die benutting van handpoppe	93
4.2.5	Vergelyking tussen die twee groepe	94
4.3	<b>GEVOLGTREKKINGS</b>	95
4.4	<b>AANBEVELINGS</b>	96
4.5	<b>BEREIKING VAN DIE DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE</b>	97
4.6	<b>SAMEVATTENDE STELLING</b>	98

## **BRONNELYS** 100

### **LYS VAN TABELLE:**

Tabel 1: Ouderdom en skoolgraad van respondentie	64
Tabel 2: Samestelling van die groepe	64
Tabel 3: Verbale- en nie-verbale kommunikasie	68
Tabel 4: Algemene interaksiepatrone	74

### **LYS VAN FIGURE**

Figuur 1: Verbale- en nie-verbale kommunikasie tydens sessies met en sonder die gebruik van handpoppe	69
Figuur 2: Interaksiepatrone tydens sessies met en sessies sonder die gebruik van handpoppe	75

### **BYLAES**

Bylaag A: Gestruktureerde observasieskedule	105
Bylaag B: Semi-gestruktureerde onderhoudskedule	107
Bylaag C: Etiese klaring: Nagraadse- en Etiekkomitee	109
Bylaag D: Toestemmingsbrief van naskoolsentrum	111
Bylaag E: Brief van ingeligte toestemming: respondentie	113
Bylaag F: Brief van ingeligte toestemming: ouers/voogde	116

## HOOFSTUK 1

### ALGEMENE INLEIDING TOT DIE STUDIE

#### 1.1 INLEIDING

Die fokus van hierdie studie was op die benutting van handpoppe as 'n gespreksmedium tydens groepwerk met kinders. Spel is 'n natuurlike manier van kommunikasie vir kinders (Landreth, 2012:9). In terapeutiese intervensie met kinders word speltegnieke dus beskou as 'n gepaste medium om kinders te help om hul gedagtes en gevoelens uit te druk (Henderson & Thompson, 2011:560).

Gestaltpelterapie steun sterk op die gebruik van speltegnieke as gespreksmedium om kinders te help om uitdrukking aan hul onderdrukte emosies en gedagtes te gee (Geldard, Gedard & Yin Foo, 2013:40). Volgens die Gestaltbenadering sal kinders hul gedagtes en emosies op die spelmedium projekteer en inligting bespreek wat hul andersins nie bekend sou maak nie (Blom, 2006:128; Schoeman, 2001:65). Aangesien projeksie behels dat kinders hul eie ervarings op iets of iemand anders projekteer, gebeur dit dat die inligting wat die kind deur die benutting van speltegnieke bekend maak, 'n beeld van hul eie ervarings, gedagtes en emosies sal gee (Corey, 2013:199; Oaklander, 2006:37). Verskeie kreatiewe- en projektiewe tegnieke, byvoorbeeld teken, sand, klei, stories, musiek, drama en handpoppe kan as gespreksmedium gebruik word (Blom, 2006:128; Henderson & Thompson, 2011:578). Elk van hierdie speltegnieke het unieke kenmerke en hou spesifieke voordele in (Geldard et al., 2013:174). In hierdie studie was die fokus op die benutting van handpoppe as gespreksmedium.

Verskillende tipes handpoppe kan as gespreksmedium tydens terapeutiese intervensie met kinders gebruik word, onder meer handpoppe, vingerpoppe en sagte speelgoed (Blom, 2006:165; Geldard et al., 2013:233). Die terapeut<sup>1</sup> stel 'n wye verskeidenheid handpoppe beskikbaar waaruit die kind kan kies (Blom, 2006:165; Epstein, Stevens, McKeever, Baruchel & Jones, 2008:50); onder meer handpoppe wat 'n familie, professionele persone, diere of emosies kan voorstel (Dillen,

<sup>1</sup> In hierdie studie word die terme 'terapeut' en 'maatskaplike werker' afwisselend gebruik om te verwys na 'n professionele persoon wat terapeutiese dienste aan kinders bied.

Siongers, Helskens & Verhofstadt-Denève, 2009:61; Geldard et al., 2013:236). Die benutting van handpoppe gee aan kinders die vryheid om hul verbeelding of fantasie te gebruik om uitdrukking aan hul emosies en gedagtes te gee (Geldard et al., 2013:181). In Gestaltpelteerapie kan handpoppe op 'n direktiewe- of op 'n spontane wyse aangewend word (Blom, 2006:166-167).

In die literatuur word daar op verskeie voordele verbonde aan die gebruik van handpoppe as speltegniek gewys. Hierdie voordele behels onder meer dat die manipulering van die handpoppe kinders in beheer laat voel en tot 'n gevoel van bemeesteriging bydra omdat dit nie spesifieke vaardighede vereis nie, dat die benutting van handpoppe insig bevorder en dat dit kinders help om nuwe denke, gedrag of probleemoplossende vaardighede te leer (Blom, 2006:163; Geldard et al., 2013:234-235; Jäger & Ryan, 2007:446). Die genoemde auteurs beklemtoon een van die mees belangrike voordele van handpoppe, naamlik dat dit 'n spelmedium is wat veiligheid skep sodat kinders op 'n nie-bedreigende manier oor hul emosies en gedagtes kan praat. Handpoppe word dus as 'n effektiewe speltegniek beskou wat tydens intervensie met kinders in individuele en in groepsverband gebruik kan word (Dillen et al., 2009:61; Geldard et al., 2013:176).

Groepwerk is 'n intervensiemetode waar die behoeftes van die groeplede binne groepsverband hanteer word (Toseland & Rivas, 2012:11). Groepwerk hou verskeie voordele vir kinders in. Kinders kan byvoorbeeld sosiale vaardighede aanleer, met nuwe gedrag eksperimenteer, aan stimulerende ervarings blootgestel word, ondersteuning ervaar, minder geïsoleerd voel en meer oor hulself en ander leer (Geldard et al., 2013:95; Oaklander, 2006:175; Sweeney, Baggerly & Ray, 2014:24; Toseland & Rivas, 2012:16; Zastrow, 2012:51).

Oaklander (2006:175) beskou 'n groep as 'n klein, geïsoleerde omgewing waar kinders bewus kan word van hul gedrag asook nuwe gedrag kan aanleer. In groepwerk met kinders word speltegnieke, byvoorbeeld verf en klei, gebruik om die groepsgesprek te faciliteer (Oaklander, 199:173; Sweeney et al., 2014:24). Die groepwerker is verantwoordelik om die groepsproses te faciliteer en moet derhalwe

bewus wees van die groepsdinamika in die groep sodat die doelstelling van die groep bereik kan word (Geldard et al., 2013:100, 159; Toseland & Rivas, 2012:69).

Groepsdinamika berus op vier dimensies, te wete kommunikasie en interaksiepatrone; groepskohesie; sosiale integrasie en invloed; en groepskultuur (Toseland & Rivas, 2012:69). Die navorsing het belang gestel in die moontlike invloed van die benutting van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders. Vanweë die klem op handpoppe as gespreksmedium, is daar in hierdie studie op die eerste dimensie van groepsdinamika, naamlik kommunikasie en interaksiepatrone gefokus.

In groepsverband fokus kommunikasie op die verbale- of nie-verbale wyse waarop die groeplede onderling en met die groepswerker in gesprek tree (Conyne, 2014:69; Toseland & Rivas, 2012:70; Zastrow, 2012:161). Interaksiepatrone verwys na die manier hoe groeplede aan die groep deelneem, dus die patronen van onderlinge kommunikasie of interaksie tussen die groeplede (Conyne, 2014:49; Toseland & Rivas, 2012:74). Waarneming word as 'n gepaste metode beskou om die funksionering van die groep te assesseer (Toseland & Rivas, 2012:236, 240). Die navorsing het derhalwe daarin belang gestel om die kommunikasie en interaksiepatrone tydens groepwerk met kinders met en sonder die benutting van handpoppe as gespreksmedium waar te neem. Vir die doel van die navorsing is groepwerk met kinders in die middelkinderjare gedoen.

Tydens die middelkinderjare, dus die ouderdom tussen ongeveer sewe en twaalf jaar, brei kinders se leefwêreld en hul sosiale interaksie met ander aanmerklik uit (Louw & Louw, 2014:225). Kinders begin toenemend om die vaardighede te bemeester wat hul voorberei op die take wat hulle later as volwassenes sal uitvoer (Berk, 2013:6). Hul fisiese ontwikkeling behels die ontwikkeling van die brein en van groot- en kleinmotoriese vaardighede wat hulle onder meer in staat stel om te skryf en te teken en om aan fisiese aktiwiteite en sport deel te neem (Berk, 2013:181; Louw & Louw, 2014:227).

Op kognitiewe vlak is daar aanmerklike ontwikkeling in kinders in die middelkinderjare se vermoë tot logiese denke, hul konsentrasie en geheue, asook hul vermoë om ander se standpunt in te neem (Berk, 2013:249, 252; Louw & Louw, 2014:231-233). Hul woordeskat en taalvaardighede brei uit en hulle is in staat om tussen fantasie en realiteit te onderskei (Henderson & Thompson, 2011:33; Louw & Louw, 2011:234). Tog speel fantasie steeds 'n groot rol in hul lewe en is simboliese spel 'n natuurlike aktiwiteit tydens die middelkinderjare (Blom, 2006:163).

Emosionele ontwikkeling tydens die middelkinderjare behels dat kinders emosies verstaan, bewus is van die oorsake van verskillende emosies, hul emosies kan reguleer, en empatie met ander kan toon (Louw & Louw, 2014:259-260; Santrock, 2009:322). As gevolg van hierdie vaardighede kan kinders hul emosies volgens die sosiale norme uitdruk (Berk, 2013:413).

Sosiale ontwikkeling behels die bemeesterung van die basiese vaardighede wat tot 'n gevoel van arbeidzaamheid bydra, asook die vaardighede om met ander saam te werk (Berk, 2013:16). Kinders in die middelkinderjare begin met hul formele skoolonderrig en die ontwikkeling van emosionele- en sosiale vaardighede stel hul in staat om op 'n positiewe wyse in die wyer omgewing en in die portuurgroep op te tree (Berk, 2013:610; Louw & Louw, 2014:274). Die verhouding met die portuurgroep speel in belangrike rol in die kind se sosio-emosionele welsyn, met die gevolg dat verwering deur die portuurgroep negatiewe gevolge vir kinders se emosionele welstand en selfbeeld kan hê (Berk, 2013:619; Louw & Louw, 2014:279; Santrock, 2009:335).

In geheel beskou, stel kinders in die middeklinderjare se fisiese-, kognitiewe-, emosionele- en sosiale ontwikkeling hul in staat om in 'n groepsituasie deel te neem. Hierdie vermoë berus onder meer op hul groter taalvaardighede, meer logiese denke, vermoë om ander se standpunt in te sien, hul begrip van emosies en hul sosiale vaardighede. Die ontwikkeling van hul fynmotoriese vaardighede en die feit dat fantasie steeds 'n belangrike rol in die middelkinderjare speel, behoort hul in staat te stel om handpoppe te manipuleer en dit in gesprekvoering te gebruik.

In hierdie studie is groepwerk met twee groepe kinders gedoen. Die navorser het van opvoedkundige groepe gebruik gemaak (Toseland & Rivas, 2012:13) en het afknouery as onderwerp gekies omdat dit as 'n gepaste onderwerp vir kinders in die middelkinderjare beskou word (Henderson & Thompson, 2011:606). Die Gestaltbenadering het as teoretiese raamwerk vir die studie gedien.

## 1.2 TEORETIESE RAAMWERK

Die rol van die groepwerker word bepaal deur die teoretiese benadering wat gevolg word (Geldard et al., 2013:15). Die Gestaltbenadering fokus op bewusheid in die hier-en-nou en op onmiddellike ervaring (Bitter, 2004:358; Blom, 2006:17). Die doel van Gestaltterapie is om die persoon te help om bewusheid van sy/haar ervaring in totaliteit te bevorder; dus sy/haar funksionering as 'n holistiese entiteit. Die konsepte van Gestaltteorie wat as mees relevant vir die navorsing beskou is, naamlik kontak en bewusheid, word in hierdie afdeling bespreek.

Die konsep *kontak* verwys daarna dat die kind in aanraking is met wat op die huidige oomblik, dus in die hier-en-nou, gebeur. Gesonde kontak word beskou as die kind se vermoë om met die self en die omgewing in aanraking te wees deur die volle gebruik van die sintuie, bewusheid van die liggaam, die uitdruk van emosies, asook die benutting van die intellek om idees, gedagtes en behoeftes uit te spreek (Blom, 2006:29). Oaklander (2006:22) beskou kontak as 'n noodsaaklike element in 'n persoon se funksionering en stel dit soos volg: "Nothing much happens without some contact present." Kontak vereis dus dat die kind sy kontakvaardighede optimaal benut. Kontakvaardighede of die "hoe" van kontak, sluit tas, visie, luister, smaak, reuk, taal, gebare en beweging in en stel kinders in staat om van hul behoeftes bewus te word en dit aan te spreek (Blom, 2006:31; Henderson & Thompson, 2011:225; Oaklander, 2006:22). In die konteks van hierdie studie hou kommunikasie en interaksiepatrone tydens groepwerk dus direk met kontakmaking en die benutting van kontakvaardighede verband.

Oaklander (1988), die baanbreker op die gebied van Gestaltpelteerapie, het speltegnieke as kommunikasiemedium gebruik om kinders te help om oor hul emosies en gedagtes te praat (Geldard et al., 2013:40). Die onderliggende rasional

is dat die benutting van speltegnieke kinders in staat stel om deur middel van 'n projektiwe proses, wat fantasie insluit, te kommunikeer op 'n manier wat eie is aan die kind (Oaklander, 2006:37). Die aard van projeksie is dat die kind sy/haar eie ervaring gebruik en dit op iemand anders of op objekte verplaas, met die gevolg dat die kind meer vrymoedigheid het om oor sensitiewe kwessies te praat en sy/haar eie siening te gee (Geldard et al., 2013:233). Handpoppe as speltegniek berus op projeksie en kan dus kinders help om hul kontakvaardigede te benut.

Kontak berus op die vermoë om ten volle in die oomblik of die hier-en-nou te funksioneer, wat verwys na die Gestaltkonsep *bewustheid* (Oaklander, 2006:22). Bewustheid dui daarop dat die kind sy/haar sintuie gebruik om sy/haar aandag ten volle op die huidige oomblik te fokus (Henderson & Thompson, 2011:224). Bewustheid is altyd in die hier-en-nou; dus is die fokus op 'n persoon se gedagtes en gedrag in die hede, al spruit dit uit die verlede. Volgens Gestaltteorie is bewustheid 'n voorvereiste vir kontak, terwyl effektiewe kontak nodig is om groei en verandering teweeg te bring (Corey, 2013:199).

Die doel van projeksie is om kwessies in die hier-en-nou te plaas. Met die gebruik van handpoppe raak die kind direk betrokke by die manipulering van die handpop en raak so persoonlik by 'n bepaalde situasie betrokke (Geldard et al., 2013:233). In die geval van die navorsing, verwys die bepaalde situasie na die groepsgesprek oor afknouery. 'n Belangrike beginsel is dat die kind se projeksie nie geïnterpreteer word nie, maar met die kind geverifieer word (Blom, 2012:134). Hierdie proses bevorder die kind se kontak met sy/haar ervarings en emosies en ondersteun dus die Gestaltdoelwit van bevordering van bewustheid en kontak in die hier-en-nou (Henderson & Thompson, 2011:599).

Oaklander (2006:182) is van mening dat 'n groep 'n veilige omgewing skep waarin kinders met die leiding van die groepswerker met nuwe gedrag en sienswyses kan eksperimenteer. Sy handhaaf die mening dat 'n groep die ideale konteks vir intervensie met kinders bied aangesien die groepsituasie kinders se kontakvaardighede bevorder.

In die opvoedkundige groep word 'n bepaalde onderwerp gebruik om die groepsproses te faciliteer (Masson, Jacobs, Harvill & Schimmel, 2012:90). Handpoppe bied veiligheid en kan moontlik die groeplede in staat stel om op 'n niebedreigende manier aan die groepsgesprek deel te neem (Geldard et al., 2013:233; Jäger & Ryan, 2007:446). Op hierdie wyse kan bewustheid ten opsigte van hul gedagtes en emosies bevorder word en kan die handpoppe mee help dat groeplede hul kontakvaardighede gebruik om hul idees met die groep te deel. Kontak en bewustheid is kernkonsepte in Gestaltteorie en gevvolglik is hierdie teorie as gepas vir die studie beskou.

### **1.3 RASIONAAL EN PROBLEEMSTELLING**

Die benutting van handpoppe en van groepwerk word beide as relevant tot maatskaplike werk hulpverlening aan kinders beskou. Die benutting van handpoppe hou 'n verskeidenheid voordele in. Kinders geniet dit om met handpoppe te speel en ervaar 'n gevoel van bemeesterding deurdat handpoppe maklik hanteerbaar is, terwyl die veiligheid wat handpoppe bied die kind 'n geleentheid tot die uitdrukking van gedagtes en emosiese gee (Blom, 2006:163; Geldard et al., 2013:178, 233; Jäger & Ryan, 2007:446; Van der Merwe, 2001:133-134). Handpoppe bied aan kinders die vryheid om hul verbeelding te gebruik en word beskou as 'n gepaste tegniek vir modellering en die aanleer van probleemoplossing en sosiale vaardighede (Blom, 2006:163; Geldard et al., 2013:179, 181).

'n Besondere kenmerk van die benutting van handpoppe, is die positiewe bydrae wat dit kan lewer tot die kind se vermoë om te kommunikeer. Op grond van die proses van projeksie, word aanvaar dat kinders hul gedagtes en emosies op die handpop projekteer en dus veiliger voel om oor hul gedagtes en emosies te praat (Blom, 2006:163; Geldard et al., 2013:177; Jäger & Ryan, 2007:446). Die ervaring van veiligheid kan meebring dat hulle minder beperkings plaas op die uitdrukking van hul idees, emosies, gedrag en persoonlikheid (Blom, 2006:163-164; Geldard et al., 2013:233; Jäger & Ryan, 2007:446).

Handpoppe word as 'n effektiewe speltegniek beskou in die konteks van individuele terapie en in groepswerk (Geldard et al., 2013:176). Aangesien handpoppe afstand

bied en sodoende aan kinders die vrymoedigheid gee om positiewe- sowel as negatiewe aspekte van hul ervarings of van situasies te bespreek, beskou Dillen et al. (2009:61) handpoppe as 'n gepaste speltegniek om tydens groepwerk te gebruik.

Groepwerk word as 'n waardevolle intervensiemetode met kinders beskou. Die voordele van groepwerk vir kinders behels onder meer dat groepe 'n stimulerende omgewing bied, dat groepsterugvoer en groepsdruk voordelig vir verandering is, en dat kinders idees kan uitruil, ondersteuning ontvang, sosiale vaardighede aanleer en met nuwe gedrag eksperimenteer (Geldard & Geldard, 2001:4-6; Geldard et al., 2013:95; Oaklander, 2006:175; Toseland & Rivas, 2012:16; Zastrow, 2012:51).

Die ontwikkeling van positiewe groepsdinamika is een van die belangrikste faktore wat die sukses van groepwerk bepaal (Toseland & Rivas, 2012:68-69). Die waarde van terapeutiese groepe word verhoog wanneer groeplede die geleentheid kry om in die groep te kommunikeer en aan groepsbespreking en -aktiwiteite deel te neem (Toseland & Rivas, 2012:17-18). Weens die voordele van handpoppe ten opsigte van die bevordering van kommunikasie, kan die benutting van handpoppe daartoe bydra dat kinders meer aan die groepsgesprek deelneem en dat die waarde van die groep vir die groeplede dus verhoog word.

In 'n literatuuresoektog deur middel van die elektroniese platforms van die biblioteek van die Universiteit van Pretoria het die navorser beperkte bronne oor die benutting van handpoppe gevind. Epstein et al. (2008:49) noem dat die meerderheid van navorsing fokus op die gebruik van handpoppe as 'n terapeutiese hulpmiddel tydens spelterapie, maar selde as 'n gespreksmedium. Henderson en Thompson (2011:583) stel dit dat die benutting van handpoppe in groepsverband wel geëksplloreer is. Twee studies waarna hul verwys is egter reeds in 1988 en 1994 onderneem. Die gebrek aan resente literatuur het aan die navorser die geleentheid gebied om 'n studie te doen oor die benutting van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders.

Die volgende navorsingsvraag is vir die studie gestel: Wat is die invloed van handpoppe as gespreksmedium op die kommunikasie en interaksiepatrone tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare?

#### **1.4 DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE**

Die doel van die studie was om die invloed van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare te bepaal.

Die doelwitte van die studie was soos volg:

- Om die benutting van handpoppe as speltegniek en spesifiek as gespreksmedium, teoreties te kontekstualiseer;
- Om groepwerk met kinders teoreties te kontekstualiseer, met spesifieke verwysing na kinders in die middelkinderjare;
- Om die invloed van handpoppe as gespreksmedium op die kommunikasie en interaksiepatrone tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare te bepaal;
- Om respondent se ervaring van die gebruik van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk te eksplorere en te beskryf;
- Om aanbevelings te maak ten opsigte van die gebruik van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare.

#### **1.5 OPSOMMING VAN DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE**

Die gemengde navorsingsbenadering is in die studie gevolg om beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data in te samel (Creswell, 2009:3; Delport & Fouché, 2011:434). Die navorsing het 'n eksploratiewe en beskrywende doelwit gehad met die oog daarop dat die navorsing meer inligting oor die navorsingsonderwerp kon inwin en dan die benutting van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders kon omskryf (Fouché & De Vos, 2011:95-96). Toegepaste navorsing was relevant tot die studie, aangesien die navorsing aanbevelings ten opsigte van die benutting van handpoppe wou maak (Welman, Kruger & Mitchell, 2012:26).

Die dominante minder dominante navorsingsontwerp is vir die studie gebruik. Die kwantitatiewe navorsingsbenadering was die dominante metode en die kwalitatiewe benadering die minder dominante metode (Delport & Fouché, 2011:443).

Vir die kwantitatiewe benadering is 'n multi-groep na-toets navorsingsontwerp gevvolg (Fouché, Delport & De Vos, 2011:148). Gestruktureerde observasie is as data-insamelingsmetode gebruik om te bepaal of handpoppe (die onafhanklike veranderlike) 'n invloed het op die kommunikasie en interaksiepatrone (afhanklike veranderlike) van twee groepe respondentē<sup>2</sup> (Delport & Roestenburg, 2011:182). Observasie is ook deur 'n mede-waarnemer gedoen om die betroubaarheid van die studie te verhoog (Delport & Roestenburg, 2011:182; Forsyth, 2014:30). Aandag is geskenk aan sig-, inhouds- en konstrukgeldigheid om tot die geldigheid van die meetinstrument by te dra (Delport & Roestenburg, 2011:172-175; Welman et al., 2012:142). Kwantitatiewe data-analise is op grond van beskrywende statistieke uitgevoer (Fouché & Bartley, 2011:251; Welman et al., 2012:231).

In die kwalitatiewe deel van die studie is 'n kollektiewe gevallestudie-ontwerp gebruik om die respondentē se ervaring van die benutting van handpoppe in die groepe te eksplorieer (Cresswell, 2009:13; Fouché & Schurink, 2011:321-322). Kwalitatiewe data is deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel (Greeff, 2011:352) en data-analise is aan die hand van die proses vir kwalitatiewe data-analise soos deur Schurink, Fouché en De Vos (2011:402-419) beskryf, gedoen. Die navorser het metodes soos triangulasie van data, self-refleksie en uitklaring met respondentē gebruik om die betroubaarheid van die bevindinge te verhoog (Lietz, Langer & Furman, 2006:447, 453; Schurink et al., 2011:419-422). Voorts is 'n loodsstudie uitgevoer op grond waarvan die kwantitatiewe- en kwalitatiewe data-insamelingsmetodes verfyn is (Welman et al., 2012:148).

Die populasie vir die studie het bestaan uit kinders in die middelkinderjare wat 'n bepaalde naskoolsentrum bywoon (Singh, 2007:88). Doelgerigte steekproefseleksie is gebruik om 'n aantal kinders te selekteer wat aan sekere kriteria voldoen het (Denscombe, 2007:17; Maree & Pieterson, 2007:178). Die finale steekproef het uit

<sup>2</sup> Weens die dominante kwantitatiewe deel van die studie, word daar deurgaans na respondentē verwys; ook wanneer die kwalitatiewe steekproeftrekking en -navorsingsbevindings bespreek word.

10 respondentē bestaan wat vrywillig aan die studie deelgeneem het. Die respondentē is volgens 'n eenvoudige ewekansige steekproefwyse in twee groepe van vyf respondentē elk ingedeel (Welman et al., 2012:56). Die respondentē was Afrikaanssprekende seuns en dogters tussen die ouderdom van agt en 11 jaar. Relevante etiese oorwegings is tydens die studie nagevolg. Die feit dat kinders kwesbaar is (Epstein et al., 2008:52) is deurgaans in ag geneem.

## 1.6 DEFINISIE VAN KERNKONSEPTE

Die volgende konsepte was relevant tot die studie:

- **Groepwerk**

Groepwerk is 'n doelgerigte aktiwiteit wat binne groepsverband aangebied word met die oog daarop om die behoeftes van die groeplede aan te spreek (Toseland & Rivas, 2012:11). Groepe kan behandelings- of taak-geörienteerd wees. In hierdie studie verwys groepwerk na die implementering van 'n opvoedkundige groep as 'n behandelingsgeörienteerde groep (Toseland & Rivas 2012:13). Die doel van opvoedkundige groepe vir kinders is om inligting te verskaf wat die kind vir sy/haar alledaagse funksionering toerus (Geldard et al., 2013:97).

- **Handpoppe**

Handpoppe is 'n speltegniek wat tydens intervensie met kinders benut kan word. Speltegnieke verwys na spelmateriale wat gebruik word sodat kinders hulself op 'n ouderdomsgepaste wyse kan uitdruk (Henderson & Thompson, 2011:574-575). Met die benutting van handpoppe kommunikeer die kind *deur* die handpop en nie net *met* die handpop nie, in 'n proses waar fantasie en die werklikheid gekombineer word (Van der Merwe, 2001:132). Daar is verskillende soorte handpoppe, byvoorbeeld handpoppe, vingerpoppe en sagte speelgoed (Blom, 2006:165; Geldard et al., 2013:233). Vir die doel van die studie verwys handpoppe na die eersgenoemde soort, dus na handpoppe wat die kind met een hand kan manipuleer.

- **Die kind in die middelkinderjare**

Die middelkinderjare verwys na die ouderdom tussen ses en twaalf jaar (Louw, Louw & Ferns, 2005:326). In hierdie studie het kinders in die middelkinderjare, tussen die ouderdomme van agt en elf jaar, as respondentē deelgeneem.

## 1.7 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Die navorsing beskou die volgende aspekte as leemtes in die navorsingstudie:

- Die steekproef was van 'n beperkte grootte, met die gevolg dat die navorsingsbevindinge nie veralgemeen kan word nie.
- Voorts is die navorsing by een naskoolsentrum uitgevoer, met 'n groep Afrikaanssprekende respondentie van een bevolkingsgroep. Die bevindinge kan dus nie na diverse kontekste ten opsigte van plek, taal of bevolkingsgroep veralgemeen word nie.
- Weens die bogenoemde beperkings sal verdere studies nodig wees om die onderwerp verder te eksplorieer.

## 1.8 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag word volgens die onderstaande hoofstukke aangebied:

**Hoofstuk 1** verskaf 'n algemene inleiding tot die studie, die rationaal en probleemstelling, teoretiese raamwerk, doel en doelwitte van die studie, 'n opsomming van die navorsingsmetodologie en 'n aanduiding van die beperkings van die studie.

**Hoofstuk 2** word afgestaan aan die literatuurstudie vir die navorsing. Die hooffokus van die hoofstuk is op die benutting van handpoppe tydens intervensie met kinders, groepwerk met kinders met spesifieke verwysing na kommunikasie en die interaksiepatrone in die groep, asook die kind in die middelkinderjare.

**Hoofstuk 3** van die navorsingsverslag sluit die beskrywing van die navorsingsmetodologie en die etiese oorwegings vir die studie in, waarna die empiriese bevinding bespreek word.

**Hoofstuk 4** verskaf die sleutelbevindinge van die studie, asook gevolgtrekkings en aanbevelings op grond van die navorsingsbevindinge.

## HOOFTUK 2

### HANDPOPPE AS GESPREKS MEDIUM TYDENS GROEPWERK MET KINDERS

#### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n literatuur-oorsig as agtergrond tot die navorsing gegee. Die fokus van die studie was op die invloed van die benutting van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare. Die volgende hooftemas word in hierdie hoofstuk bespreek: spel as gespreksmedium met kinders, handpoppe as speltegniek, groepwerk met kinders, kommunikasie en interaksiepatrone as 'n dimensie van groepwerk en die ontwikkelingskenmerke van die kind in die middelkinderjare.

#### 2.2 SPEL AS GESPREKS MEDIUM MET KINDERS

Die rol van spel in die ontwikkeling van die kind word universeel erken. Spel word beskou as 'n spontane en genotvolle aktiwiteit waardeur kinders hul wêreld kan verken, kan eksperimenteer en kan leer (Landreth, 2012:7-8; Santrock, 2009:271). Spel hou talle voordele vir kinders in, onder meer vir hul fisiese-, emosionele-, sosiale- en kognitiewe ontwikkeling (Berk, 2013:240; Louw & Louw, 2014:277; Santrock, 2009:271). Isenberg en Jalongo (2010:1-2) beklemtoon dat spel tot kinders se kognitiewe ontwikkeling bydra; hoofsaaklik op die volgende wyses:

- Probleemoplossing: deur te speel leer kinders om probleme op te los sonder om bewus te wees dat hulle dit wel doen.
- Beplanning: wanneer kinders 'n speletjie uitdink, ontwikkel hul die kognitiewe vaardighede onderliggend aan beplanning.
- Evaluasie: wanneer kinders mekaar met sekere take help, evaluateer hulle hulself en mekaar. Op hierdie wyse leer hulle ook van mekaar.

Die bogenoemde outeurs (Isenberg & Jalongo, 2010:2) kom tot die slotsom dat die kognitiewe vaardighede wat kinders deur middel van spel ontwikkel tot hul sukses op skool bydra aangesien alle probleme wat die kind in die leeromgewing ervaar, kognitiewe vaardighede vereis om antwoorde te beredeneer.

Spel is voorts 'n natuurlike manier van kommunikasie vir kinders (Landreth, 2012:9). In die terapeutiese konteks word speltegnieke as 'n gepaste medium gesien om kinders te help om hul gedagtes en gevoelens uit te druk (Henderson & Thompson, 2011:560). In terapeutiese intervensie met kinders word spel beskou as die kind se taal, terwyl spelmateriale as die kind se woorde beskou word (Henderson & Thompson, 2011:558-559; Landreth, 2012:12). Speltegnieke, onder meer teken, handpoppe, sandspel, stories, klei, musiek en drama, word dus benut om met kinders te kommunikeer (Henderson & Thompson, 2011:578).

In Gestaltpelterapie word speltegnieke as gespreksmedium met kinders gebruik, met die veronderstelling dat kinders hul gedagtes en emosies op die speltegniek projekteer (Blom, 2006:128). Projeksie impliseer dat die kind sy/haar eie ervaringe op die omgewing, dus op iemand anders, voorwerpe of spelmateriale verplaas en op hierdie manier aan hul gedagtes en emosies uiting gee (Corey, 2013:199; Schoeman, 2001:64). Projeksie word dikwels as 'n verdedigingsmeganisme gebruik en as sulks dien dit die volgende doelwitte in kinders se lewe (Blom, 2006:128-129; Schoeman, 2001:64):

- Projeksie skep 'n ruimte waarin die kind die eise wat die wêreld aan hom/haar stel, kan uitsorteer.
- Die kind gebruik projeksie as 'n strategie om situasies of gevoelens wat hy/sy nog nie kan hanteer nie, te vermy.
- Projeksie bied aan die kind 'n manier om sy/haar selfrespek te handhaaf.
- Projeksie bied 'n uitweg vir die kind wanneer hy/sy nie gereed is om kritiek en verwerping te hanteer nie.

Hoewel die oormatige benutting van projeksie daartoe kan lei dat kinders nie verantwoordelikheid vir hul emosies en gedrag aanvaar nie, kan projeksie ook op 'n positiewe wyse benut word (Blom, 2006:33-34). In Gestaltpelterapie word projeksietechnieke soos teken, klei, sand, stories en handpoppe benut om kinders te help om oor hul ervarings en emosies te praat (Blom, 2006:128; Geldard et al., 2011:40). Van belang vir die terapeutiese konteks, is dat die kind gedurende die proses van projeksie sy/haar eie persepsies, denkwyse en motivering op die

speltegniek projekteer en sodoende inligting oordra wat hy/sy andersins moeilik sou vind om te deel (Schoeman, 2001:65). Dit is dus waarskynlik dat inligting wat op grond van projeksie verkry word, aspekte van die kind se eie lewe, behoeftes, wense of emosies reflekteer (Oaklander, 2006:37). As voorbeeld van die benutting van projeksie, beskryf Schoeman (2001:67) die situasie van 'n kind wat sy/haar gesin in 'n sandbak uitbeeld. Die kind sal gewoonlik die gesinslede in die sandbak plaas volgens sy/haar persepsies van die rolle wat hulle in die gesin vervul.

Projeksie is aan fantasie gekoppel (Schoeman, 2001:64). Aangesien kinders se fantasieproses grootliks met hul lewensproses ooreenstem, kan die benutting van projeksie waardevolle inligting oor 'n kind se lewe verskaf (Geldard et al., 2013:40; Oaklander, 2007:11). Tydens projeksie is kinders meer geneë om oor situasies en emosies te praat wat hulle andersins weens vrees of weens die opvatting dat die inligting nie belangrik is nie, sou onderdruk (Schoeman, 2001:65). Blom (2006:33) verduidelik dat kinders derhalwe dikwels ongewenste gevoelens projekteer. Dit is byvoorbeeld vir 'n kind makliker om te sê dat sy pa altyd kwaad is vir hom, as om te sê dat hy die een wat kwaad is vir sy pa.

Elke speltegniek het unieke kenmerke en voordele en dit is derhalwe belangrik dat spelmedia of -tegnieke doelgerig geselekteer word. Geldard et al. (2013:174) beveel aan dat die volgende faktore by die seleksie van spelmedia in ag geneem word:

- Die ontwikkelingsvlak van die kind,
- Of terapeutiese intervensie in individuele- of groepsverband plaasvind, en
- Die doel van intervensie met die kind op 'n spesifieke stadium in die terapeutiese proses.

Van der Merwe (2001:13-14) gee 'n samevatting van die kriteria wat vir die seleksie van spelmateriaal voorgestel word:

- Die speltegniek moet oor meer as een funksie beskik,
- Dit moet die uitdrukking van emosies aanmoedig,
- Dit moet tot die bou van die terapeutiese verhouding bydra,

- Meer as een persoon moet tegelykertyd met die spelmateriaal kan speel sodat die kind die terapeut by die aktiwiteit kan betrek,
- Die speltegniek moet die terapeut help om insig in die kind se denke te kry,
- Dit moet die kind die geleentheid bied om die realiteit te toets,
- Dit moet die kind help om sy/haar behoeftes simbolies voor te stel, en
- Dit moet katarsis en die ontwikkeling van insig aanmoedig.

Spelmateriaal word dus as 'n noodsaaklike aspek van terapie met kinders beskou. Dit is belangrik dat die materiaal pas by elke individu se persoonlikheid, behoeftes en probleme asook by die beplanning vir intervensie (Van der Merwe, 2001:138). Handpoppe word beskou as 'n projeksietegniek wat verskeie voordele inhoud (Blom, 2006:163-164). Vervolgens word 'n oorsig van handpoppe as speltegniek gegee.

## 2.3 HANDPOPPE AS SPELTEGNIEK

Die term "handpoppe" verwys na verskillende tipes handpoppe en sluit handpoppe, vingerpoppe en sagte speelgoed in (Blom, 2006:165; Geldard et al., 2013:233). Oaklander (2007:108) deel haar ervaring dat handpoppe maklik deur kinders hanteer word. Blom (2006:165) en Epstein et al. (2008:50) verduidelik dat, wanneer die terapeut van handpoppe gebruik wil maak, daar 'n verskeidenheid handpoppe in verskillende kategorieë beskikbaar moet wees waaruit die kind kan kies. Die volgende tipes handpoppe word voorgestel (Blom, 2006:165; Dillen et al., 2009:61; Geldard et al., 2013:236; Henderson & Thompson, 2011:582):

- Handpoppe wat verskeie emosies soos geluk, hartseer, woede en angs voorstel.
- 'n Verskeidenheid handpoppe wat 'n familie kan voorstel ('n pa, ma, oupa, ouma, broer, suster).
- Handpoppe wat spesifieke karakters, byvoorbeeld koninklikes en professionele persone soos 'n dokter, verpleegster, onderwyser en polisieman kan uitbeeld.
- Handpoppe wat diere voorstel, byvoorbeeld plaasdiere, wilde diere en troeteldiere.
- Fantasiefigure, byvoorbeeld 'n goeie- en 'n slegte feë, heks, duivel of towenaar.

- Neutrale handpoppe soos 'n uil en 'n skilpad.

Dit is egter nie noodsaaklik dat al die bogenoemde tipes handpoppe beskikbaar hoeft te wees nie, aangesien kinders maklik aanpas by watter handpoppe beskikbaar is (Blom, 2006:164; Oaklander, 2007:108). Skrywers is dit eens dat handpoppe verskeie voordele vir terapeutiese intervensie met kinders inhou.

### **2.3.1 Voordele verbonde aan die benutting van handpoppe**

Handpoppe word beskou as 'n speltegniek wat in verskillende stadia van die spelterapeutiese proses gebruik kan word (Geldard et al., 2013:233). Een van die belangrikste voordele van die benutting van handpoppe is dat dit kinders in staat stel om op 'n nie-bedreigende wyse te kommunikeer (Blom, 2006:163; Geldard et al., 2013:177; Jäger & Ryan, 2007:446). As 'n projektiwe tegniek dra handpoppe daartoe by dat kinders hul gedagtes en emosies op die handpop te projekteer (Blom, 2006:163-164). Die kind sien die handpop as afsonderlik van die self en is meer geneig om vryelik sy/haar eie idees, gedrag en persoonlikheid op die handpop oor te dra (Geldard et al., 2013:233). Gevolglik kry die terapeut 'n multi-dimensionele beeld van die kind se persoonlikheid en sy/haar proses (Blom, 2006:164).

Deur die gebruik van handpoppe voel kinders veiliger om hul gedagtes en emosies uit te druk, te erken en daarvan te identifiseer (Jäger & Ryan, 2007:446). Die fantasie wat met projeksie gepaard gaan, lei daartoe dat kinders dit makliker vind om emosies en gedrag uit te speel, aangesien hulle die handpop vir die gedrag of die emosies verantwoordelik kan hou (Blom, 2006:164; Landreth, 2012:158). Die handpoppe skep dus 'n gevoel van veiligheid vir die kind om situasies en gevoelens op 'n indirekte wyse te hanteer, wat andersins moeilik sou wees (Henderson & Thompson, 2011:582).

Aangesien die handpop deur die kind gemanipuleer word, is handpoppe 'n speltegniek wat kinders in beheer laat voel (Blom, 2006:163). Die feit dat die kind self 'n handpop kan kies asook die geleentheid wat handpoppe vir die fisiese uitdrukking van gedagtes en emosies bied, dra tot 'n gesonde ervaring van beheer by (Geldard et al., 2013:178; Jäger & Ryan, 2007:446). Geldard et al. (2013:182,

233) en Van der Merwe (2001:133-134) verduidelik dat handpoppe nie spesifieke vaardighede van die kind vereis soos byvoorbeeld in die geval van teken of verf nie, met die gevolg dat daar 'n beperkte kans is dat die kind mislukking sal ervaar. Deur die gebruik van handpoppe kan die kind derhalwe groter selfvertroue ontwikkel en word daar voorkom dat kinders met minder vaardighede as ander, uitgesonder voel.

Patrick (2006:10) noem die volgende voordele van die gebruik van handpoppe tydens terapeutiese intervensie met kinders:

- Die handpop vorm 'n eenheid met die kind se hand en beweeg as deel van die self, wat die kind in staat stel om 'n ander identiteit aan te neem.
- Handpoppe se oë en ledemate stem ooreen met dié van die mens en kan dus onbewustelik tot sterk projeksies lei.
- Die fisiese voorkoms van die handpoppe nooi die kind om die handpop te vryf en vas te druk, wat vertroosting aan die kind kan bied.
- Handpoppe kan verskeie rolle verteenwoordig wanneer meer as een handpop gebruik word, byvoorbeeld wanneer die kind een handpop in elke hand hou.
- Handpoppe verteenwoordig realistiese eienskappe wat die kind met die "regte lewe" kan assosieer, byvoorbeeld koesterend, kwaai, soet, stout, hartseer, spontaan en skaam, terwyl hul gemanipuleer kan word om aksies uit te voer, byvoorbeeld om te swem, te vlieg of te spring.
- Die kind kan 'n afsonderlike identiteit vir verskillende handpoppe skep. Die karaktereienskappe van 'n betrokke handpop kan bekend of onbekend aan ander wees aangesien die kind dit nie noodwendig met die terapeut deel nie. Die kind kan byvoorbeeld 'n aggressiewe pa deur 'n handpop voorstel sonder om te verbaliseer dat die handpop aggressief is, maar deur die aggressiewe gedrag in interaksie met 'n ander handpop uit te speel.

### **2.3.2 Doelwitte met die gebruik van handpoppe**

Geldard et al. (2013:234-235) som die doelwitte met die gebruik van handpoppe soos volg op: om die kind geleentheid te bied om 'n gevoel van bemeestering te ervaar, om die kind te bemagtig deur middel van fisiese uitdrukking, om kinders se

vaardighede ten opsigte van probleemoplossing en besluitneming te ontwikkel, hul kommunikasievaardighede te bevorder en hulle in staat te stel om insig in situasies te ontwikkel. Die genoemde doelwitte word vervolgens bespreek.

- **Ervaring van bemeesterig**

Die benutting van handpoppe kan aan kinders die geleentheid gee om 'n sin van bemeesterig oor vorige negatiewe ervarings of emosies te ontwikkel (Geldard et al., 2013:234). Kinders kan hul emosies deur die handpoppe verwoord of kan herhaaldelik gebeure uitspeel, en sodoende 'n gevoel van beheer oor hul lewens ontwikkel.

- **Bemagtiging deur fisiese uitdrukking**

Handpoppe verskaf aan kinders die geleentheid om sterk emosies uit te druk, sonder die vrees vir veroordeling (Geldard et al., 2013:234-235). Dillen et al. (2009:61) beskryf handpoppe as 'n dinamiese speltegniek aangesien dit terapeutiese afstand bied en sodoende aan kinders die vrymoedigheid gee om positiewe sowel as negatiewe aspekte van hul ervarings te bespreek. Die feit dat die kind sy/haar emosies op die handpop projekteer, gee aan kinders die moed om sensitiewe sake te bespreek en direk te konfronteer (Geldard et al., 2013:233). Standard (1999:36) beskryf byvoorbeeld 'n proses waar handpoppe in groepsverband gebruik is om kinders deur die rouproses te ondersteun. In hierdie konteks het die handpoppe 'n terapeutiese hulpmiddel gebied sodat die kinders hul gevoelens kon kommunikeer, asook onopgeloste sake (*unfinished business*) kon uitklaar met die persoon wat oorlede is. Dit kon die kinders ook tot 'n mate voorberei vir toekomstige situasies waar hulle iemand aan die dood afstaan.

- **Aanleer van vaardighede**

Handpoppe is 'n effektiewe tegniek vir die modellering van gedrag en die aanleer van vaardighede (Blom, 2006:163; Kruger, 2007:64). Dit is derhalwe 'n gepaste speltegniek vir die aanleer van probleemoplossings- en sosiale vaardighede. Deur die benutting van handpoppe kan kinders die veiligheid ervaar om 'n situasie uit te speel waarin hulle alternatiewe oplossings en die toepaslikheid van gedrag kan

ondersoek asook nuwe gedrag toets (Geldard et al., 2013:235; Henderson & Thompson, 2011:582).

- **Die bevordering van kommunikasievaardighede**

Die benutting van handpoppe behels beide verbale- en nie-verbale insette deur die kind (Geldard et al., 2013:235). Blom (2006:163) deel haar ervaring dat kinders so gemaklik met die gebruik van handpoppe is, dat hulle vergeet dat dit eintlik hulle is wat praat. Hulle ervaar dus veiligheid en ervaar kommunikasie as minder bedreigend. Die kind identifiseer ook met die karakter-eienskappe en gedrag van die verskillende handpoppe en kan sodoende met verskillende kommunikasiestyle eksperimenteer (Geldard et al., 2013:235). Die handpoppe bied die kind die geleentheid om teen hul eie tempo te kommunikeer, om hul eie woorde te gebruik en hul behoeftes te vervul (Dillen et al., 2009:61).

- **Die ontwikkeling van insig**

Die benutting van handpoppe kan aan kinders insig in ander persone se opinies en lewensomstandighede verskaf (Geldard et al., 2013:235). Kruger (2007:67) beskryf hoe lewensgrootte handpoppe in dele van Afrika gebruik is vir opvoeding oor kulturele verskille, waardes en norme. Hoewel die bespreking van sekere onderwerpe in die betrokke lande verbied is, het die gebruik van handpoppe die mense meer geneë gemaak om te luister en kennis oor kwessies in te win, sonder dat iemand benadeel is. Twee kenmerke van handpoppe dra hiertoe by – eerstens is die handpop nie ‘n lewendige objek nie, sodat daar nie aannames gemaak word op grond van die handpop nie, en tweedens gee die handpop wel lewe aan ‘n situasie. Die mense wat die vertonings bygewoon het, het insig in die kwessies verkry en kon op grond daarvan self besluite neem en leer (Kruger, 2007:68). Handpoppe kan dus op verskillende wyses benut word.

### **2.3.3 Riglyne vir die benutting van handpoppe**

Tydens Gestaltpelterapie kan handpoppe op ‘n direktiewe- of nie-direktiewe wyse benut word, asook as ‘n poppekas wat deur die kind of die maatskaplike werker of terapeut aangebied word (Blom, 206:166-167). Geldard et al. (2013:181) beskou

handpoppe as 'n oop, buigsame speltegniek met min grense of beperkings, wat aan kinders die vryheid bied om hul verbeelding te gebruik en hulself uit te druk. Handpoppe kan derhalwe op verskillende wyses tydens terapeutiese intervensie met kinders aangewend word.

Patrick (2006:1) gee byvoorbeeld aan die kind die geleentheid om op 'n spontane manier met die handpop in interaksie te tree. Hierdie spontane manier kan gebruik word om inligting oor die kind en sy/haar denkwyse in te win. Geldard et al. (2013:236) stel voor dat daar in spontane spel aan die kind die geleentheid gegee word om self te kies watter handpop hy/sy wil gebruik. Dikwels sal die kind spontaan as die handpop begin praat. Indien nie, kan die terapeut modelleer wat daar van die kind verwag word, byvoorbeeld deur 'n ander handpop te kies en deur die handpop met die kind te praat. Deur die keuse van handpoppe aan die kind te bied, word hy/sy bemagtig en ervaar die kind die omgewing as nie-bedreigend (Boyer, 2010:202; Landreth, 2012:10).

Benewens spontane spel, word handpoppe ook beskou as 'n gesikte medium vir meer gestruktureerde aktiwiteite wat aangewend word om 'n spesifieke doel te bereik. Die terapeut kan voorstel dat daar op 'n spesifieke situasie of tema gefokus word, byvoorbeeld die kind se besoek aan 'n nie-versorgende ouer of 'n tema wat fokus op vrees of hulpeloosheid (Geldard et al., 2013:237).

Handpoppe kan voorts vir 'n poppekas gebruik word. Die maatskaplike werker kan 'n tema voorstel of die kind kan die geleentheid gegee word om self 'n tema of storie te kies (Geldard et al., 2013:237; Henderson & Thompson, 2011:582; Oaklander, 2007:106). Die maatskaplike werker tree as die gehoor op, waartydens hy/sy vrae kan vra, opmerkings kan maak en, indien nodig, voorstelle kan maak. Na afloop van die poppekas bespreek die maatskaplike werker en die kind aspekte soos die storie, die verskillende karakters in die poppekas en moontlike hanteringstrategieë (Blom, 2006:168-169; Geldard et al., 2013:238).

Die kind kan handpoppe gebruik om bekende kinderverhale uit te speel wat op spesifieke probleme of situasies fokus (Geldard et al., 2013:238). Na afloop van die

kind se uitbeelding van die verhaal, word dit deur die kind en die maatskaplike werker bespreek. Die bespreking kan fokus op aspekte soos 'n meer gewenste uitkoms vir die storie of op verskillende wyses waarop probleme in die verhaal opgelos kon word.

Handpoppe kan ook benut word om dialoog tussen die kind en die maatskaplike werker te bevorder. Jäger en Ryan (2007:446) verduidelik dat die kind soms die gesprek sal lei en soms die terapeut sal vra om deel van die gesprek te wees. Die aktiewe deelname van die terapeut aan die dialoog kan daar toe bydra dat die kind meer gemaklik voel om die handpop te gebruik, en verhoog die waarskynlikheid dat die kind aspekte van die self op die handpop sal projekteer (Geldard et al., 2013:236). Handpoppe verskaf terapeutiese afstand, met die gevolg dat die kind veiliger voel om sensitiewe aspekte deur die gebruik 'n handpop te bespreek (Oaklander, 2007:104-105).

Henderson en Thompson (2011:582) wys daarop dat die maatskaplike werker oor sekere basiese vaardighede moet beskik indien hy/sy van handpoppe gebruik wil maak. Hulle beveel die volgende vaardighede aan: die gebruik van 'n stemtoon om die handpop se persoonlikheid te reflekteer, die benutting van die handpop op so 'n wyse dat dit die kind se aandag behou, die vermoë om te onderskei wanneer om met die handpoppe en wanneer om met die kind te praat, asook kongruensie en waagmoed.

Handpoppe word as 'n effektiewe speltegniek in die konteks van individuele terapie én in groepsverband beskou (Geldard et al., 2013:176; Henderson & Thompson, 2011:583). In hierdie studie het die navorsers gefokus op die benutting van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare. Geldard et al. (2013:239) noem dat handpoppe nuttig is wanneer daar met kleuters en kinders in hul middelkinderjare gewerk word. Handpoppe word voorts as 'n waardevolle gespreksmedium tydens groepwerk beskou aangesien dit die fisiese- en emosionele veiligheid verskaf vir kinders om hul idees en emosies op die handpoppe te projekteer en dit so met die groep te deel (Sweeney et al., 2014:103). In dié opsig het die navorsers belang gestel in die moontlike invloed van

die benutting van handpoppe op die kommunikasie en interaksie in 'n groepkonteks. Die benutting van groepwerk, met 'n fokus op kommunikasie en interaksie in die groep, word vervolgens bespreek.

## 2.4 GROEPWERK MET KINDERS

Groepwerk word gedefinieer as 'n doelgerigte aktiwiteit wat gerig is op die individuele groeplede asook op die groep as geheel, en wat binne klein behandelings- of taakgroepe aangebied word met die doel om sosio-emosionele behoeftes te hanteer of take uit te voer (Toseland & Rivas, 2012:11). Johnson en Johnson (2009:9) definieer 'n klein groep as twee of meer individue wat in interaksie met mekaar en interafhanglik van mekaar is, wat bewus is daarvan dat hulle self en ander lede aan die groep behoort, en wat 'n gemeenskaplike doel nastreef. Violet Oaklander, wat spelterapie met kinders vanuit 'n Gestaltbenadering ontwikkel het (Blom, 2006:17; Geldard et al., 2013:40), is 'n voorstaander van groepwerk met kinders. Oaklander (2006:175) definieer 'n groep as 'n klein geïsoleerde wêreld wat gevorm word waar kinders van hul gedrag bewus word en met nuwe gedrag kan eksperimenteer.

Vanuit die literatuur is dit duidelik dat groepwerk sekere voordele vir kinders inhou. 'n Aantal beperkings verbonde aan groepwerk word egter ook uitgewys.

### 2.4.1 Voordele en beperkings van groepwerk met kinders

Groepwerk hou 'n aantal voordele vir die groeplede in. O'Connor (2000:411) en Feder (2007:2) verduidelik die waarde van groepwerk vir kinders deur die fokus te plaas op die sosiale voordele van groepsintervensie. Die sosiale voordele van groepwerk is gegrond op die kind se interaksie met die portuurgroep en hoe kinders hul individuele vermoëns daartydens gebruik. Samewerking en besluitneming is twee van die belangrikste komponente van groepwerk en die groep bied aan elke lid die geleentheid om 'n positiewe bydrae tot die groep te lewer. Die groep bied 'n veilige omgewing waar kinders sosiale vaardighede kan aanleer deurdat hulle voortdurend terugvoer oor hul gedrag van ander groeplede ontvang en tydens hul interaksie met die ander groeplede met gedrag kan eksperimenteer (Geldard et al.,

2013:95; Oaklander, 2006:175). Groeplede kan dus van mekaar leer en as rolmodelle vir mekaar optree (Toseland & Rivas, 2012:16).

Geldard en Geldard (2001:4-6) beklemtoon dat die groep 'n omgewing skep waar die kind gestimuleer word, wat tot positiewe verandering kan bydra. Hierdie outeurs, asook Toseland en Rivas (2012:16), glo ook dat terugvoer deur die portuurgroep van meer waarde is as die terugvoer deur 'n volwasse persoon. In kontras met een-tot-een berading, kan groepsdruk meer effektief wees om negatiewe gedrag van individue aan te spreek (Zastrow, 2012:51).

Die geleentheid wat groepe aan kinders bied om op 'n positiewe wyse met ander kinders te verkeer, om met ander in die groep te identifiseer en om te ervaar dat hulle aan die groep behoort, is veral waardevol om kinders se eie-waarde en selfbeeld te verhoog (Geldard et al., 2013:95). Hierbenewens kan die bespreking van probleemsituasies in groepsverband daartoe bydra dat kinders tot die besef kom dat ander kinders dieselfde ervarings as hulle het. Kinders kan derhalwe ondersteuning ervaar en minder geïsoleerd of uitgesonder voel, terwyl hulle in die groep ook meer oor hulself en oor ander kan leer (Geldard et al., 2013:94; Sweeney et al., 2014:5-6; Toseland & Rivas, 2012:16-17).

Groepwerk vind plaas binne die konteks van 'n veilige omgewing en positiewe onderlinge verhoudings en word geïmplementeer met behulp van speltegnieke, byvoorbeeld verf, klei en stories (Oaklander, 1999:173; Sweeney et al., 2014:24). Gestaltpelterapie is gebaseer op 'n dinamiese interpersoonlike verhouding tussen die kind(ers) en terapeut en spel word gesien as 'n natuurlike medium van kommunikasie vir die kind (Blom, 2006:19). Kinders kan dus hul gedagtes en gevoelens op 'n nie-bedreigende wyse uitdruk (Boyer, 2010:202; Landreth, 2012:10).

Die groepwerker moet egter daarvan bewus wees dat groepwerk ook beperkings kan inhou. So byvoorbeeld, sal kinders met 'n gebrek aan impulsbeheer of kinders met aggressiewe gedrag minder effektief in groepsverband funksioneer (Geldard et al., 2013:95). Ander voorbeeld van beperkings behels die ontstaan van afhanklikheid, probleme met vertroulikheid, en die feit dat meer spraaksame lede die

groepsgesprek kan oorheers en stil groeplede dus nie optimaal deur die groep gehelp word nie (Toseland & Rivas, 2012:17).

Die groepwerker het die verantwoordelikheid om die groepsproses te faciliteer, onder meer deur die groepsgesprek te lei, aktiwiteite te benut, instruksies te gee, ondersteuning te verskaf, en deur opvoeding en die modellering van gedrag (Geldard et al., 2013:100, 159). Toseland en Rivas (2012:69) ag dit as belangrik dat groepwerskers die groepsdinamika in ag neem om groepe effektief te lei.

#### **2.4.2 Groepsdinamika en groepsproses**

Groepsdinamika behels die gedrag, interaksie, prosesse en veranderinge binne 'n groep wat 'n invloed op die groep, die groeplede en die groepwerker het (Conyne, 2014:2014; Johnson & Johnson, 2009:43). Groepsdinamika beïvloed die gedrag van die inviduele groeplede en van die groep as geheel. Dit is derhalwe belangrik dat groepwerskers die groepsdinamika bevorder sodat groeplede se sosio-emosionele behoeftes aangespreek word en die doelstelling van die groep bereik word (Toseland & Rivas, 2012:68).

Toseland en Rivas (2012:69) onderskei vier dimensies van groepsdinamika, naamlik kommunikasie en interaksiepatrone; groepskohesie; sosiale integrasie en invloed; en groepskultuur. Groepsdinamika bied aan groepwerskers 'n waardevolle geleentheid vir die assessering van die prosesse binne groepsverband (Toseland & Rivas, 2012:244). Vanweë die klem van hierdie studie op die invloed van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk, het die navorsing op die eerste dimensie van groepsdinamika, naamlik kommunikasie en interaksiepatrone binne die groep, gefokus.

Groepsdinamika is nou verbonde aan die groepsproses soos dit oor die verloop van 'n groep se ontwikkeling manifesteer; dus aan faktore soos die groeplede se deelname, onderlinge interaksie, kommunikasiepatrone, die inhoud en emosies wat bespreek word, weerstand, norme, onderlinge vertroue, en die hantering van konflik in die groep (Conyne, 2014:71; Masson et al., 2012:44). Die dinamika in die groep word deur verskillende faktore beïnvloed (Masson et al., 2012:40). Die navorsing

bespreek vervolgens 'n aantal van hierdie faktore as agtergrond tot die bespreking van die kommunikasie en interaksiepatrone in 'n groep, wat die hooffokus van die studie gevorm het.

#### **2.4.2.1 Tipe groep**

Groepe word, afhangende van hul doelstelling, breedweg in behandelings- of taakgeörienteerde groepe ingedeel. Behandelingsgroepe ("treatment groups") is primêr op die sosio-emosionele behoeftes van die groeplede afgestem en sluit sosialiserings-, opvoedkundige-, terapeutiese-, groei- en ondersteuningsgroepe in (Toseland & Rivas, 2012:13). Die laasgenoemde skrywers dui daarop dat groepe wat met 'n spesifieke doel gevorm word, gewoonlik met bemiddeling van 'n buitestaander ontstaan.

Die tipe groep wat gevorm word sal die inhoud van die groepwerkprogram bepaal (Oaklander, 1999:173). Die doel van opvoedkundige groepe is om groeplede nuwe inligting en vaardighede te leer (Toseland & Rivas, 2012:23-24; Zastrow, 2012:4). Geldard et al. (2013:97) beskryf die psigo-opvoedkundige groep vir kinders as 'n tipe groep wat ten doel het om kinders met inligting toe te rus wat hul funksionering in alledaagse situasies kan bevorder. Opvoedkundige groepe berus op die aanname dat leer 'n sosiale ervaring is en derhalwe vorm die groepsbespreking en -aktiwiteite belangrike leermetodes in die opvoedkundige groep (Toseland & Rivas, 2012:24).

Die inhoud van die program moet voorts aansluit by die ontwikkelingsfase en die behoeftes van die groeplede (Geldard & Geldard, 2001:45). Vir die doel van die navorsing het die inhoud van die groepsbesprekings gefokus op inligting en vaardighede ten opsigte van die hantering van afknouery. Die voorkoming van afknouery word as 'n toepaslike onderwerp vir groepwerk met kinders van skoolgaande ouderdom beskou (Henderson & Thompson, 2011:606).

In groepwerk met kinders en spesifiek in opvoedkundige groepe speel die benutting van media en aktiwiteite 'n betekenisvolle rol om die groeplede aktief by die groep te betrek en hulle tydens die bespreking van die onderwerp te ondersteun (Geldard et

al., 2013:97, 100). Vir die doel van hierdie navorsing is van handpoppe gebruik gemaak om sekere sessies in die opvoedkundige groep te faciliteer.

Groepsdinamika word ook beïnvloed deur die ontwikkelingstadium in die groep, aangesien die interaksie in die groep oor die verloop van groepsbyeenkomste verander (Henderson & Thompson, 2011:610).

#### **2.4.2.2 Ontwikkelingstadium van die groep**

Groepe verander oor tyd (Zastrow, 2012:15, 19). Die ontwikkelingstadia van groepe word deur verskillende modelle voorgestel, maar outeurs identifiseer drie fases in die ontwikkeling van 'n groep wat oor die algemeen onderskei word, te wete die begin-, middel- en eindstadium (Masson et al., 2012:40; Toseland & Rivas, 2012:91; Zastrow, 2012:19).

Die beginstadium van die groep behels die bekendstelling van die groeplede aan mekaar en aan die groepskonteks, asook die algemene beplanning vir die groep (Masson et al., 2012:40; Toseland & Rivas, 2012:91). Hierdie fase, wat gedurende die eerste groepsessie of die eerste paar sessies plaasvind, gee aan groeplede die geleentheid om mekaar te leer ken, en om aspekte soos die inhoud van die groepsbespreking en groepsreëls uit te klaar. Die middel- of werkstadium fokus op die bereiking van die doelstellings van die groep en behels die besprekingsonderwerpe en take van die groep (Masson et al., 2012:41). In hierdie stadium begin patronne in die onderlinge interaksie tussen die groeplede na vore kom (Toseland & Rivas, 2012:92). Die eindstadium van die groep fokus op take wat relevant is tot die terminering van die groepwerk en vind meestal in een sessie plaas (Masson et al., 2012:42).

Zastrow (2012:13-15) toon aan dat maatskaplike werkers die volgende stappe uitvoer in die beplanning en implementering van opvoedkundige-, terapeutiese- en sosialiseringsgroepe:

- **Inname:** Tydens inname word die groep se behoeftes geïdentifiseer en word die doel en doelwitte vir die groep bepaal.

- Seleksie van groeplede: Individue wat die meeste by die groep sal baat, word gewoonlik as groeplede gekies.
- Assessering en beplanning: Hierdie prosesse vind deurgaans vanaf die begin tot terminering van die groep plaas. Dit behels dat elke sessie beplan word en assessering voortdurend plaasvind om te bepaal of die doelwitte van die groep wel bereik word.
- Groepsontwikkeling en intervensie: Dié stadium fokus op hoe die groeplede saam as 'n groep ontwikkel en behels die uitvoering van die groep se program.
- Evaluasie en terminering: Evaluasie is 'n proses wat voordurend tydens groepwerk aandag moet geniet. Die besluit om die groepwerkprogram te termineer word gebaseer op die evaluasie van bepaalde uitkomste, byvoorbeeld die bereiking van die doelwitte vir die groep.

Opvoedkundige groepe het oor die algemeen 'n korter begin- en eindfase, terwyl die grootste fokus op die middelfase, dus op die aanbieding en die bespreking van die programinhoud, val (Masson et al., 2012:46-47). Ten opsigte van groepwerk met kinders bevestig Oaklander (1999:171) dat, hoewel elke groep anders funksioneer, is daar tog groepsdinamika wat kenmerkend aan die verskillende ontwikkelingsfases van die groep is. So byvoorbeeld, sal kinders dit in die beginfase moeilik vind om opinies en emosies in die groep te lug alvorens 'n goeie onderlinge verhouding tussen die groeplede gevestig is. Die verskillende rolle in die groep kom ook meer duidelik ná 'n aantal groepsessies na vore.

#### 2.4.2.3 Groepsamestelling

Die samestelling van die groep word eerstens deur die doelstelling van die groep bepaal (Masson et al., 2012:53). Dit is belangrik dat die groepsdoelstelling by die behoeftes van die individuele lede en die groep as geheel aansluit (Toseland & Rivas, 2012:172). Voorts moet die groepwerker faktore soos die groepgrootte, asook die ouderdom en geslag van voornemende groeplede in ag te neem (Sweeney et al., 2014:55; Toseland & Rivas, 2012:175).

In groepwerk word die mees algemene groepgrootte as vyf, sewe of nege groeplede aangedui (Toseland & Rivas, 2012:176-177). In groepwerk met kinders, blyk dit dat kleiner groepe die groepsinteraksie, groepskohesie en individuele aandag deur die groepwerker bevorder (Geldard & Geldard, 2001:55). Vir kinders van ongeveer 10 jaar oud, soos in hierdie studie, word ses lede as 'n gepaste groepgrootte beskou (Henderson & Thompson, 2011:610).

In groepwerk met kinders is dit belangrik dat die ouderdomsverskille tussen die groeplede nie te groot is nie (Geldard & Geldard, 2001:45, 55). Veral in opvoedkundige groepe kan die groepsdinamika kompleks raak wanneer die groeplede nie in dieselfde ouderdomsgroep is nie (Masson et al., 2012:46). Daar word dus aanbeveel dat die ouderdomsverskil tussen kinders in die groep nie meer as drie jaar is nie, terwyl die ouderdomsverskil kleiner kan wees in die geval van jong kinders (Sweeney et al., 2014:55). Afhangende van die onderwerp van die groepbespreking, is die oorweging van die geslag van kinders tot en met die middelkinderjare meestal nie 'n oorweging in die seleksie van groeplede nie (Sweeney et al., 2014:56).

#### **2.4.2.4 Oop of geslote groepe**

'n Oop groep verwys na 'n groep waar lede op verskillende tye by die groep kan aansluit of die groep verlaat, terwyl daar met 'n geslote groep geen nuwe groeplede ingesluit word nadat die groep aanvanklike gevorm is nie (Masson et al., 2012:56). Die geslote groep, met 'n voorafbeplande aantal sessies en waar groeplede almal op dieselfde tyd by die groep aansluit, word as meer effektiel beskou vir opvoedkundige groepe waar die programinhoud vooraf gestruktureer is (Geldard & Geldard, 2001:23; Toseland & Rivas, 2012:178; Zastrow, 2012:13). Geslote groepe is geskik vir groepwerk binne 'n spesifieke tydsraamwerk en met 'n bepaalde doelstelling en is bevorderlik vir die ontwikkeling van onderlinge vertroue en veiligheid binne die groep (Masson et al., 2012:56). Vrywillige groepsbywoning is meer bevorderlik vir groepsvorming as groepe waar die lede gedwing word om die groep by te woon (Masson et al., 2012:57).

#### 2.4.2.5 Inhoud van die program

Die inhoud van die groepwerkprogram word bepaal deur die tipe groep, die doelstelling van die groep asook die ouderdom en ontwikkelingsfase van die groeplede (Geldard & Geldard, 2001:45, Oaklander, 1999:173; Toseland & Rivas, 2012:172). 'n Opvoedkundige groep is 'n groep waar die groepwerker inligting aan die groeplede oordra met die primêre doel dat die groeplede nuwe inligting en vaardighede aanleer (Masson et al., 2012:46; Toseland & Rivas, 2012:23). Zastrow (2012:4) beklemtoon dat die opvoedkundige groep op 'n verskeidenheid onderwerpe kan fokus, waartydens groeplede na gelang van hul behoeftes, spesifieke vaardighede en kennis kan leer. Die onderwerp kan deur die groepwerker geïdentifiseer word (Toseland & Rivas, 2012:163).

Opvoedkundige groepe het gewoonlik 'n klaskamer-atmosfeer, wat vereis dat die groepwerker oor genoegsame kennis van die onderwerp van bespreking beskik. Hierdie tipe groepe behels voorts 'n groot mate van groepsinteraksie en -bespreking (Zastrow, 2012:4). Die laasgenoemde kenmerk van die opvoedkundige groep sou aan die navorsing die geleentheid bied om die invloed van die benutting van handpoppe as gespeksmedium tydens groepwerk met kinders waar te neem. Soos gemeld, het die navorsing vir hierdie doel veral op die kommunikasie en die interaksiepatrone as een dimensie van groepsdinamika gefokus. Hierdie aspekte word in die volgende afdeling bespreek.

### 2.5 GROEPS DINAMIKA: KOMMUNIKASIE EN INTERAKSIEPATRONE

Die studie het gefokus op die benutting van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders. Groepsdinamika bied 'n waardevolle geleentheid om die prosesse binne groepsverband te assesseer (Toseland & Rivas, 2012:244) en sou die navorsing in staat stel om die moontlike invloed van die benutting van handpoppe op aspekte van die groepsproses soos die groeplede se deelname, onderlinge interaksie en kommunikasie waar te neem (Conyne, 2014:71; Masson et al., 2012:44). Toseland en Rivas (2012:69) dui op die kommunikasie en die interaksiepatrone in die groep as die twee komponente van die eerste van vier dimensies van groepsdinamika. Die ander drie dimensies behels groepskohesie, sosiale integrasie en invloed, en groepskultuur. Vir die navorsing was die eerste

dimensie van spesifieke belang omdat sy die invloed van die benutting van handpoppe op die kommunikasie en interaksie binne die groep wou waarneem. In hierdie afdeling word daar dus op hierdie dimensie van groepsdinamika gefokus. Ter wille van ‘n volledige oorsig van groepsdinamika, sal die ander drie dimensies eers kortliks bespreek word.

### **2.5.1 Groepskohesie**

Groepskohesie verwys na die gevoel van eenheid wat in ‘n groep ontwikkel en word deur Toseland en Rivas (2012:78) beskryf as die resultaat van al die faktore wat ‘n groep bymekaar hou. Groepskohesie dra by tot ‘n “ons-gevoel” onder groeplede en word deur verskillende faktore beïnvloed, onder meer die aangetrokkenheid van groeplede tot mekaar, hoe goed hulle mekaar ken en vertrou, die behoefte om aan ‘n groep te behoort, asook die beskikbaarheid van hulpbronne of geleenthede wat die groep kan bied (Toseland & Rivas, 2012:78; Zastrow, 2012:20-21). ‘n Gepaste fisiese omgewing vir die groep is ook belangrik omdat faktore soos die grootte van die vertrek, sitplek en atmosfeer ‘n groot impak op die gedrag van die groeplede kan hê (Toseland & Rivas, 2012:183).

Groepskohesie kan die funksionering van die individuele groeplede en van die groep as ‘n geheel beïnvloed (Toseland & Rivas, 2012:79). De Vito (2004:261) dui daarop dat positiewe onderlinge verhoudings ‘n gevoel van veiligheid skep sodat persone gemaklik voel in mekaar se teenwoordigheid. ‘n Gevoel van veiligheid is veral belangrik tydens groepwerk met kinders (Geldard et al., 2013:154). Positiewe kohesie in ‘n groep kan onder meer bydra tot die uitdrukking van beide positiewe en negatiewe gevoelens, vrywilligheid om na mekaar te luister, verhoogde selfvertroue en ‘n verbeterde selfbeeld, tevredenheid met die groepservaring, en volharding om die groep se doelwitte te bereik (Toseland & Rivas, 2012:80; Zastrow, 2012:21). Toseland en Rivas (2012:80) waarsku egter dat ‘n oormatige gevoel van kohesie met die groep tot oormatige konformiteit met en afhanklikheid van die groep kan lei.

### **2.5.2 Sosiale integrasie en invloed**

Die sosiale integrasie en onderlinge invloed in die groep verwys na hoe die groeplede in die groep inpas en aanvaar word en is ‘n voorvereiste vir die effektiewe

funkcionering van 'n groep (Toseland & Rivas, 2012:81). Zastrow (2012:117) verduidelik hierdie dimensie aan die hand van kompetisie teenoor samewerking, dus of groeplede met mekaar kompeteer of saamwerk. Toseland en Rivas (2012:82-86) verduidelik dat die sosiale integrasie en invloed in die groep saamhang met faktore soos die groepsnorme wat gedrag in die groep reguleer, groepsrolle wat die lede in staat stel om funksies uit te voer, en die status van die groeplede wat hul relatiewe invloed in die groep bepaal. Samewerking lei tot goeie kohesie in die groep en die strewe na dieselfde norme en waardes en is derhalwe belangrik om die uiteindelike doelstellings van die groep te bereik (Zastrow, 2012:117).

### **2.5.3 Groepskultuur**

Die groepskultuur dien 'n belangrike funksie in die groep as geheel en verwys na aspekte soos die waardes, tradisies, gebruikte en oortuigings wat die groeplede in gemeen het (Toseland & Rivas, 2012:244-245). Volgens Toseland en Rivas (2012:81) het groepskultuur drie vlakke. Op die eerste vlak word die groep se rituele en simbole vertoon, soos byvoorbeeld 'n Alkoholiste Anoniem-groep. Die eerste vlak in so groep sal wees dat elk van die lede begin gesels deur hul naam te noem en dit te stel dat hulle 'n alkoholis is. Die tweede vlak, wat 'n dieper vlak verteenwoordig, weerspieël die manier hoe die lede met mekaar in interaksie tree, soos om konflik binne groepsverband op te los. Die derde vlak, wat die diepste vlak verteenwoordig, behels die oortuigings, norme en gebruikte wat die groeplede deel.

Masson et al. (2012:168) lê klem daarop dat daar die multi-kulturele verskille binne groepsverband kan wees. Lede moet derhalwe sensitief wees vir die invloed van hierdie verskille in die vorming van 'n kultuur in die groep as geheel.

### **2.5.4 Kommunikasie en interaksiepatrone**

Sosiale interaksie word soos volg deur Northen (1969, in Toseland & Rivas, 2012:69) beskryf: "Social interaction is a term for the dynamic interplay of forces in which contact between persons results in a modification of the behaviour and attitudes of the participants." Toseland en Rivas (2012:69) wys daarop dat verbale en nie-verbale kommunikasie komponente van sosiale interaksie is. Conyne (2014:72) verduidelik dat alle onderlinge interaksie uit twee komponente bestaan: die

inhoud en die proses. Die skrywer onderskei as volg tussen die twee komponente: “Content refers to *what* group members and leaders actually talk about during sessions - and process refers to *how* they talk about that content, the style they use” (Conyne, 2014:75).

**Kommunikasie** binne groepsverband fokus op die onderlinge gesprekvoering tusssen groeplede en tussen die groeplede en die groepwerker (Conyne, 2014:69). Kommunikasie kan op ‘n een-tot-een wyse of in groepsverband plaasvind en bestaan uit die volgende aspekte: die enkodering van ‘n persoon se persepsies, gedagtes en gevoelens en die omskrywing daarvan in woorde en ander simbole; die oordrag van die woorde of simbole; en die dekodering daarvan deur ‘n ander persoon (Adams & Galanes, 2012:51-52; Toseland & Rivas, 2012:69; Zastrow, 1012:141). Luister, veral aktiewe luister, word as die belangrikste element van kommunikasie beskou. Om aktief te luister wat ‘n persoon sê en om te hoor wat ‘n persoon sê, is twee verskillende aspekte. Aktiewe luister beteken dat ‘n persoon luister na die boodskap wat oorgedra word, dit prosesseer en dan terugvoer gee ten opsigte van die bepaalde boodskap (Adams & Galanes, 2012:56).

**Interaksiepatrone** is nou verwant aan kommunikasie en verwys na die patronen van onderlinge interaksie of kommunikasie tussen groeplede. Volgens Toseland en Rivas (2012:74) kan verskillende interaksiepatrone na vore kom, byvoorbeeld waar alle groeplede aktief tot die groepsgesprek bydra, waar groeplede hul bydraes slegs tot die groepwerker rig, waar groeplede beurt neem om te praat, of waar interaksie hoofsaaklik tussen die groepwerker en een lid van die groep plaasvind. Conyne (2014:49) sien interaksiepatrone dus as die manier hoe groeplede aan die groep deelneem. Groeplede kan byvoorbeeld aktief deelneem of passief wees; of hulle kan onderling met ander groeplede kommunikeer of meer geïsoleerd optree.

Kommunikasie en interaksiepatrone kan op verskillende wyses in die groep manifesteer. Die navorsing het vir die doel van die studie op ‘n aantal faktore gefokus wat haar in staat sou stel om die kommunikasie en die interaksiepatrone binne die groep met behulp van ‘n waarnemingskede te bepaal. Hierdie faktore word onder

die volgende temas bespreek: verbale en nie-verbale kommunikasie, interaksiepatrone in die groep en groepsrolle.

#### **2.5.4.1 Verbale- en nie-verbale kommunikasie**

Groepskommunikasie word gedefinieer as 'n boodskap wat deur een groeplid na een of meer ontvangers gestuur word met die doel om die ontvanger(s) se houding te beïnvloed (Johnson, 2006 in Johnson & Johnson, 2009:133). In alle kommunikasie is verbale en nie-verbale kommunikasie onskeibaar, dus maak groeplede van verbale- sowel as van nie-verbale kommunikasie gebruik (Adams & Galanes, 2011:62; Toseland & Rivas, 2012:70). Kommunikasie is nooit slegs 'n eenrigtingproses nie. Elke persoon wat by die kommunikasie betrokke is, ongeag of hulle praat of nie, stuur en ontvang verbale en nie-verbale boodskappe wat die ander persoon of persone op dieselfde tydperk ontvang en interpreteer (Adams & Galanes, 2011:52).

Effektiewe kommunikasie hou voordele vir die groep in, aangesien goeie onderlinge kommunikasie in groepe tot groter groepskohesie, onderlinge vertroue en openlikheid lei (Zastrow, 2012:144). Effektiewe groepskommunikasie kom voor wanneer boodskappe wat 'n groeplid oordra, ontvang word soos wat dit bedoel was (Johnson & Johnson, 2012:133).

- **Verbale kommunikasie**

Verbale kommunikasie in groepsverband behels dat groeplede onderling met mekaar praat. Twee-rigting kommunikasie in groepsverband beteken dat alle groeplede toegelaat word om aan die groepsgesprek deel te neem (Zastrow, 2012:144). Dit behels ook dat die groepwerker met die groeplede kommunikeer, dus dat hy/sy terugvoer gee, antwoorde opsom, en bydraes klarifiseer om seker te maak dat 'n groeplid se boodskap reg verstaan word (Toseland & Rivas, 2012:72-73). Luister vorm 'n belangrike deel van verbale kommunikasie en behels 'n aktiewe proses waarin die ontvanger aandag skenk aan die boodskap en dit interpreteer (Adams & Galanes, 2011:56).

Masson et al. (2012:312) verduidelik dat, alhoewel daar nie 'n korrekte manier van groepsdeelname is nie, aktiewe verbale deelname gewoonlik as die verkose wyse

van kommunikaise in die groep beskou word. Dit is wenslik dat alle groeplede, ook die stil lede, aktief aan die gesprek deelneem in plaas van net waarneem of net kommentaar op ander se stellings lewer. Dit is veral tydens die middelstadium van die groepwerkproses dat die groepwerker elke individuele lid se frekwensie en styl van deelname kan waarneem (Masson et al., 2012:312). Effektiewe kommunikasie in die groep word bevorder deur vertroue wat tussen lede ontstaan, samewerking tydens groepwerksessies, asook lede se onderlinge aangetrokkenheid tot mekaar (Johnson & Johnson, 2009:161).

Die vlak van verbale interaksie duï op die mate waartoe die groeplid by die groep betrokke is (Conyne, 2014:72). Hoewel aktiewe groepsdeelname wenslik is, word lede wat oormatig verbaliseer egter as problematies vir die groepsproses gesien aangesien hulle ander groeplede daarvan weerhou om aan die groepsgesprek deel te neem (Toseland & Rivas, 2012:244). Die genoemde skrywers wys daarop dat 'n stil groeplid ook 'n negatiewe effek op die groep kan hê en die risiko loop om geïsoleer te word. Conyne (2014:72-73) is egter van mening dat die groeplid met 'n hoë mate van verbale kommunikasie nie noodwendig 'n invloed op die res van die groep het nie - daar is lede wat baie praat, maar nie 'n groot invloed op die groep het nie. Net so, is daar groeplede wat min praat, maar wanneer hulle praat, het dit 'n invloed op die groep omdat die groep na hul opinie luister.

Tweerigtingkommunikasie behels dat groeplede op ander se bydraes reageer en ook 'n bespreking of 'n nuwe aspek in 'n bespreking inisieer (Johnson & Johnson, 2009:157). Dit behels ook dat groeplede tydens die groepwerksessies onderling met mekaar asook met die groepwerker kommunikeer. Groeplede met 'n laer status in die groep is meer geneig om met die groepwerker as met mede-groeplede te praat (Johnson & Johnson: 2009:158). Groeplede wat voorstelle maak of ander groeplede se mening vra, vervul belangrike taakfunksies in die groep aangesien hulle tot groepsmoraal bydra, deelname en verhoudings tussen groeplede bevorder asook 'n positiewe atmosfeer skep wat elke lid in staat stel om 'n bydra te lewer (Conyne, 2014:73-74).

Die inhoud van die groeplede se verbale bydraes gee ook 'n aanduiding van die aard van die groepsgesprek. In dié oopsig kan inligting wat tydens die gesprek oorgedra word feitlik (gefokus op die onderwerp van bespreking) of oppervlakkig (nie verwant aan die onderwerp van bespreking) wees (Conyne, 2014:75). Negatiewe interaksie in die groep word dikwels gekenmerk deur lede wat slegs oppervlakkige bydraes tot die groepsgesprek lewer (Masson et al., 2012:312).

Volgens Conyne (2014:76) is dit van kardinale belang dat daar 'n balans geskep word tussen die inhoud en die proses van kommunikasie; dit wil sê, die inligting wat deurgegee word en hoe dit gedoen word. Conyne (2014:81) verduidelik dat daar vyf vlakke in die inhoud van groeplede se bydraes, dus wat groeplede bespreek, geïdentifiseer kan word:

- “Dit”-stellings: Hierdie bydraes verwys na inhoud oor aspekte wat buite die groep gebeur, byvoorbeeld die weer – “Dit is 'n lekker warm dag.”
- “Ek”-stellings: Ek-stellings verwys na self-onthulling deur 'n groeplid – “Ek voel baie gemaklik in die groep.”
- “Jy”-stellings: Hierdie bydraes verwys na terugvoer na 'n ander groeplid – “Ek hou daarvan dat jy ander help.”
- “Julle”-stellings: Hierdie stellings verwys na verhoudings, dus ooreenkomsste en verskille tussen groeplede – “A en B, julle ondersteun dikwels mekaar.”
- “Ons”-stellings: Ons-stellings verwys na die groep as geheel – “Ons groep kan nie vandag fokus nie.”

Die bogenoemde indelings is gegrond op 'n konsep van Hill (1965 in Conyne, 2014:74-75) wat die inhoud van groeplede se bydraes in vier kategorieë vanaf “lae risiko” na “hoë risiko” gerangskik het. Bydraes wat op algemene onderwerpe fokus, is as lae risiko-bydraes beskou, terwyl persoonlike opmerkings oor die self en opmerkings oor verhoudings as hoë risiko-bydraes beskou is. Oor die algemeen is groeplede meer geneig om hoë risiko-bydraes te maak namate hulle meer vertroud met die groep raak, en dus meer veilig in die groep voel. Waar groepskohesie sterk is, is groeplede meer geneig om positiewe sowel as negatiewe gevoelens verbaal te bespreek en nie net nie-verbaal uit te druk nie (Toseland & Rivas, 2012:71). Johnson

en Johnson (2009:136) beklemtoon dat effektiewe kommunikasie in die groep sal behels dat groeplede hul emosies en denke duidelik omskryf, byvoorbeeld deur stellings soos "Ek is hartseer."

Conyne (2012:81) verwys voorts na verskillende wyses waarop groeplede bydraes in die groep maak; dus die proses tydens kommunikasie:

- Konvensionele bydraes verwys na 'n algemene trant van gesprekvoering – "Ek het gisteraand uitgegaan."
- 'n Self-handhawende bydrae verwys daarna dat die groeplid 'n ferm houding inneem en nie daarin belangstel om te leer of te verander nie – "Ek sal niemand vertrou nie."
- 'n Spekulatiewe houding dui daarop dat die persoon iets oorweeg of 'n hipotese stel om 'n saak te probeer verstaan – "Ek wonder of dit die beste opsie sou wees."
- 'n Konfronterende wyse van kommunikasie behels dat die persoon die risiko neem om direk en openlik oor 'n saak praat – "A en B, ek stel voor dat julle begin om na mekaar te luister."

Ten opsigte van die wyse van kommunikasie, verwys die navorser ook na die mening van Adams en Galanes (2011:55) dat kommunikasie 'n inhouds- en 'n verhoudingsaspek behels. Die inhoud behels die boodskap wat oorgedra word en op watter wyse dit verstaan en interpreteer word. Boodskappe het ook 'n verhoudingsaspek, byvoorbeeld hoe persone met mekaar praat. Negatiewe kommunikasie wat ander kan verneder of aanvallend is, kan 'n negatiewe impak op die groepsklimaat hê. Dit blyk egter dat daar dikwels meer aandag aan die inhoud van boodskappe gegee word, hoewel die verhoudingsaspek 'n kardinale rol in die groepsdinamika speel (Adams & Galanes, 2011:56).

Luister vorm 'n belangrike deel van verbale kommunikasie (Adams & Galanes, 2011:56). Luister behels dat 'n persoon aktief aandag skenk aan die inhoud wat die spreker oordra, die boodskap interpreteer, en verbaal of nie-verbaal op die boodskap reageer (Adams & Galanes, 2011:56). Selfs wanneer groeplede nie verbaal

kommunikeer nie, dra hulle nie-verbaal boodskappe aan ander oor (Toseland & Rivas, 2012:70). Groeplede kan dus ook nie-verbaal aantoon dat hulle betrokke is by kommunikasie en dat hulle byvoorbeeld na 'n ander groeplid luister.

- **Nie-verbale kommunikasie**

Nie-verbale kommunikasie is volgens Zastrow (2012:161) onvermydelik en impliseer dat persone altyd met mekaar kommunikeer, al wil hulle nie altyd iets sê nie. Nie-verbale kommunikasie kan aanvullend tot verbale kommunikasie gebruik word of kan as 'n plaasvervanger vir verbale kommunikasie dien (Adams & Galanes, 2011:71).

Groeswerkers kan waardevolle inligting oor die dinamika in die groep inwin deur na die nie-verbale kommunikasie van groeplede op te let (Masson et al., 2012:158-159). Aangesien alle persone te alle tye nie-verbale boodskappe uitstuur, selfs wanneer hulle nie verbaal kommunikeer nie, is Adams en Galanes (2011:70) van mening dat die groeplede se nie-verbale kommunikasie die groepwerker kan help om te verstaan wat in die groep plaasvind. Groeplede se nie-verbale kommunikasie kan dus belangrike inligting oor die emosies en denke van groeplede oordra (Toseland & Rivas, 2012:71; Zastrow, 2012:161).

Dit is noodsaaklik dat die groepwerker bewus is van die nie-verbale kommunikasie van die hele groep en nie net van die groeplid wat op 'n spesifieke oomblik 'n verbale bydrae tot die groep maak nie. Sodoende kan die groepwerker inligting oor ander groeplede se reaksies verkry terwyl een groeplid praat en kan die groeplede ervaar dat daar aan elkeen van hulle aandag gegee word (Masson et al., 2012:159).

Nie-verbale kommunikasie kan verskillende vorme aanneem, onder meer gebare, stemtoon, liggaamshouding en gesigsuitdrukking (Toseland & Rivas, 2012:71; Zastrow, 2012:163). 'n Aantal manifestasies van nie-verbale kommunikasie waarop die navorsers in die empiriese studie gefokus het, word vervolgens bespreek.

- **Liggaamshouding en gebare**

'n Groeplid se liggaamshouding kan 'n aanduiding wees van sy/haar ervaring van die groep ofvlak van deelname in die groep. Liggaamshouding kan byvoorbeeld 'n

aanduiding wees van verwarring, verveeldheid, irritasie of aktiewe luister (Masson et al., 2012:161). ‘n Persoon se liggaamshouding kan voorts aandui of hy/sy ontspanne of gespanne is (Zastrow, 2012:163). Persone wat gespanne is mag byvoorbeeld hul voet aanhoudend beweeg, terwyl ‘n persoon wat ontspanne is geneig is om terug te leun en rond te kyk (Adams & Galanes, 2011:76-77). Deur vorentoe te leun en na ‘n persoon te draai, kan ‘n persoon aandui dat hy/sy belangstelling in die gesprek toon, terwyl ‘n persoon wat sy liggaam wegdraai kan aandui dat hy/sy ‘n gesprek wil vermy of beëindig (Zastrow, 2012:164). Groeplede wys dikwels deur hul kop te knik of te skud, of hulle met ‘n stelling saamstem of nie (Masson et al., 2012:159).

- **Stemtoon**

‘n Persoon se stemtoon, dus nie wat gesê word nie, maar hoe dit gesê word, is ook ‘n vorm van nie-verbale kommunikasie (Zastrow, 2012:169). Aspekte soos volume, spoed en vlotheid kan belangrike inligting oordra en kan ‘n persoon se verbale boodskap steun óf weerspreek. Stemtoon kan aantoon hoe ‘n persoon oor ‘n aangeleentheid voel en kan ‘n persoon se status en houding in die groep aandui (Adams & Galanes, 2011:77). So byvoorbeeld, word ‘n persoon wat met ‘n sterk en duidelike stemtoon praat as meer geloofwaardig beoordeel as een met ‘n sagte en onduidelijke stemtoon. So ook is die groepwerker se stemtoon van kardinale belang tydens enige groepwerksessie. Dit kan die groeplede se gemoedstoestand en die energie in die groep positief óf negatief beïnvloed. Daar word derhalwe voorgestel dat die groepwerker se stemtoon sag en simpatiek moet wees wanneer daar sensitiewe aspekte bespreek word, terwyl dit ferm en duidelik moet wees wanneer die groepwerker dit nodig vind om groeplede se negatiewe gedrag te beheer.

- **Gesigsuitdrukking**

‘n Persoon se gesigsuitdrukking reflekteer dikwels die emosies en denke wat hy/sy ervaar (Zastrow, 2012:164). ‘n Gesigsuitdrukking kan byvoorbeeld aantoon of die persoon positief of negatief op ‘n boodskap reageer (Adams & Galanes, 2011:52-53). ‘n Groeidlid se gesigsuitdrukking kan dus ‘n aanduiding wees van sy/haar ervarings tydens die groep, maar daar moet in gedagte gehou word dat gesigsuitdrukking deur die persoon se kultuur beïnvloed kan word (Masson et al., 2012:160).

Oogkontak word as 'n belangrike wyse van nie-verbale kommunikasie tydens groepwerk beskou (Adams & Galanes, 2011:75; Masson et al., 2012:159). Persone wat oogkontak maak, toon gewoonlik belangstelling in 'n onderwerp en betrokkenheid by die gesprek, terwyl persone wat wegkyk, aandui dat hulle nie aan die gesprek wil deelneem nie (Zastrow, 2012:164-165).

#### 2.5.4.2 Interaksiepatrone

Soortgelyk aan kommunikasie, is die interaksiepatrone wat tussen die groeplede en groepwerker ontstaan ook 'n belangrike aspek in die groeps gesprek (Toseland & Rivas, 2012:74). Die ideaal is dat alle groeplede met mekaar kommunikeer. Daarom is die patroon van onderlinge kommunikasie een van die belangrikste aspekte van groepsdinamika - wie met wie in die groep kommunikeer, hoe dikwels elke groeplid in die groep praat, watter groeplid 'n ander groeplid ondersteun en watter lid hom/haar aan groep onttrek (Masson et al., 2012:44; Johnson & Johnson, 2009:138; Toseland & Rivas, 2012:244). Dit is egter belangrik dat die groepwerker verseker dat groeplede nie net met ander lede kommunikeer en die werker uitskakel nie, aangesien dit tot swak groeps kohesie en groei kan lei (Masson et al., 2012:44-45; Toseland & Rivas, 2012:244). Vir die effektiewe fasilitering van die groep, moet die groepwerker ook vertroud wees met faktore wat 'n invloed op die interaksiepatrone kan hê.

- **Faktore wat interaksiepatrone in die groep kan beïnvloed**

Toseland en Rivas (2012:74-77) noem die volgende faktore wat 'n invloed op die interaksiepatrone in die groep kan hê:

- Die emosionele bande wat tussen groeplede gevorm word, kan die interaksie in die groep affekteer. 'n Positiewe verhouding tussen groeplede kan die interaksie tussen hulle bevorder, terwyl 'n negatiewe verhouding die onderlinge interaksie kan benadeel.
- Die optrede van die groepwerker en van die groeplede onderling kan interaksie tussen die groeplede versterk of benadeel. Oogkontak, positiewe aandag of ondersteunende opmerkings kan byvoorbeeld aktiewe bydraes deur groeplede bevorder.

- Subgroepvorming, waar twee, drie of meer groeplede 'n subgroep vorm, het nie noodwendig 'n negatiewe effek op die interaksiepatrone in die groep nie. Waar die subgroep 'n baie hegte band vorm en 'n groot mate van lojaliteit teenoor mekaar het, kan sulke groepe egter 'n negatiewe effek op die groepsinteraksie hê. Lede van so 'n hegte subgroep kan byvoorbeeld onder mekaar praat terwyl 'n ander groeplid praat, of nie na die menings van ander groeplede luister nie.
- Groeplede verkry 'n sekere status in die groep namate die groep ontwikkel. Groeplede is geneig om meermale met groeplede met 'n hoë status te kommunikeer, wat dus die interaksiepatrone in die groep affekteer.

Ander aspekte wat die interaksie in die groep kan beïnvloed, sluit die grootte van die groep, praktiese reëlings, vrywillige deelname en groepskohesie in. Die grootte van die groep het gewoonlik 'n invloed op die onderlinge interaksie tussen groeplede (Masson et al., 2012:53-54). In groot groepe mag groeplede huiwerig wees om deel te neem of mag hul nie die kans kry om aan die groepsgesprek deel te neem nie. Hierteenoor kan groeplede in klein groepe te veel druk ervaar om aan die groepsgesprek deel te neem.

Praktiese reëlings, soos die lengte van sessies, die fasilitate en tyd waarop die groep vergader, kan voorts interaksie in die groep raak (Masson et al., 2012:54-56). So byvoorbeeld moet die groepsessies lank genoeg wees dat alle lede 'n kans tot deelname kry. Voorts is privaatheid en genoegsame ruimte vir die groeplede om in 'n sirkel te kan sit, bevorderlik vir die onderlinge interaksie tussen al die groeplede. Groepwersers moet ook in ag neem dat hulle self en die groeplede op sekere tye van die dag, byvoorbeeld net na middagte of laat in die middag, minder energie het.

Groeplede wat die groep op 'n vrywillige basis bywoon en wie se behoeftes deur die doel en inhoud van die groep aangespreek word, mag meer positief teenoor die groep wees (Masson et al., 2012:53, 57). Hulle mag dan meer geneë wees om aan die groepsgesprek deel te neem. Zastrow (2012:126) wys daarop dat onwillige groeplede meer geneig tot negatiewe en ontwrigtende gedrag in die groep is. 'n Groeplid wat nie op bydraes in die groep reageer nie of wat nie 'n standpunt inneem nie, kan 'n negatiewe invloed op die groep hê (Adams & Galanes, 2011:101). Indien

van die groeplede nie genoegsaam tot die groep aangetrokke voel nie, kan dit die onderlinge interaksie in die groep affekteer. 'n Afgetrokke lid is gewoonlik 'n aanduiding dat die groepskohesie nie genoegsaam gevestig is nie (Toseland & Rivas, 2012:245).

Dit blyk dat die rolle wat groeplede in die groep aanneem, ook 'n aansienlike invloed op groepsinteraksie het. Hierdie aspek word vervolgens bespreek.

- **Groepsrolle**

Namate die groep deur die verskillende ontwikkelingstadia beweeg, begin groeplede om sekere rolle te ondersoek en kom spesifieke groepsrolle sterker na vore; meestal in die middelstadium van die groep se ontwikkeling (Toseland & Rivas, 2012:92). Die genoemde outeurs toon aan dat daar verskeie rolle in groepsverband gevorm word wat onder meer deur die groepslid se persoonlikheid, gedrag en sy/haar verwagtinge van die self en van ander lede in die groep bepaal word.

Groepsrolle word gewoonlik in drie hoofgroepe onderverdeel, te wete taak-, instandhoudings- en individuele rolle. Taakrolle dra direk by tot die vervulling van die groep se taak en doelwitte (Adams & Galanes, 2012:99; Conyne, 2014:73). Groeplede wat gesprekke inisieer, hul opinie lug, inligting verskaf of inligting vra, vervul 'n taakrol in die groep en dra so by tot die bereiking van die doelstelling van die groep (Adams & Galanes, 2011:99-100; Conyne, 2014:87-88; Toseland & Rivas, 2012:245). Die lid wat die rol as leier aanneem, sal dus in hierdie kategorie val. Leiers in die groep is geneig om leiding te neem en kom gewoonlik met almal oor die weg (Conyne, 2014:85).

Instandhoudingsrolle hou verband met die kohesie in die groep, die handhawing van positiewe onderlinge verhoudings in die groep en die skep van 'n positiewe groepsatmosfeer waarin groeplede gemaklik voel om bydraes te lewer (Adams & Galanes, 2012:101; Conyne, 2014:73-74). Die instandhoudingsrol is op die harmonieuze funksionering van die groep gemik en sluit rolle soos die ondersteuner, die navolger en die vredemaker in (Toseland & Rivas, 2012:245).

Die ondersteuner is gewoonlik die groeplid wat daar is om die ander lede te help, te vertroos of ondersteuning te bied. Hierdie lid is vriendelik en aanvaardend en neig om die rol deurlopend tydens die groepwerkproses te vervul (Conyne, 2014:85-88). Die ondersteuner lewer gewoonlik 'n opbouende bydrae tot die groep en bevorder die onderlinge verhoudings en kohesie in die groep (Adams & Galanes, 2011:101; Toseland & Rivas, 2012:245). Sommige lede is meer geneig om ander te ondersteun of om as vredemaker in die groep op te tree (Conyne, 2014:73).

Individuele groepsrolle dui op selfgesentreerde gedrag, wat nie van belang vir die groep of bevorderlik vir groepskohesie is nie (Conyne, 2014:85; Zastrow, 2012:128). Groeplede wat individuele rolle in die groep vervul openbaar onder meer die volgende gedrag in die groep: onttrekking uit groepsbesluite, die blokkering van vordering, asook om te speel in plaas daarvan om konstuktief besig te wees om die groep te help om doelwitte te bereik. Rolle wat in hierdie kategorie val, is die aandagsoeker of nar, die hulpsoeker, die dominerende lid, die swartskaap of die stil lid (Toseland & Rivas, 2012:245-246).

Die rol van die nar in die groep, oftewel die persoon wat neig om voortdurend grappe in die groep te maak, kan moontlik toegeskryf word aan die groeplid se poging om die aandag van sensitiewe onderwerpe weg te lei en te voorkom dat dit bespreek word, en so 'n rol van "redder" in die groep in te neem (Conyne, 2014:88; Toseland & Rivas, 2012:248). Groeplede gebruik dikwels humor om die spanning in die groep te verlig, wat positief tot die groepsatmosfeer kan bydra (Adams & Galanes, 2011:101). Die nar voorkom egter dat ander persone in die groep hul gedagtes en emosies lug (Zastrow, 2012:128). Die nar sal byvoorbeeld verbaal reageer deur hardop te lag as iemand 'n antwoord gee of geluide maak wat 'n negatiewe invloed op die groep kan hê (Conyne, 2014:85-88; Zastrow, 2012:128). Die aandagsoeker neig om strategieë te gebruik om die aandag op hom- of haarself te hou. So 'n self-gesentreerde rol dra nie by tot die groepsgesprek en kohesie in die groep nie (Adams & Galanes, 2011:101-102).

Die dominerende lid is geneig om die groepsgesprek te oorheers en sy/haar eie opinie op die groep af te afdwing, wat daartoe lei dat die groepsgesprek oppervlakkig

bly (Conyne, 2014:73, 88; Masson et al., 2012:313; Toseland & Rivas, 2012:244). Hierdie groeplid is ook geneig om eerste op enige opmerking of vraag te reageer, wat ander lede se deelname kan beperk (Masson et al., 2012:163-164).

Stil lede sal nie noodwendig 'n negtiewe invloed op die groep hê nie, maar as 'n lid oormatig stil is, kan dit die ander groeplede ongemaklik laat voel (Masson et al., 2012:14). Oor die algemeen is dit voordeilig vir elke groeplid om aan die groepsgesprek deel te neem (Masson et al., 2012:312; Toseland & Rivas, 2014:88). 'n Stil lid wat nie aan kommunikasie in die groep deelneem nie of te min deelneem, kan geïsoleerd voel in die groep en die stil lid kan dus as 'n problematiese rol in die groep gesien word (Toseland & Rivas, 2012:244, 246).

Hoewel groeplede verskil in die mate waartoe hulle aan die groepsgesprek deelneem, is dit wenslik dat elke lid aktief en verbaal aan die groepsgesprek deelneem (Masson et al., 2012:312). Die ideaal is dat groeplede met die groep as geheel praat, aangesien die groepskohesie negatief geaffekteer word as net die groepwerker of net enkele lede van die groep praat (Masson et al., 2012:44; Toseland & Rivas, 2012:74). 'n Situasie waar groeplede kommunikasie slegs op die groepwerker rig, word as problematies vir groepsgroei en -kohesie gesien (Toseland & Rivas, 2012:74).

Dit is die taak van die groepwerker om disfunksionele rolle in die groep te hanteer. Daar moet egter in gedagte gehou word dat alle gedrag betekenisvol en doelgerig is en derhalwe vereis dit dat die groepwerker sodanige gedrag op 'n sensitiewe wyse sal hanteer (Toseland & Rivas, 2012:247).

In hierdie studie was die respondentekinders in die middelkinderjare. Die middelkinderjare as ontwikkelingsfase word in die volgende afdeling bespreek.

## 2.6 DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

Die middelkinderjare verwys na die jare tussen die ouderdom van ongeveer sewe en twaalf jaar (Louw & Louw, 2014:225). Hierdie lewensfase word gekenmerk deur 'n aanmerklike uitbreiding van kinders se leefwêreld en die verhoging van sosiale

interaksie met ander kinders. Kinders in hierdie fase gebruik taal as 'n kommunikasiemedium, hulle kan ander se sienswyse in ag neem en kan reëls gehoorsaam (Dillen et al., 2009:59; Louw et al., 2005:349-350). Gedurende die middelkinderjare is die gesinsisteem, die skool en die vriendekring belangrike bronne van invloed en ondersteuning vir die kind (Blom, 2006:207). Die fisiese-, kognitiewe-, emosionele- en sosiale ontwikkelingskenmerke van die kind in die middelkinderjare word kortlik bespreek.

### **2.6.1 Fisiese ontwikkeling**

Kinders in die middelkinderjare toon meer geleidelike fisiese ontwikkeling as in die vroeë kinderjare of adolesensie, maar weens genetiese- en omgewingsfaktore kom verskille in individuele fisiese groeipatrone voor (Berk, 2013:192; Henderson & Thompson, 2011:32; Louw & Louw, 2014:225-226). Tydens die middelkinderjare is daar 'n aansienlike ontwikkeling in kinders se brein en hul groot- en kleinmotoriese vaardighede. Hul fisiese ontwikkeling maak dit vir hulle moontlik om aan aktiwiteite soos hardloop, spring, fietsry en sport deel te neem, asook om te skryf, te teken en musiekinstrumente te speel (Louw & Louw, 2014:227). Hoewel die vaardighede wat hulle aanleer tot 'n positiewe selfbeeld kan bydra, kan te hoë verwagtinge waaraan die kind nie kan voldoen nie, tot emosionele probleme lei (Berk, 2013:181). In die konteks van hierdie studie, kon verwag word dat kinders in die middelkinderjare in staat sou wees om handpoppe te manipuleer.

### **2.6.2 Kognitiewe ontwikkeling**

Jean Piaget, 'n Switserse sielkundige wat die grootste invloed gehad het op die gebied van kognitiewe ontwikkeling van kinders, verwys in sy teorie oor kognitiewe ontwikkeling na die middelkinderjare as die konkreet-operasionele fase van kognitiewe ontwikkeling (Louw, Louw & Kail, 2014:25). In hierdie fase word kinders se beredenering meer logies en georganiseerd. Hulle is beter in staat om logiese en konkrete inligting te verstaan, maar vind dit steeds moeilik om abstrakte denke te bemeester (Berk, 2013:249, 252). In hierdie ouderdomsfase is kinders ook in staat om op verskillende aspekte van 'n probleem of situasie te fokus. Weens 'n afname in die egosentriese denke wat die vroeë kinderjare kenmerk, verhoog kinders in die

middelkinderjare se vermoë om die perspektief van ander persone te verstaan en dus om begrip vir ander se denke en emosies te toon (Santrock, 2009:319).

Kognitiewe vermoëns soos konsentrasie en geheue verbeter aansienlik tydens die middelkinderjare en stel kinders in staat om nuwe inligting beter te onthou, om op belangrike inligting te fokus en om beter aandag aan 'n taak te skenk (Louw & Louw, 2014:231-233). Hulle kan aan meer as een aspek op 'n slag aandag skenk, kan inligting vinniger prosesseer, en kan langer op een spesifieke aspek konsentreer terwyl hulle ander aspekte ignoreer. Meta-kognisie ontwikkel ook tydens hierdie fase. Meta-kognisie verwys na kinders se vermoë om bewus te wees van wat en hoe hulle leer. Hul kognitiewe ontwikkeling stel die kinders tot meer gevorderde beredenering in staat (Berk, 2013:304).

Gedurende die middelkinderjare vind daar 'n uitbreiding en afronding in kinders se taalvaardighede plaas. Hulle woordeskat en sinsvorming brei uit, terwyl hulle die vaardighede ontwikkel om hul taalgebruik by verskillende sosiale kontekste aan te pas (Louw & Louw, 2014:234). Hoewel hulle tussen fantasie en realiteit kan onderskei (Henderson & Thompson, 2011:33), speel fantasie steeds 'n groot rol in die lewe van die kind. Blom (2006:163) verduidelik dat simboliese spel in hierdie lewensfase 'n natuurlike aktiwiteit vir kinders is aangesien dit by die kind se fantasiespel inskakel.

Op grond van kinders in die middelkinderjare se taalvermoë, hul vermoë om te konsentreer, hul logiese beredenering en fantasiespel, kan die afleiding gemaak word dat groepwerk en die benutting van handpoppe gepas vir kinders van hierdie ouderdom is. Handpoppe word beskou as 'n toepaslike speltegniek vir kinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar (Blom, 2006:163; Geldard et al., 2013:175) en as 'n gepaste hulpmiddel tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare (Epstein et al., 2008:51).

### **2.6.3 Emosionele ontwikkeling**

Gedurende die middelkinderjare ontwikkel kinders toenemend die vermoë tot emosionele regulering en om hul emosies volgens sosiale norme uit te druk (Berk,

2013:412-413). In hierdie lewenstadium ontwikkel kinders onder meer die volgende emosionele vaardighede (Louw & Louw, 2014:259; Santrock, 2009:322):

- 'n Groter begrip van komplekse emosies en om persoonlik verantwoordelikheid vir hul emosies te aanvaar.
- Die vermoë om te verstaan dat meer as een emosie, byvoorbeeld woede en hartseer, in dieselfde situasie ervaar kan word.
- Begrip vir die oorsake van emosies.
- Die vermoë om nie-verbale tekens van emosies te verstaan.
- Die vermoë om 'n emosie te onderdruk indien die situasie dit vereis.
- Die benutting van kognitiewe strategieë om hul emosies te reguleer.
- Die vermoë om empatie met ander te toon.

Die bogenoemde vaardighede stel kinders in die middelkinderjare in staat om komplekse emosies te begryp, hul emosies te reguleer, en om hul emosies volgens die sosiale norme uit te druk (Louw & Louw, 2014:259-260).

In die konteks van hierdie studie, waar die groepsbespreking op afknouery gefokus het, sou die respondenten as kinders in die middelkinderjare dus onder meer komplekse emosies kon begryp en daaroor praat, die oorsake van emosies verstaan en emosies in ander herken.

#### **2.6.4 Sosiale ontwikkeling**

Erik Erikson verwys in sy teorie van psigososiale ontwikkeling na die middelkinderjare as die stadium van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid (Berk, 2013:16; Louw et al., 2014:22). Hierdie stadium behels die bemeestering van basiese psigososiale vaardighede en van die vermoë om met ander saam te werk. Indien kinders daarin slaag om effektief in die huis, skool en vriendekring te funksioneer, ontwikkel hulle 'n gevoel van arbeidsaamheid. Indien kinders nie hierdie vaardighede ontwikkel nie, ontstaan 'n gevoel van minderwaardigheid (Berk, 2013:16). Tydens die middelkinderjare soek kinders dus geleenthede om persoonlike vaardighede, vermoëns en prestasies te demonstreer. Dell'Antonia

(2011:1) noem dat die middelkinderjare die mees kritieke tydperk is om nuwe inligting te leer, asook om met vriende en familie in interaksie te tree.

Gedurende die middelkinderjare begin kinders met formele skoolonderrig en word so blootgestel aan ander kinders van verskillende agtergronde. Die uitbreiding van hul emosionele en sosiale vaardighede, byvoorbeeld mededeelsaamheid en behulpsaamheid, stel hulle in staat om effektief in die portuurgroep te funksioneer (Berk, 2013:610). Die portuurgroep speel 'n kritieke rol in die kind se sosiale ontwikkeling (Louw & Louw, 2014:275). Interaksie in die portuurgroep hou tale voordele vir die kind in, onder meer die geleentheid om kameraadskap te ervaar, nuwe gedrag uit te toets, wyer kennis op te doen, te leer om reëls na te volg, en om geleidelik minder afhanklik van die ouers te raak. Aanvaarding deur die portuurgroep is bevorderlik vir kinders se sosio-emosionele funksionering, terwyl uitsluiting van die portuurgroep tot emosionele probleme, swak skoolprestasies en 'n swak selfbeeld lei (Berk, 2013:619; Louw & Louw, 2014:279).

Die middelkinderjare is dus 'n belangrike tydperk vir kinders om kennis op te bou oor verhoudings met vriende en familie (Dell'Antonia, 2011:1). Afknouery ("bullying") deur lede van die portuurgroep kan verreikende gevolge vir kinders se fisiese-, emosionele-, sosiale- en opvoedkundige funksionering inhou (Louw & Louw, 2014:281). Die navorsers was van mening dat 'n groepsbespreking oor afknouery dus 'n gepaste onderwerp sou wees vir die twee groepe respondentte wat aan die navorsing deelgeneem het. Afknouery is een van die grootste probleme wat in skole ervaar word (Levine & Munsch, 2011:447), dus beskou Henderson en Thompson (2011:606) afknouery as 'n gepaste onderwerp vir groepwerk met kinders van skoolgaande ouderdom.

## 2.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n literatuur-oorsig ter agtergrond tot die studie gegee. Die navorsers wou die invloed van die benutting van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare bepaal. Die navorsingsmetodologie wat gevolg is, die etiese oorwegings wat tydens die studie in ag geneem is, en die navorsingsbevindinge word in Hoofstuk 3 bespreek.

## HOOFSTUK 3

### NAVORSINGSMETOLOGIE EN EMPIRIESE BEVINDINGE

#### 3.1 INLEIDING

Die doel van die studie was om die invloed van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders te bepaal. Om die doel te bereik, het die navorser groepwerk met twee groepe respondenten gedoen waartydens handpoppe in sommige van die sessies gebruik is. Die kommunikasie en interaksiepatrone in die groepsessies waar handpoppe gebruik is en dié waar die handpoppe nie gebruik is nie, is waargeneem om die invloed van die handpoppe as gespreksmedium te bepaal. Die bevindinge van die navorsing word in hierdie hoofstuk aangebied. Die navorsingsmetodologie en die etiese oorwegings van toepassing op die studie word eerstens bespreek.

#### 3.2 NAVORSINGSMETOLOGIE

Die bespreking van die navorsingsmetodologie fokus op die navorsingsbenadering, tipe navorsing, die navorsingsontwerp en die navorsingsmetodes.

##### 3.2.1 Navorsingsbenadering

Die navorsing is volgens 'n gemengde navorsingsbenadering uitgevoer aangesien die studie op beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing gegronde was (Creswell, 2009:3; Delport & Fouché, 2011:434). 'n Kwantitatiewe benadering is gevolg om die invloed van handpoppe op die kommunikasie en die interaksiepatrone binne 'n opvoedkundige groep vir kinders in die middelkinderjare deur middel van 'n observasieskedule te bepaal. Waarnemings is vergelyk tussen groepsessies waar handpoppe as gespreksmedium gebruik is, teenoor groepsessies waar die handpoppe nie benut is nie. 'n Kwalitatiewe benadering is gevolg om te bepaal hoe die respondenten die benutting van die handpoppe tydens groepwerk ervaar het. Die voordeel daarvan om gemengde metodologie te gebruik, was dat die twee metodes mekaar kon aanvul en so die waarde van die studie verhoog (Denscombe, 2007:107). Met die navolging van die kwantitatiewe benadering, kon die navorser data op grond van 'n objektiewe waarnemingsmetode insamel, terwyl die

kwalitatiewe benadering die navorser in staat gestel het om inligting oor die persoonlike ervaring van die respondent te bekom (Welman et al., 2012:6).

Die navorsing het 'n eksploratiewe en beskrywende doelwit gehad (Fouché & De Vos, 2011:95-96). Aangesien 'n literatuursoektog min inligting oor die benutting van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk opgelewer het, het die eksploratiewe doelwit meegehelp om meer kennis oor die onderwerp in te win. Op grond van beskrywende navorsing het die navorser die invloed van die benutting van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk omskryf.

### **3.2.2 Tipe navorsing**

Die navorsingstudie het op toegepaste navorsing berus, aangesien dit ten doel gehad het om aanbevelings vir die praktyk te maak (Welman et al., 2012:26). Die navorser het beoog om 'n bydrae tot terapeutiese intervensie met kinders te lewer deurdat die navorsingsbevindinge moontlik deur maatskaplike werkers en ander professionele persone tydens groepwerk met kinders gebruik kan word.

### **3.2.3 Navorsingsontwerp**

Die navorsingsontwerp het aan die navorser die riglyne verskaf waarvolgens die navorsing uitgevoer is (Welman et al., 2012:52). Die studie is gebaseer op een van die ontwerpe in die gemengde navorsingbenadering, naamlik die dominante minder dominante navorsingsontwerp (Delport & Fouché, 2011:443). Hierdie ontwerp was van toepassing op die studie omdat die navorser beoog het om kwantitatiewe data-insameling as 'n dominante metode en kwalitatiewe data-insameling as 'n minder dominante, ondersteunende metode te gebruik. Kwantitatiewe data-insameling is op grond van waarneming van die kommunikasie en die interaksiepatrone tydens 'n aantal groepsessies gedoen, terwyl kwalitatiewe data-insameling aan die einde van die reeks groepwerksessies gedoen is.

Vir die kwantitatiewe deel van die studie, is die multi-groep na-toets ontwerp gevolg (Fouché et al., 2011:148) waarvolgens twee groepe gebruik is. Hierdie ontwerp is 'n uitbreiding van die een-groep na-toets ontwerp wat gebruik word om vas te stel of 'n onafhanklike veranderlike 'n invloed op die groep het. Die navorser het van

gestruktureerde observasie gebruik gemaak om te bepaal of handpoppe (die onafhanklike veranderlike) 'n invloed gehad het op die kommunikasie en die interaksiepatrone (afhanklike veranderlike) van twee groepe kinders in die middelkinderjare.

Vir die kwalitatiewe deel van die studie is die gevallestudie-ontwerp gebruik. Hierdie ontwerp het die navorser in staat gestel om meer in-diepte inligting van 'n beperkte aantal respondentes in te samel (Creswell, 2009:13). Die navorser het inligting oor die respondentes se ervaring van die benutting van handpoppe tydens groepwerk deur middel van een-tot-een onderhoude ingesamel. Die instrumentele gevallestudie is as gepas beskou, aangesien die navorser 'n konsep of proses vanuit die teorie, naamlik handpoppe as gespreksmedium, eksplorieer het (Fouché & Schurink, 2011:321-322). Aangesien die navorser 'n aantal respondentes se ervarings met mekaar wou vergelyk, was die kollektiewe gevallestudie gepas. 'n Kollektiewe gevallestudie word benut wanneer 'n instrumentele gevallestudie na 'n aantal gevallen uitgebrei word (Fouché & Schurink, 2011:322).

### **3.2.4 Navorsingsmetodes**

Die navorsingsmetodes vir die studie fokus op die seleksie van 'n steekproef, die data-insamelingmetodes, data-analise en die loodsondersoek.

#### **3.2.4.1 Populasie en steekproef**

Die populasie vir die studie (Singh, 2007:88) het bestaan uit kinders in die middelkinderjare wat 'n nasorgsentrum in Thabazimbi in die Limpopo-provinsie bywoon. Daar was 'n voldoende aantal kinders in die middelkinderjare in die naskool om die uitvoerbaarheid van die studie te verseker.

Die seleksie van die steekproef (Glicken, 2003:175; Singh, 2007:89) vir die studie het in drie fases plaasgevind. Eerstens is doelgerigte steekproefseleksie gebruik om 'n lys van name van kinders wat aan sekere kriteria voldoen op te stel omdat die navorser sekere kinders uit die populasie wou betrek (Maree & Pieterse, 2007:178). Die hoof van die naskoolsentrum was behulpsaam met die opstel van die lys van name. Denscombe (2007:17) beskryf doelgerigte steekproefseleksie as 'n seleksie-

metode waarvolgens die elemente vir die steekproef subjektief en doelbewus deur 'n deskundige oor die onderwerp geselekteer word. Die steekproef vir die studie is op grond van die volgende kriteria geselekteer:

- Respondente moes tussen die ouderdom van agt en 11 jaar wees
- Seuns en dogters kon aan die navorsing deelneem
- Respondente moes Afrikaans of Engels magtig wees
- Respondente moes beskikbaar wees vir die groepwerkprogram en moes die hele program deurloop.

Tweedens, is die respondenten vir die studie volgens 'n eenvoudige ewekansige steekproefwyse uit die lys met name geselekteer (Welman et al., 2012:56). Hiervolgens kon die navorsing tien respondenten nader wat bereid was om aan die studie deel te neem en wie se ouers hul toestemming tot deelname gegee het. Derdens is die tien respondenten deur verdere eenvoudige steekproefseleksie in twee groepe van vyf elk verdeel. Al die respondenten was Afrikaanssprekend.

### **3.2.4.2 Data-insamelingsmetodes**

Op grond van die gemengde navorsingsbenadering wat in die studie gevolg is, is beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data ingesamel.

#### **• Kwantitatiewe data-insameling**

Kwantitatiewe data-insameling, as die dominante data-insamelingsmetode vir die studie, het deur middel van gestruktureerde observasie plaasgevind. Hierdeur kon die navorsing die respondenten in die natuurlike omgewing van die groep waarnem (Delport & Roestenburg, 2011:182). Die navorsing het 'n groepwerkprogram oor afknouery oor die verloop van ses groepwerksessies afsonderlik aan die twee groepe respondenten aangebied. In lyn met die groepwerkproses, is die eerste sessie vir kennismaking met die groep en groeplede en die laaste sessie vir afsluiting gebruik (Geldard & Geldard, 2001:105; Zastrow, 2012:19). Vier sessies, naamlik sessies twee tot vyf, is vir data-insamelingsdoeleindes gebruik. In beide groepe is

handpoppe tydens sessies drie en vyf gebruik, maar nie tydens sessies twee en vier nie.

Die groepwerksessies is met die toestemming van die respondent en hul ouers of voogde op video opgeneem en data oor die kommunikasie en die interaksiepatrone in die groepe is aan die hand van 'n gestruktureerde observasieskedule (verwys Bylaag A) ingesamel (Forsyth, 2014:39). Toseland en Rivas (2012:236, 240) beskou waarneming deur die groepwerker as 'n algemene metode om die funksionering van groepe te assesseer, aangesien die groepwerker inligting oor die individuele groeplede kan inwin deur hul gedrag in die groepsessies waar te neem.

Die fokus van die studie was op die moontlike invloed van die gebruik van handpoppe as gespreksmedium in groepwerk, dus het die navorser die gedrag van die groeplede waargeneem ten einde te bepaal of daar 'n verskil in hul kommunikasie en interaksiepatrone was tussen groepsessies waartydens handpoppe as gespreksmedium gebruik is (sessies drie en vyf), teenoor sessies waartydens handpoppe nie as gespreksmedium gebruik is nie (sessies twee en vier). Nominale meting is benut om die voorkoms van sekere patronen in groeplede se kommunikasie en onderlinge interaksie aan te dui (Welman et al., 2012:138). Die navorser het van frekwensie-meting ("frequency recording") gebruik gemaak deurdat 'n meting aangedui is elke keer wanneer spesifieke tendense in kommunikasie of interaksiepatrone tydens die groepsessies waargeneem is (Toseland & Rivas, 2012:251).

Die navorser het in ag geneem dat kommunikasie en interaksiepatrone deur die unieke groepsdinamika van elke groep beïnvloed kon word, asook deur die verandering in die groepsdinamika soos elke groep deur die verskillende ontwikkelingstadia van die groep beweeg. Om die invloed van sodanige veranderlikes sover as moontlik te beperk, is die navorsing soos volg geïmplementeer:

- Op grond van die feit dat elke groep 'n unieke groepsdinamika het wat 'n invloed op die interpretasie van data kon hê, is data-insameling met twee groepe

respondente gedoen sodat die data nie aan hand van die groepsdinamika van ‘n enkele groep geïnterpreteer is nie.

- Die navorser het in ag geneem dat die aard van die bespreking, byvoorbeeld die sensitiwiteit van ‘n bepaalde aspek van die onderwerp, ‘n invloed op die kommunikasie en die interaksiepatrone tussen groeplede kon hê. In ‘n poging om die aard van die bespreking sover moontlik op ‘n eenvorminge vlak tussen die groepe te hou, is ‘n gestruktureerde groepwerkprogram aangebied sodat data-insameling ten opsigte van dieselfde onderwerpe geskied het.
- Voorts is in ag geneem dat daar ‘n natuurlike verandering in die groepsdinamika plaasvind namate ‘n betrokke groep deur die verskillende ontwikkelingstadia beweeg. Derhalwe is die handpoppe in beide groepe in dieselfde sessies benut sodat meting op dieselfde tydvlak in die twee groepe kon plaasvind. Sodoende is daar gepoog om die effek van verskille in die ontwikkelingstadium van die groepe op kommunikasie en interaksie te verminder.

Die observasieskedule vir data-insameling is deur die navorser ontwerp. Die items in die observasieskedule is gebaseer op die operasionalisering van die konstrukte van die afhanklike veranderlikes (Welman et al., 2012:31), naamlik kommunikasie en interaksiepatrone tydens groepwerk. Delport en Roestenburg (2011:182) duï aan dat gestruktureerde observasie ‘n tydrowende data-insamelingsmetode is en dat waarnemers volgens duidelike voorafbepaalde beskrywings moet werk en objektief in hul waarnemings moet wees. Die teorie oor die assessering van groepsdinamika wat onder meer deur Toseland en Rivas (2012:249-255) verskaf word, is in die opstel van die observasieskedule in ag geneem.

- **Kwalitatiewe data-insameling**

Vir die kwalitatiewe deel van die studie is data deur middel van semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoude ingesamel. ‘n Semi-gestruktureerde onderhoudschedule (verwys Bylaag B) is opgestel sodat die navorser inligting kon inwin oor die respondent se ervaring van die benutting van handpoppe (Greeff, 2011:352). Die navorser het na afloop van die groepwerkprogram ‘n individuele onderhoud met elke respondent gevoer om hul ervaring van die gebruik van handpoppe in die groep te

eksplloreer. Die onderhoude is met die toestemming van die respondent en hul ouers of voogde op band opgeneem om volledige data-insameling te verseker.

### 3.2.4.3 Data-analise

Die kwantitatiewe en kwalitatiewe data is afsonderlik ontleed, volgens die relevante prosesse vir elk.

- **Kwantitatiewe data-analise**

Die numeriese data wat deur die observasieskedule ingesamel is, is met behulp van 'n rekenaarprogram, Microsoft Excel, verwerk. Die navorser het twee veranderlikes met mekaar vergelyk, naamlik die aard van kommunikasie en interaksiepatrone (die afhanglike veranderlike) wanneer handpoppe (die onafhanglike veranderlike) benut is teenoor wanneer dit nie benut is nie. Vir hierdie doel het die navorser gefokus op die frekwensie van voorafbepaalde indikatore van kommunikasie en interaksiepatrone. Die navorser het van beskrywende statistieke gebruik gemaak, aangesien hierdie vorm van analise 'n beeld sou gee van die frekwensie waarteen 'n bepaalde aspek voorkom (Fouché & Bartley, 2011:251; Welman et al., 2012:231). Die frekwensies gee 'n eenvoudige beeld van die verspreiding van die voorkoms van 'n veranderlike (Fouché & Bartley, 2011:257).

Beskrywende statistiek het die navorser in staat gestel om die data te organiseer, op te som en te interpreteer (Pietersen & Maree, 2007:183). Die analise van die data het lig gewerp op die vraag of die handpoppe enige invloed gehad het op die voorkoms van die kriteria waarvolgens kommunikasie en interaksiepatrone ontleed is. Voorts is die twee veranderlikes met mekaar vergelyk om te bepaal hoe verandering in een veranderlike (die benutting van handpoppe) verband hou met verandering in 'n ander veranderlike (frekwensies in kommunikasie en interaksiepatrone) (Welman et al., 2012:231). Die vergelyking van twee veranderlikes ("bivariate analysis") behels 'n eenvoudinge wyse om twee veranderlikes met mekaar te vergelyk (Fouché & Bartley, 2011:266, 268).

- **Betroubaarheid en geldigheid**

Delport en Roestenburg (2011:182) beklemtoon die aspekte van betroubaarheid en geldigheid wanneer daar van gestructureerde observasie gebruik gemaak word. Die skrywers noem dat die opstel van die waarnemingskедule en die rol van die waarnemers hierdie faktore kan beïnvloed.

Betroubaarheid verwys na die konsekwentheid van meting (Welman et al., 2012:9, 145). Gestruktureerde observasie het die voordeel dat dit tot groter objektiwiteit lei (Forsyth, 2014:30) en dus tot groter betroubaarheid bydra. In hierdie studie is daar gepoog om die betroubaarheid te verseker deur die observasies van die navorser met dié van 'n onafhanklike mede-waarnemer te vergelyk, soos deur Delport en Roestenburg (2011:182) aanbeveel word. Die navorser en die mede-waarnemer het afsonderlik na die video-opnames van die betrokke groepwerksessies gekyk en die navorsingskедule afsonderlik voltooi. 'n Konsensusgesprek is na die voltooiing van die waarnemingskедule gevoer waartydens die navorser en mede-waarnemer konsensus bereik het ten opsigte an die interpretasie van waarnemings. In kwantitatiewe studies word die betroubaarheid van die meetinstrument gewoonlik deur die Cronbach Alpha koëffisient gemeet (Delport & Roestenburg, 2011:177). Weens die beperkte omvang van die navorsing, was hierdie meting egter nie moontlik nie.

Geldigheid verwys na die feit dat die meetinstrument meet wat dit veronderstel is om te meet (Delport & Roestenburg, 2011:172; Welman et al., 2012:142). Die observasieskедule is opgestel op grond van literatuur oor groepsdynamika, en spesifiek die dimensie kommunikasie en interaksiepatrone (Toseland & Rivas, 2012:69). Met die oog op geldigheid, het die navorser aandag geskenk aan siggeldigheid, dus dat die items in die observasieskедule op sigwaarde ooreenstem met die doel van die meting; inhoudsgeldigheid, waarvolgens 'n verskeidenheid items ingesluit is om kommunikasie en interaksiepatrone in die groepe te meet; en konstruktgeldigheid, wat verseker het dat die items in die observasieskедule die konstrukte korrek weergee (Delport & Roestenburg, 2011:173-175).

- **Kwalitatiewe data-analise**

Die kwalitatiewe data wat deur middel van die onderhoude ingesamel is, is ontleed op grond van die stappe in die proses vir kwalitiewe data-analise (Schurink et al., 2011:403-419). Hierdie stappe word kortliks uiteengesit.

Die navorser het deeglik voorberei vir die individuele onderhoude. Daar is onder meer aandag geskenk aan die verkryging van ingeligte toestemming van die respondent en hul ouers of voogde, insluitend toestemming vir die maak van bandopnames van die onderhoude. Reëlings is ook getref vir 'n gesikte vertrek waarin onderhoude gevoer kon word.

Voorlopige data-analise het reeds tydens die onderhoude begin deurdat die navorser gefokus het op temas wat in die onderhoude na vore gekom het. Voortgesette data-analise het na die afhandeling van die onderhoude plaasgevind. Die opnames van die onderhoude is getranskribeer en verskillende kopieë is gemaak, onder meer vir veilige bewaring en vir die doel van data-analise.

Die navorser het die transkripsies herhaaldelik deurgelees om vertroud te raak met die data en notas gemaak om hoofkonsepte en idees aan te dui. Met die herhaalde deurlees van die data het die navorser kodes gebruik om opvallende en/of herhalende temas in die data aan te dui en te kategoriseer.

Die navorser het vervolgens die data krities oordink. Op hierdie wyse is die bruikbaarheid van data om die navorsingsbevindinge toe te lig, oorweeg. Die data is geïnterpreteer aan die hand van die inligting wat van die respondent verkry is, asook aan die hand van die literatuur wat die navorser geraadpleeg het. Sodoende kon daar sin gemaak word van die data en lesse wat op grond daarvan na vore kom.

Die laaste stap in kwalitatiewe data-analise behels die aanbieding daarvan in geskrewe formaat. Die navorsingsbevindinge word in hierdie hoofstuk beskryf.

- **Betroubaarheid**

Schurink et al. (2011:419) beklemtoon die feit dat navorsers die betroubaarheid van kwalitatiewe data moet verseker. Die navorser het die betroubaarheid van die data-analise bevorder deur van spesifieke strategieë gebruik te maak.

Op grond van die konsep triangulasie, is beide kwalitatiewe en kwantitatiewe data ingesamel met die oog daarop om die veralgemening van die navorsingsbevindinge te verhoog (Schurink et al., 2011:420). Daar moet egter in ag geneem word dat die beperkte omvang van hierdie studie die veralgemening van die bevindinge beperk.

Die navorser het van refleksie (“reflexivity”) gebruik gemaak (Lietz et al., 2006:447) om te verseker dat sy die data objektief beskou en nie toelaat dat haar eie persepsies die interpretasie van die data beïnvloed nie. Schurink et al. (2011:416) beklemtoon die belangrikheid dat navorsers bewus moet wees daarvan dat hul eie voorafopgestelde idees ‘n nadelige uitwerking kan hê op hul vermoë om data effektief te ontleed en te begryp. Refleksie het dus behels dat die navorser ‘n kritiese beskouing van haar eie perspektief oor die onderwerp ingeneem het (Schurink et al., 2011:422).

Voorts is die temas en sub-temas vanuit die kwalitatiewe data met die medewaarnemer bespreek om te voorkom dat persoonlike persepsies die interpretasie van die data beïnvloed. Hierdie proses word deur Lietz et al. (2006:451) as “peer debriefing” beskryf. Die strategie het daartoe bygedra dat die navorser die respondenten se beskrywing van hul ervaring van die benutting van handpoppe in die groepsessies betroubaar kon weergee.

Die navorser het seker gemaak dat sy die bydraes van die respondenten reg verstaan. Sy het derhalwe, waar nodig, inligting tydens die onderhoude met die respondenten uitgeklaar (Lietz et al., 2006:453).

#### **3.2.4.4 Loodsstudie**

Die navorser het ‘n loadsstudie onderneem met die oog daarop om die data-insamelingsmetodes te toets en te verfyn (Welman et al., 2012:148). Vir die

loodsondersoek het die navorser twee groepwerksessies voltooi, met drie kinders wat aan die steekproefkriteria voldoen het. Een sessie is sonder handpoppe en die ander sessie is met die benutting van handpoppe aangebied.

Vir die kwantitatiewe data-insamelingsmetode is die observasieskedule aan die hand van 'n video-opname van die sessies ingevul. Delport en Roestenburg (2011:182) beveel aan dat waarnemers hul goed vir hul taak voorberei. Die navorser en die mede-waarnemer het dus beide deel gevorm van die loodsstudie. Op grond van die loodsstudie is daar besluit om die waarnemingskedule te vereenvoudig. Toseland en Rivas (2012:249) beveel aan dat, aangesien daar nie 'n meetinstrument vir groepsprosesse is wat perfek vir alle situasies is nie, die groepswerker moet besluit watter prosesse die mees relevant vir die betrokke meting is.

Die bogenoemde drie kinders het ook aan die loodsstudie vir die kwalitatiewe deel van die studie deelneem met die oog daarop om die onderhoudskedule te verfyn. Die data wat tydens die kwantitatiewe en kwalitatiewe loodsstudie ingesamel is, het nie deel gevorm van die navorsingsbevindinge nie.

### **3.3 ETIESE OORWEGINGS**

Etiese oorwegings in navorsing rig die optrede van die navorser volgens aanvaarbare standarde (Strydom, 2011:114). As vertrekpunt vir die studie, is die navorsing deur die Nagraadse- en Etiekkomitee van die Fakulteit Geesteswetenskappe van die Universiteit van Pretoria goedgekeur (verwys Bylaag C). Ook het die navorser skriftelike toestemming van die hoof van die betrokke naskoolsentrum gekry om die navorsing daar te kan uitvoer (verwys Bylaag D). Die navorser het gereël vir geskikte fasiliteite vir die groepwerksessies en die onderhoude met die respondent. Epstein et al. (2008:53) dui aan dat die fisiese omgewing waarin groepe aangebied word, gepas moet wees. Dit is belangrik dat die groeplede veilig en op hul gemak tydens die groepsessies voel sodat daar meer betroubare data ingesamel kan word. Die volgende etiese oorwegings is tydens die studie in ag geneem:

### 3.3.1 Voorkoming van skade

Navorsers het die verantwoordelikheid om respondenten teen fisiese- en/of emosionele skade te beskerm (Welman et al., 2012:201). Epstein et al. (2008:52) beklemtoon dat kinders kwesbaar is en dat dit die navorser se verantwoordelikheid is om kinders se regte as respondenten tydens die navorsingsproses te beskerm. Respondente aan navorsing kan fisiese- of emosionele skade opdoen. Die navorser het spesifieke maatreëls getref om skade te voorkom. Eerstens is die respondent, soos deur Strydom (2011:115) voorgestel, vooraf ingelig oor die aard van die navorsing en die moontlike impak wat die navorsing op hulle kon hê. Dit was veral belangrik in die bespreking van 'n onderwerp soos afknouery omdat van die respondent moontlik aan afknouery blootgestel kon wees, wat emosionele ongemak tot gevolg kon hê. Die respondent is ook die geleentheid gebied om te enige tyd aan die navorsing te onttrek, sonder dat hulle daardeur benadeel sou word. Indien enige emosionele ongemak ervaar sou word, sou die betrokke respondent na 'n maatskaplike werker by die SAVF in Thabazimbi verwys word. Geeneen van die respondenten het berading nodig gehad nie.

### 3.3.2 Ingelige toestemming en vrywillige deelname

Ingelige toestemming het behels dat die respondent voor die aanvang van die navorsing volledige ingelig is oor die doel van die navorsing, die navorsingsprocedures, die duur van die navorsing, die respondent se verantwoordelikheid, en moontlike voor- en nadele wat deelname aan die navorsing kon inhoud (Strydom, 2011:117; Welman et al., 2012:201). Ingelige toestemming is ook 'n belangrike vereiste ten opsigte van deelname aan groepwerk, en het behels dat die respondent inligting ontvang oor die doel van die groep, die duur van groepwerk sessies, vrywillige deelname, konfidensialiteit en wat van hulle verwag word ten opsigte van hul deelname aan die groep (Toseland & Rivas, 2012:8).

Die navorser het die respondenten deur middel van 'n ingelige toestemmingsbrief in ouerdomsgepaste taal die nodige inligting oor die navorsing verskaf (verwys Bylaag E). Die navorser het die inligting ook woordeliks aan die respondent verduidelik voordat hulle hul toestemming tot deelname gegee het. Op grond van die genoemde inligting, kon die respondenten 'n ingelige besluit neem om vrywillig aan die

navorsing deel te neem. Dit beteken dat geen respondent gedwing is om aan die navoring of die groepwerk deel te neem nie. Respondente het die ingeligte toestemmingsbrief onderteken om aan te dui dat hulle vrywillig aan die navoring deelneem. Toestemming is verkry om video-opnames van die groepwerksessies en stemopnames van die individuele onderhoude te maak. Aangesien die respondente onder die ouderdom van 18 jaar was, is hul ouers of voogde versoek om 'n brief van ingeligte toestemming te onderteken (verwys Bylaag F).

### **3.3.3 Privaatheid, konfidensialiteit en anonimiteit**

Privaatheid van respondente is tydens die navoring in ag geneem. Dit beteken dat hulle self kon bepaal tot watter mate hulle inligting tydens die groepwerksessies en tydens die individuele onderhoude wou deel (Strydom, 2011:119). Voorts het dit behels dat net die nodige inligting wat vir die navoring belangrik is, tydens die navoringsverslag bekend gemaak is. Die video-opnames van die groepwerksessies is uitsluitlik vir data-analise gebruik. Die respondente se identiteit is ook beskerm (Welman et al., 2012:201) deurdat die navorser geen name of identifiserende besonderhede in die navoringsverslag insluit nie.

Konfidensialiteit behels dat die navorser sowel as die mede-waarnemer alle inligting ten opsigte van die respondente op 'n vertroulike wyse hanteer (Strydom, 2011:119). Konfidensialiteit is ook 'n belangrike etiese beginsel in groepwerk (Henderson & Thompson, 2011:155; Toseland & Rivas, 2012:8). Dus was dit belangrik dat die respondente van vertroulikheid verseker is (Geldard et al., 2013:155). Alle respondente moes onderneem om vertroulikheid binne die groep te handhaaf (Toseland & Rivas, 2012:8). In groepwerk met kinders het die navorser egter in ag geneem dat openbaring van aspekte soos kindermishandeling nie as vertroulik hanteer mag word nie omdat dit wetlik aanmeldbaar is (Masson et al., 2012:34; Toseland & Rivas, 2012:9).

Konfidensialiteit is voorts beskerm deurdat die navoringsdata by die Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie volgens die voorskrifte van die Universiteit van Pretoria gestoor word. In die studie kon anonimiteit nie verseker word nie, aangesien die respondente aan die navorser en aan die ander groeplede bekend was.

### **3.3.4 Misleiding van respondent**

Geen vals of misleidende inligting oor die navorsing is aan die respondent gegee nie; en geen inligting ten opsigte van die navorsing is van die respondent weерhounie (Strydom, 2011:119). Die navorser het hierdie etiese oorweging as belangrik beskou sodat die respondent vooraf geweet dat daar van handpoppe gebruik gemaak sou word en wat die benutting van handpoppe van hulle sou vereis. Diegene wat ongemaklik gevoel het met die idee, kon dan besluit om nie aan die navorsing deel te neem nie. Geen respondent het beswaar gehad teen die benutting van handpoppe tydens die groepwerksessies nie.

### **3.3.5 Ontlonting van respondent**

Die navorser het na elke groepwerksessie, asook na die individuele onderhoude, 'n geleentheid vir ontlonting aan die respondent gebied (Strydom, 2011:122). Tydens die gesprek het die respondent die geleentheid gekry om oor hul ervaring van die groepwerksessie of die onderhoud te praat. Die navorser het die geleentheid ook gebruik om enige onduidelikhede wat uit die navorsing kon spruit, uit te klaar.

### **3.3.6 Bevoegdheid van die navorser**

Die navorser het die nodige opleiding en kennis om die studie uit te voer en sou, indien nodig, toepaslike kundiges raadpleeg (Denscombe, 2007, 141-151; Jackson, 2008:42-45; Strydom, 2005:56-66). Die navorser het as deel van die graad MMW in Spelgebaseerde Intervensie 'n navorsingsmodule geslaag, asook die modules in spelterapie, waar die benutting van handpoppe onder meer bestudeer is. Masson et al. (2012:35) beklemtoon die feit dat groepwerkers wat van tegnieke gebruik maak, onderleg moet wees in die benutting daarvan.

### **3.3.7 Publikasie van die bevindinge**

Strydom (2011:126) maak dit duidelik dat navorsing van min waarde sal wees indien die bevindinge nie bekend gemaak word nie. Die bevindinge van die navorsing word in hierdie navorsingsverslag bekend gemaak. Die verslag sal beskikbaar wees in die biblioteek van die Universiteit van Pretoria. Die navorser het daarop gelet om die navorsingsresultate korrek weer te gee en om plagiaat te voorkom (Welman et al., 2012:182).

## 3.4 EMPIRIESE BEVINDINGE

Hierdie afdeling sluit 'n kort beskrywing van die biografiese inligting van die respondentēe in. Daarna word inligting oor die groepwerkprogram verskaf en word die navorsingsbevindinge omskryf en bespreek.

### 3.4.1 AFDELING A: BIOGRAFIESE BESONDERHEDE

Die biografiese besonderhede van die respondentēe word aangebied ten opsigte van hul ouderdom, geslag, huistaal en skoolvlak.

#### 3.4.1.1 Ouderdom van die respondentēe

Al die respondentēe was in die middelkinderjare en was tussen agt en elf jaar oud. Op grond van fisiese ontwikkeling in die middelkinderjare het hulle die nodige motoriese vaardighede gehad (Louw & Louw, 2014:227) om die handpoppe te kan gebruik. Op kognitiewe vlak, kon hulle deelneem aan 'n logiese bespreking, hulle eie standpunte stel, asook die standpunte van ander respondentēe in ag neem. Hulle het oor 'n voldoende woordeskat beskik om die groepsgesprek te verstaan en daaraan deel te neem, en het die konsentrasievermoë gehad om op die groepsgesprek te fokus (Berk, 2013:249, 252; Louw & Louw, 2014:231-234). Ook was hul in staat om emosies te verstaan en gepas in die groep uit te druk, en het die sosiale vaardighede getoon om effektief in die groep te funksioneer (Berk, 2013:610).

#### 3.4.1.2 Geslag van die respondentēe

Die respondentēe het beide seuns en dogters ingesluit. Die twee groepe wat aan die groepwerk deelgeneem het, het elk uit drie seuns en twee dogters bestaan. Dit is bekend dat kinders in die middelkinderjare verkies om maats van dieselfde geslag te kies (Louw & Louw, 2014:274). Sweeney et al. (2014:56) is egter van mening dat geslag meestal nie 'n sterk oorweging in die seleksie van groeplede tot en met die middelkinderjare is nie.

### 3.4.1.3 Huistaal en skoolgraad van die respondent

Al die respondent in die studie was Afrikaanssprekend. Betreffende hul skoolgraad, was die meeste van die respondent in Graad 2. Die respondent se ouderdom en skoolgraad word in Tabel 1 uiteengesit.

**Tabel 1: Ouderdom en skoolgraad van respondent**

OUDERDOM	SKOOLGRAAD	AANTAL
8 jaar	Graad 2	5
9 jaar	Graad 3	3
10 – 11 jaar	Graad 4	2

'n Totaal van 10 respondent het aan die navorsing deelgeneem. Vir die doel van die studie is die respondent in twee groepe van vyf elk ingedeel. Die samestelling van die twee groepe word in Tabel 2 uiteengesit.

**Tabel 2: Samestelling van die groepe**

	GROEPLID	OUDERDOM	GESLAG	SKOOLGRAAD
<b>GROEP 1</b>	1	8	V	Graad 2
	2	8	V	Graad 2
	3	9	M	Graad 3
	4	8	M	Graad 2
	5	10	M	Graad 4
<b>GROEP 2</b>	6	11	M	Graad 4
	7	9	M	Graad 3
	8	9	M	Graad 3
	9	8	V	Graad 2
	10	8	V	Graad 2

Op grond van die inligting in Tabel 2 kan gesien word dat daar 'n groot ooreenkoms in die samestelling van die twee groepe was. Die twee groepe het voldoen aan algemene vereistes wat ten opsigte van groepwerk met kinders gestel word, naamlik dat die ouderdomsverskille tussen die groeplede nie te groot is nie en dat 'n kleiner

groepgrootte verkieslik is (Geldard & Geldard, 2001:45, 55; Henderson & Thompson, 2011:610; Toseland & Rivas, 2012:176-177). Al die respondent was in dieselfde laerskool, alhoewel hulle nie in dieselfde klasse was nie.

Die kwantitatiewe navorsingsbevindinge van die studie word in Afdeling B aangebied. Die navorser verskaf eers 'n oorsigtelike beskrywig van die groepwerkprogram wat vir die navorsing gebruik is.

### **3.4.2 AFDELING B: KWANTITATIEWE NAVORSINGSBEVINDINGE**

Die kwantitatiewe navorsingsbenadering was die dominante benadering in hierdie studie. Alvorens die kwantitatiewe bevindinge van die studie bespreek word, verskaf die navorser 'n kort oorsig oor die groepwerkprogram wat vir die doel van die navorsing gevolg is.

#### **3.4.2.1 Die aanbieding van die groepwerkprogram**

In hierdie navorsing is daar van 'n opvoedkundige groep gebruik gemaak. Die programinhoud is deur die navorser bepaal en het gefokus op afknouery, wat as 'n gepaste onderwerp vir kinders in die laerskool gesien word (Henderson & Thompson, 2011:606; Toseland & Rivas, 2012:172, 614). In aansluiting by die doel van die opvoedkundige groep, sou die respondent nuwe inligting en vaardighede kon leer (Toseland & Rivas, 2012:23).

Vir die opvoedkundige groep is 'n vooraf-gestruktureerde programinhoud bepaal en is daar besluit op geslote groepe met 'n vaste aantal sessies (Geldard & Geldard, 2001:23; Toseland & Rivas, 2012:178; Zastrow, 2012:13). 'n Geslote groep word as toepaslik vir 'n opvoedkundige groep beskou (Toseland & Rivas, 2012:178; Zastrow, 2012:13). Al die respondent is derhalwe aan dieselfde besprekingsinhoud op 'n spesifieke stadium in die ontwikkeling van die groep blootgestel.

Die groepwerkprogram het uit ses sessies bestaan. Elk van die sessies is volgens 'n bepaalde struktuur beplan (Masson et al., 2012:88). Elke sessie is met 'n ysbreker begin. Daarna het die navorser as groepwerker 'n kort aanbieding oor die onderwerp

gedoen (Masson et al., 2012:153) en 'n groepbespreking oor die onderwerp gefasiliteer. Elke sessie is met 'n ontspannende aktiwiteit afgesluit.

In opvoedkundige groepe val die grootste fokus oor die algemeen op die aanbieding van die groepsinhoud, dus die middelfase van die groep, terwyl die begin- en eindfase korter is (Masson et al., 2012:46-47). In hierdie studie is die eerste sessie afgestaan aan kennismaking, die bespreking van groepreëls en die doel en inhoud van die groepwerk (Johnson & Johnson, 2009:17; Masson et al., 2012:88; Toseland & Rivas, 2012:82) terwyl die laaste sessie aan die afsluiting van die reeks groepsessies afgestaan is (Zastrow, 2012:20). Die tweede tot die vyfde sessies is aan die bespreking van verskillende aspekte die onderwerp (afknouery) afgestaan. Video-opnames is van elk van hierdie sessies gemaak. Handpoppe is as gespreksmedium in die derde en vyfde sessies gebruik, terwyl daar in die tweede en vierde sessies gebruik gemaak is van ander spelvorme wat by die oorhoofse tema sou pas. Die temas vir die sessies was soos volg:

- Sessie 1: Die respondentte het geleentheid gekry om hulself voor te stel, groepreëls op te stel, en inligting oor die doel en onderwerp van die groep te ontvang. Die term "boelie" is tydens die groepwerk gebruik omdat die respondentte meer bekend met dié woord as met die woord "afknouery" was.
- Sessie 2: Hierdie sessie het gefokus op 'n bespreking van die konsep afknouery – wat is afknouery, hoe lyk 'n boelie? In hierdie sessie is daar van geskrewe lyste gebruik gemaak waarop die groepledes hul idees kon neerskryf of teken, waarna dit in die groep bespreek is.
- Sessie 3: Die bespreking in sessie drie het gehandel oor hoe 'n boelie se gedrag lyk, asook oor die rolle van die boelie, die slagoffer en die omstanders. Hierdie bespreking is met die behulp van handpoppe aangebied.
- Sessie 4: Die sessie is afgestaan aan 'n bespreking van strategieë wat aangewend kon word om afknouery te bekamp. Die respondentte het verf gebruik om hul idees voor te stel, waarna die groep se voorstelle in 'n "plan" saamgevat is.
- Sessie 5: Die bespreking het op die bevordering van positiewe sosiale interaksie gefokus. Daar is onder meer gelet op die konsep van respek vir ander en hoe

respek tot positiewe onderlinge interaksie kan bydra. Soortgelyk aan Sessie 3, is die bespreking met behulp van handpoppe gefasiliteer.

- Sessie 6: Die sessie is aan die afsluiting van die groepwerk afgestaan. ‘n Opsomming is gemaak van die besprekings tydens die vorige sessies en die lesse wat die respondenten geleer het. Die respondenten se ervaring van die groepwerk en die afsluiting van die groep is bespreek en die sessie is met ‘n aangename aktiwiteit afgesluit.

In elk van die twee groepe is handpoppe tydens twee sessies as ‘n gespreksmedium aangewend. ‘n Aantal handpoppe is aan die groep beskikbaar gestel. Nadat die navorsing die onderwerp vir die betrokke sessie ingelei het, kon die respondenten elk kies watter handpop hy/sy wou gebruik (Geldard et al., 2013:236). Die handpoppe het wilde diere verteenwoordig met die oog daarop om fantasie en die veilige afstand wat dit bied, te verhoog. Die handpoppe is as medium gebruik waardeur die respondenten onderling met mekaar asook met die groepswerker (navorsing) in gesprek kon tree (Jäger & Ryan, 2007:446). Die navorsing het self met die gebruik van handpoppe aan die gesprek deelgeneem, wat die waarskynlikheid sou verhoog dat die respondenten hul eie idees op die handpoppe sou projekteer (Geldard et al., 2012:236).

Die navorsingbevindinge word vervolgens aangebied. Die kwantitatiewe bevindinge word eerstens aangebied.

### **3.4.2.2 Kommunikasie en interaksiepatrone as dimensie van groepsdinamika**

Die kwantitatiewe data is deur die gebruik van ‘n gestruktureerde observasieskedule ingesamel, gegrond op video-opnames van die tweede tot die vyfde groepsessies. Die observasieskedule is opgestel om op die eerste dimensie van groepsdinamika te fokus. Waarneming is dus gedoen ten opsigte van items in die waarnemingskedule wat fokus op die kommunikasie en die interaksiepatrone in die groep. Die bevindinge word volgens die twee aspekte aangebied.

### 3.4.2.2.1 Verbale- en nie-verbale kommunikasie in die groep


Die navorsingsbevinge ten opsigte van die patronen van verbale- en nie-verbale kommunikasie tydens die groepsessies word numeries in Tabel 3 aangebied. Die numeriese data in Tabel 3 word as 'n geheel vir die twee groepe aangebied.

**Tabel 3: Verbale- en nie-verbale kommunikasie**

Verbale- en nie-verbale kommunikasie	Sessies sonder handpoppe			Sessies met handpoppe		
	Groep 1 (f)	Groep 2 (f)	Totaal (f)	Groep 1 (f)	Groep 2 (f)	Totaal (f)
Inisieer 'n nuwe aspek van onderwerp	45	32	77	48	44	92
Inisieer 'n bespreking	41	41	82	48	44	92
Maak 'n aktiewe bydrae	75	51	126	86	70	156
Volg ander in die groep	12	7	19	4	9	13
Opponeer ander groepelde se mening	6	5	11	4	3	7
Praat oor feitlike aspekte	36	27	63	45	30	75
Praat oor sensitiewe aspekte: positief	6	1	7	9	6	15
Praat oor sensitiewe aspekte: negatief	7	12	19	10	10	20
Maak "ek"-stellings	36	30	66	36	22	58
Maak stellings in die derde persoon	23	13	36	28	19	47
Dui nie-verbaal dat hy/sy saamstem	32	34	66	32	34	66
Dui nie-verbaal dat hy/sy nie saamstem	25	33	58	33	28	61

In hierdie navorsing is daar van beskrywende statistieke gebruik gemaak. Die frekwensies van die waarnemings wat volgens die waarnemingskede aangeteken is, is in Tabel 3 weergegee. Met die oog op die bespreking van die bevindinge, word die totale frekwensies visueel in Figuur 1 voorgestel.

## Verbale- en nie-verbale kommunikasie tydens sessies met en sonder die gebruik van handpoppe



**Figuur 1: Verbale- en nie-verbale kommunikasie tydens sessies met en sonder die gebruik van handpoppe**

Aan die hand van die data in Figuur 1 blyk dit dat daar oor die algemeen 'n toename in bydraes deur respondentie was in die sessies waar daar van handpoppe gebruik gemaak is. Die grootste verskil is merkbaar ten opsigte van die **aktiewe bydraes** wat deur respondentie in die groepe gemaak is, waar 'n verskil van 30 bydraes ( $f=30; 23.8\%$ ) tussen sessies sonder handpoppe ( $f=126$ ) en sessies met die gebruik van handpoppe ( $f=156$ ) aangeteken is.

Respondente was ook meer geneë om **nuwe aspekte van 'n onderwerp** of om '**n bespreking te inisieer**'. Met die gebruik van handpoppe was daar 'n toename in die frekwensie ( $f=15; 19.5\%$ ) van bydraes wat tot die bespreking van 'n nuwe aspek van die onderwerp geleid het; vanaf 77 ( $f=77$ ) tot 92 ( $f=92$ ). Dit blyk dat die benutting van handpoppe ook die inisiëring van nuwe besprekingsinhoud in die groep bevorder het. Hierdie aspek het 'n toename van 10 ( $f=10; 12.2\%$ ) bydraes getoon wanneer handpoppe benut is ( $f=92$ ) teenoor die bydraes sonder handpoppe ( $f=82$ ).

Ten opsigte van die temas wat in die **inhoud van verbale bydraes** voorgekom het, toon die data dat die bydraes van die respondentie meestal op feitlike aspekte gefokus het, met 'n mindere fokus op sensitiewe aspekte soos emosies of probleme. Die benutting van handpoppe het geleei tot 'n toename in bydraes wat op feitlike aspekte fokus; dus besprekings wat 'n meer konkrete of onpersoonlike aspek van die probleem van afknouery aandui. Hierdie bydraes het vanaf 63 ( $f=63$ ) tot 75 ( $f=75$ ), dus met 19% ( $f=12; 19\%$ ), verhoog.

In 'n ontleding van die bespreking van **sensitiewe aspekte**, is daar sonder die benutting van handpoppe 'n totaal van 26 ( $f=26$ ) geleenthede aangeteken waar die bespreking van afknouery op sensitiewe aspekte gefokus het. Hierdie besprekings het minder op positiewe inhoud ( $f=7$ ) as op negatiewe inhoud ( $f=19$ ) gefokus. Die benutting van handpoppe het tot 'n verhoging in bydraes oor sensitiewe aspekte geleid. Bydraes oor sensitiewe aspekte gekoppel aan positiewe emosies of situasies het ongeveer verdubbel; vanaf sewe ( $f=7$ ) tot 15 ( $f=15$ ). In die geval van bydraes oor sensitiewe onderwerpe gekoppeal aan negatiewe emosies en situasies, was die verhoging van die bydraes sonder die benutting van handpoppe tot bydraes met handpoppe egter minimaal; vanaf 19 ( $f=19$ ) tot 20 ( $f=20$ ) waarnemings.

'n Verdere aspek waarin die invloed van die benutting van handpoppe opmerklik was, was in respondentie se verbale- en nie-verbale aanduidings dat hulle ander respondentie **navolg of opponeer**. In sessies waarin die handpoppe nie gebruik is nie, is daar 19 keer ( $f=19$ ) aangeteken dat respondentie neig om die ander groeplede se mening na te volg. In sessies waar wel van handpoppe gebruik gemaak is, het hierdie patroon verminder na 'n frekwensie van 13 ( $f=13$ ); dus 'n afname van sowat een-derde ( $f=6; 31.6\%$ ). Die data toon egter dat die respondentie met die benutting van handpoppe minder geneig was om ander groeplede direk te opponeer. Waar daar sonder die gebruik van handpoppe 11 keer ( $f=11$ ) aangedui is dat respondentie 'n ander groeplid direk opponeer, het dit met die benutting van handpoppe sewe keer ( $f=7$ ) voorgekom. Dit blyk dat die benutting van handpoppe wel tot 'n minimale toename in nie-verbale aanduidings van opponering van 'n ander se opinie geleid het; vanaf 'n frekwensie van 58 ( $f=58$ ) sonder handpoppe na 61 ( $f=61$ ) met handpoppe.

Die benutting van handpoppe het geen invloed getoon op nie-verbale tekens dat respondenten met 'n ander se mening saamstem nie.

Met betrekking tot bydraes in die **eerste persoon** ("ek"-stellings) teenoor stellings in die **derde persoon** ("hulle") toon die data dat die benutting van handpoppe tot 'n afname in "ek"-stellings en 'n toename van stellings in die derde persoon gelei het. In sessies sonder die gebruik van handpoppe het duidelik-onderskeibare "ek"-stellings 66 keer ( $f=66$ ) voorgekom, terwyl dit in die sessies met handpoppe 58 keer ( $f=58$ ) voorgekom het; 'n relatief klein afname van agt ( $f=8; 12.1\%$ ). Stellings in die derde persoon het 'n toename van 11 ( $f=11; 30.6\%$ ) getoon, vanaf 'n frekwensie van 36 ( $f=36$ ) sonder die gebruik van handpoppe na 47 ( $f=47$ ) waar handpoppe gebruik is.

Ter samevatting, dui die bevindinge daarop dat die benutting van handpoppe 'n aanmerklike invloed op die inisiëring van nuwe bespreking of aspekte van 'n bespreking (in totaal 'n toename van 31.7%) en aktiewe bydraes deur respondenten ('n toename van 23.8%) gehad het. Van der Merwe (2001:133) noem dat die gebruik van handpoppe 'n kind kan help om 'n gesprek te inisieer, asook deelname aan 'n gesprek bevorder. Dit blyk dat die respondenten se bydraes tot bespreking van feitelike temas deur die benutting van handpoppe verhoog is ('n toename van 19.0%). Hierdie bydraes word deur Hill (1965 in Conyne, 2014:74) as bydraes met 'n relatief lae risiko vir die persoon beskou.

Wat betref bydraes oor sensitiewe temas, het respondenten se bydraes oor positiewe emosies en situasies meer as verdubbel wanneer handpoppe gebruik is, terwyl bydraes oor negatiewe aspekte van sensitiewe temas min of meer onveranderd gebly het. Hierdie verandering kan gesien word in die lig dat positiewe onderwerpe minder bedreigend as negatiewe onderwerpe kan wees. Daar word in ag geneem dat handpoppe aan kinders 'n nie-bedreigende wyse van kommunikasie bied (Blom, 2006:163; Geldard et al., 2013:177; Jäger & Ryan, 2007:446). Kinders projekteer onbewustelik hul gedagtes en emosies op die handpop, wat daartoe lei dat hulle meer vryelik hul menings kan lug (Geldard et al., 2013:233). In hierdie studie het die benutting van handpoppe klaarblyklik nie die bespreking van sensitiewe aspekte met 'n negatiewe assosiasie bevorder nie.

Met die gebruik van handpoppe was die respondentie minder geneig om bloot ander groeplede se mening na te volg. Hierdie bevinding kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat kinders emosies of opinies deur die handpop kan uitdruk sonder die vrees vir veroordeling (Geldard et al., 2013:234-235). Die afstand wat handpoppe bied skep 'n gevoel van veiligheid, terwyl die geleentheid om die handpop te manipuleer tot 'n gesonde gevoel van beheer bydra (Blom, 2006:163; Geldard et al., 2013:178; Jäger & Ryan, 2007:446). Dit kan tot groter selfvertroue in kinders bydra, byvoorbeeld om 'n eie opinie te handhaaf, wat opmerklik is aangesien kinders in die middelkinderjare daarop ingestel is om by die portuurgroep in te pas en deur die groep aanvaar te word (Berk, 2013:619; Louw & Louw, 2014:279).

Handpoppe as speltegniek word as 'n projeksietegniek gebruik, waartydens kinders hul eie gedagtes en emosies op die handpop projekteer (Blom, 2006:163-164; Geldard et al., 2013:233). In hierdie studie kon dit moontlik 'n rol speel in die afname in "ek"-stellings en die toename in stellings in die derde persoon tydens die sessies waar handpoppe as gespreksmedium gebruik is.

Wanneer die bevindinge ten opsigte van die **verbale- en nie-verbale kommunikasie** tussen die **twee groepe** vergelyk word, blyk dit dat die benutting van handpoppe oor die algemeen dieselfde tendense ten opsigte van 'n toename of afname in sekere indikatore van kommunikasie getoon het. 'n Ooreenstemming in die toename of afname in die frekwensie van waarnemings is ten opsigte van agt van die twaalf indikatore waargeneem. By vier indikatore is 'n teenoorgestelde patroon tussen die twee groepe waargeneem:

- Waar die benutting van handpoppe in Groep 1 daartoe gelei het dat die respondentie minder geneig was om ander in die groep na te volg ('n verskil van  $f=8;66.7\%$ ), was die respondentie in Groep 2 meer geneig om ander groeplede na te volg ('n toename van  $f=2;28.6\%$ ) wanneer handpoppe gebruik is.
- Die benutting van handpoppe het in Groep 1 daartoe bygedra dat respondentie meermale negatiewe inhoud ten opsigte van sensitiewe aspekte bespreek het ('n toename van  $f=3;42.9\%$ ). By Groep 2, het die benutting van handpoppe egter tot

‘n verlaging in die frekwensie van hierdie kommunikasiepatroon gelei (‘n afname van  $f=2;16.7\%$ ).

- In Groep 1 het die benutting van handpoppe geen verskil ten opsigte van die maak van “ek”-stellings getoon nie. In Groep 2 het die benutting van handpoppe tot ‘n merkbare afname in “ek”-stellings gelei (‘n afname van  $f=8; 26.7\%$ ).
- In die sessies waar handpoppe benut is, het die respondenten in Groep 1 meermale nie-verbaal aangedui dat hulle nie met ‘n stelling of tema saamstem nie (‘n toename van  $f=8;32\%$  teenoor wanneer handpoppe nie gebruik is nie). In Groep 2 het die benutting van handpoppe tot ‘n afname in hierdie patroon gelei (‘n afname van  $f=5;15.2\%$ ).

Die volgende aspek waarop data-insameling gefokus het, was die interaksiepatrone van die respondenten tydens die groepsessies. Hierdie navorsingbevindinge word vervolgens bespreek.

#### **3.4.2.2.2 Interaksiepatrone**

Met die oog op die waarneming van die algemene interaksiepatrone in die groep, is daar op die volgende oorkoepelende patronen wat tydens die groepsessies na vore gekom het, gelet: die respondenten se betrokkenheid by die groep (bv. luister aktief of afgetrokke), gemak in die groepsopset, stemtoon, met wie die respondenten meestal kommunikeer, en rolle wat in die groep na vore kom. Die navorsingsbevindinge ten opsigte van al die respondenten in die twee groepe word in hierdie afdeling bespreek.


In Tabel 4 word die waarnemings ten opsigte van die algemene interaksiepatrone in die twee groepe numeries weergegee.

**Tabel 4: Algemene interaksiepatrone**

Algemene interaksiepatrone	Sessies sonder handpoppe			Sessies met handpoppe		
	Groep 1 (f)	Groep 2 (f)	Totaal (f)	Groep 1 (f)	Groep 2 (f)	Totaal (f)
Luister aktief	12	14	26	10	16	26
Afgetrokke	8	1	9	2	3	5
Kom gemaklik voor in groep	9	8	17	9	7	16
Kom ongemaklik voor in groep	1	0	1	1	0	1
Stemtoon: sterk, duidelik	9	8	17	9	9	18
Stemtoon: sag, onduidelik	2	0	2	2	1	3
Praat meestal met die groepwerker	8	0	8	1	2	3
Praat meestal met enkele groepplede	2	4	6	3	8	11
Praat met meeste groepplede	0	7	7	8	5	13
Leier	2	1	3	1	0	1
Stil lid	4	3	7	4	2	6
Dominerende lid	7	3	10	4	4	8
Nar/aandagsoeker	0	2	2	0	6	6
Ondersteuner	12	4	16	7	3	10

Met die oog op vergelyking van die data, word 'n visuele aanbieding van die algemene interaksiepatrone tussen die groepe wat met handpoppe aangebied is en groepe sonder handpoppe, in Figuur 2 weergegee.

## Interaksiepatrone tydens sessies met en sessies sonder die gebruik van handpoppe



**Figuur 2: Interaksiepatrone tydens sessies met en sessies sonder die gebruik van handpoppe**

Die interaksiepatrone wat ten opsigte van die respondent se **betrokkenheid by die groep** aangeteken is, is veral waargeneem in nie-verbale aanduidings dat hulle aktief na die groepsbespreking luister óf dat hulle afgetrokke voorkom. Die data, soos in Figuur 2 aangetoon, toon aan dat die gebruik van handpoppe nie 'n invloed op die eersgenoemde aspek gehad het nie. In hierdie opsig het die frekwensie van patronen dat die respondent aktief luister, dieselfde gebly ( $f=26$ ) ongeag of handpoppe benut is al dan nie. Dit blyk egter dat die benutting van handpoppe tot 'n groter betrokkenheid van respondentie by die groep geleid het. In die groepe waar handpoppe gebruik is, het observasies ten opsigte van afgetrokkenheid in die groep verlaag (vanaf  $f=9$  na  $f=5$ ; dus met  $f=4;44.4\%$ ).

Dit blyk dat die benutting van handpoppe tot 'n verhoging in **onderlinge interaksie** tussen die respondentē geleei het. In hierdie opsig, is daar op die volgende indikatore gelet: of die respondentē meestal met die groepwerker praat, meestal met 'n paar groeplede praat of meestal met die meeste groeplede praat. Vanuit Figuur 2 blyk dit dat die benutting van handpoppe geleei het tot 'n vermindering in die waargenome patronē waar respondentē meestal met die groepwerker gepraat het (vanaf  $f=8$  sonder handpoppe na  $f=3$  met handpoppe), wat op 'n verskil van 62.5% dui. Terselfdertyd het interaksiepatrone wat op kommunikasie met enkele ander groeplede dui, verhoog (vanaf  $f=6$  sonder die benutting van handpoppe na  $f=11$  met die benutting van handpoppe); dus met 83.3%. Soortgelyk, het kommunikasie wat tot die meeste ander groeplede gerig is, 'n verhoging getoon (vanaf  $f=7$  sonder handpoppe tot  $f=13$  met handpoppe); dus 'n verhoging van 85.7%. In totaal blyk dit dat die benutting van handpoppe 'n aanmerklike invloed op die onderlinge interaksiepatrone in die twee groepe gehad het.

Soos in Figuur 2 aangedui, het die patronē wat ten opsigte van die **stemtoon** van die respondentē waargeneem is, nie 'n spesifieke tendens aangedui wat aan die benutting van handpoppe gekoppel kon word nie. Die benutting van handpoppe het tot 'n minimale verhoging van die sterk sowel as die sage stemtoon onder die respondentē bygedra. Oor die algemeen het die respondentē met 'n helder, sterk stemtoon gepraat.

Die data in Figuur 2 dui voorts daarop dat die benutting van handpoppe nie 'n invloed gehad het op gedragspatrone wat op tekens van **gemak of ongemak in die groep** dui. Tekens van gemak in die groep is byvoorbeeld waargeneem waar respondentē 'n ontspanne en oop liggaamshouding getoon het, terwyl tekens van ongemak in gespanne, geslote of terughoudende liggaamshoudings waargeneem is. Die navorsing is van mening dat die respondentē in al die sessies gemaklik in die groepe was omdat hulle mekaar goed ken vanweë die feit dat hulle in dieselfde naskoolsentrum en sommiges in dieselfde klasse in die laerskool was.

Soos deur Adams en Galanes (2012:50-53) aangedui, is kommunikasie in groepe gebaseer op 'n interaktiewe proses tussen al die groeplede en is hierdie interaksie

die verantwoordelikheid van al lede van die groep. Die bevindinge van hierdie studie duï daarop dat die benutting van handpoppe 'n positiewe invloed op die interaksiepatrone in die groep gehad het. Dit is waargeneem in die verhoging van gedrag wat aanduidend van betrokkenheid by die groep en die verhoging van onderlinge kommunikasie tussen die groeplede in die groepsessies waar waar handpoppe as gespreksmedium benut is. Tydens die middelkinderjare is sosiale interaksie 'n belangrike deel van die kind se ontwikkeling (Dell'Antonia, 2011:1) en dit blyk dat die benutting van handpoppe onderlinge interaksie in die groepe bevorder het. Die bevordering van kommunikasie is een van die kenmerkende voordele van die gebruik van handpoppe, terwyl handpoppe nie spesifieke vaardighede van die kind vereis nie en daar dus 'n beperkte kans is dat die kind mislukking sal ervaar (Geldard et al., 2013:233, 235; Van der Merwe, 2001:133-134). Dit kon moontlik bydra tot die verhoging van interaksiepatrone tussen respondenten in die sessies waar handpoppe gebruik is.

Ten opsigte van gedragspatrone kenmerkend aan die onderskeie **rolle** wat algemeen in groepwerk waargeneem kan word, toon die data soos in Figuur 2 voorgestel 'n afname in die manifestasie van sommige rolle in sessies wat met handpoppe gefasiliteer is. In dié opsig was daar 'n afname in gedragspatrone wat gedui het op die rol van die leier ( $f=3$  sonder handpoppe na  $f=1$  met handpoppe), die stil lid ( $f=7$  na  $f=6$ ), die dominerende lid ( $f=10$  na  $f=8$ ) en die ondersteuner ( $f=16$  na  $f=10$ ). Aan die ander kant, het gedragspatrone wat aanduidend was van die rol van nar of aandagsoeker 'n verhoging getoon in sessies waar handpoppe gebruik is ( $f=6$ ) teenoor sessies waar handpoppe nie gebruik is nie ( $f=2$ ). Dit blyk dus dat die mees opvallende veranderinge ten opsigte van die rolle van ondersteuner ('n afname van  $f=6$ ) en nar ('n toename van  $f=4$ ) was.

Groepsrolle kan 'n positiewe of negatiewe effek op die groepsdinamika hê (Conyne, 2014:84). Die rol van ondersteuner kan byvoorbeeld 'n positiewe invloed op die groep hê, terwyl die rolle van die stil lid en nar of aandagsoeker as 'n negatiewe rolle gesien word (Adams & Galanes, 2012:101-102; Toseland & Rivas, 2012:244). Die navorsing het waargeneem dat die handpoppe dikwels 'n meer ontspanne en spelerige interaksie tussen die respondenten uitgelok het, wat tot die toename in die

rol van die nar kon bydra. Ten spyte van hierdie gedrag, het die betrokke groeplede tog opgelet en aktief na die besprekings geluister.

In die vergelyking van die waargenome **interaksiepatrone** tussen die **twee groepe**, blyk dit dat daar nie so 'n sterk ooreenkoms tussen die twee groepe was ten opsigte van die toename of afname in waarnemings soos in die geval van die verbale- en nie-verbale kommunikasiepatrone wat in Tabel 3 voorgestel is nie. In hierdie opsig het slegs vier (4) indikatore ooreenstemmende tendense getoon:

- In albei groepe het was daar geen verskil in waargenome tekens van ongemak in sessies waar handpoppe benut is teenoor dié sonder handpoppe nie.
- In beide groepe het die gebruik van handpoppe daartoe geleid dat respondenten meer met enkele ander respondenten in die groep praat.
- Die benutting van handpoppe het in albei groepe tot 'n afname in die voorkoms van gedragspatrone in die rol van leier geleid.
- In beide groepe was daar ook 'n afname in die gedrag wat die rol van ondersteuner aandui in die geval waar handpoppe gebruik is.

Dit blyk dat Groep 1 ten opsigte van sekere indikatore 'n groter verskil in vergelyking met Groep 2 getoon het wanneer handpoppe benut is. So byvoorbeeld het die benutting van handpoppe in Groep 1 tot 'n relatiewe groot afname in tekens van afgetrokkenheid geleid (vanaf  $f=8$  na  $f=2$ ; dus 75%). In Groep 1 het die benutting van handpoppe ook geleid tot 'n afname in die tendens om meestal met die groepwerker (navorser) te praat (vanaf  $f=8$  na  $f=1$ ; dus 87.5%) en tot 'n toename in interaksie met die meeste ander groeplede (vanaf  $f=0$  na  $f=8$ ).

Die navorser wou ook die respondenten se persoonlike ervarings ten opsigte van die benutting van handpoppe as gespreksmedium eksplorere. Hierdie data word in Afdeling C bespreek.

### 3.4.3 AFDELING C: KWALITATIEWE BEVINDINGE

Die kwalitatiewe data oor die respondenten se ervaring van die benutting van handpoppe is ingesamel met behulp van individuele onderhoude wat die navorser na

afloop van die groepwerkprogram met elke respondent gevoer het. Die onderhoude is digitaal opgeneem en getranskribeer. Die temas wat in die inligting na vore gekom het, word vervolgens bespreek. Die temas fokus op die respondent se ervaring ten opsigte van die keuse van handpoppe, om deur die handpoppe te praat, om die handpoppe self te kan manipuleer, en op die invloed van die gebruik van handpoppe op hul deelname in die groep.

### **3.4.3.1 Tema 1: Die keuse van die handpoppe**

Op 'n vraag ten opsigte van die respondent se ervaring om 'n handpop te kan kies, het die meeste van die respondent aangedui dat dit vir hulle 'n moeilike taak was. In hierdie verband is die volgende opinies gelug:

"Moeilik ... daar was baie." (Respondent 1)

"... want daar was baie om van te kies." (Respondent 6)

"Dit was baie lekker maar moeilik om 'n handpop te kies want daar was baie poppe gewees." (Respondent 3)

"Moeilik ... daar was twee wat ek nie kon kies nie (want) toe kies Z mos een." (Respondent 2)

Die meeste van die respondent het gevind dat die groot aantal handpoppe dit moeilik gemaak het om 'n spesifieke handpop te kies. Een respondent het dit moeilik gevind wanneer sy 'n handpop wou kies wat 'n ander groeplid reeds gekies het. Verdere eksplorasie het egter aan die lig gebring dat hierdie respondent van mening was dat die verskeidenheid van handpoppe nie verminder moes word nie, aangesien hulle dit geniet het om tussen die verskillende handpoppe te kies.

Van die respondent het egter daarvan gehou dat daar 'n verskeidenheid handpoppe was, soos uit die volgende aanhalings blyk:

"... daar was lekker baie handpoppe." (Respondent 8)

"Lekker, want daar was baie verskillendes om van te kies." (Respondent 9)

Blom (2006:165) verduidelik dat dit belangrik is om 'n wye verskeidenheid handpoppe beskikbaar te stel waaruit die kind kan kies. Die navorser het egter die verskeidenheid handpoppe beperk tot handpoppe wat diere, onder andere plaas- en

wilde diere voorstel met die oog daarop om fantasie te bevorder om so 'n gevoel van veiligheid te bevorder (Henderson & Thompson, 2011:582). In hierdie studie het die navorsers 'n totaal van 24 handpoppe beskikbaar gestel. Dit blyk dat hierdie hoeveelheid vir die meeste respondentes te veel was, maar dat dieselfde respondentes ook nie minder handpoppe sou verkieks nie. Die voordeel daarvan dat die respondentes self die handpoppe kon kies, is dat hulle 'n gevoel van beheer in die groep kon ervaar (Geldard et al., 2013:178; Jäger & Ryan, 2007:446).

### **3.4.3.2 Tema 2: Gesprekvoering deur die handpoppe**

Inligting wat deur middel van die onderhoude met die respondentes ingesamel is, duis daarop dat die meeste respondentes dit geniet het om deur die handpop te praat en dit makliker gevind het om bydraes deur die gebruik van die handpop te lewer. Respondentes het ook hul menings gelug oor die groepsbesprekings met of sonder handpoppe.

- Sub-tema 2.1: Die gebruik van die handpop om te praat**

Die meeste van die respondentes het dit geniet om deur die handpoppe te praat, soos uit die volgende bydraes blyk:

“Want dan kan ons lekker praat en ons handjies beweeg.” (Respondent 10)

“Lekker, want hul monde kan lekker praat ... want jy kan praat ... Dit was eintlik bietjie snaaks ... ek het daarvan gehou” (Respondent 7)

“Baie lekker ... want ons het met dit gepraat en dit het gewerk.” (Respondent 9)

Een van die respondentes het genoem dat dit vir hom makliker was om sonder die gebruik van die handpop te praat en het die volgende rede verskaf:

“Want dan moet jy met jou hand die mond van die handpop beweeg en sonder hom kan jy net praat.” (Respondent 6)

Ander respondentes het aangetoon dat nie 'n verskil gemaak het of hulle met of sonder die handpop aan die groepsgesprek deelgeneem het nie:

“Dit was maklik met die handpop en sonder hom.” (Respondent 5)

“Dis ewe lekker met of sonder die handpoppe.” (Respondent 10)

Dit blyk dat die meeste van die respondenten dit geniet het om deur middel van die handpoppe in die groep te kommunikeer. Een van die doelwitte van die benutting van handpoppe met kinders is om kommunikasie te bevorder (Geldard et al., 2013:235). Wanneer handpoppe gebruik word, ervaar kinders kommunikasie as minder bedreigend, wat dan hul deelname aan gesprekke kan bevorder (Blom, 2006:163). Soos blyk uit die respondenten se antwoorde, mag sommige kinders dit egter moeilik vind om die handpop te manipuleer terwyl hulle praat en dit derhalwe makliker vind om sonder die benutting van handpoppe te praat.

Van die respondenten was van mening dat hulle makliker ‘n bydrae tot die groep kon lewer wanneer hulle handpoppe gebruik het. Hierdie aspek word as die volgende sub-tema bespreek.

- **Sub-tema 2.2: Makliker om ‘n bydrae te lewer**

‘n Aantal respondenten het aangetoon dat dit makliker was om ‘n mening in die groep te lug wanneer hulle van handpoppe gebruik gemaak het. Hulle het dit soos volg gestel:

“Ja, dis baie maklik ... (omdat dit dit handpop is wat iets sê).”  
(Respondent 3)

“Dis beter as die handpop praat.” (Respondent 4)

“... dis makliker om te antwoord ... om die handpop te word en hy kan praat.” (Respondent 2)

“Deur die handpop ... want jy kan hom so beweeg.” (Respondent 9)

Kinders projekteer gewoonlik hul gedagtes en emosies op die handpop en is dus meer geneig om vryelik hul idees bekend te maak (Blom, 2006:163-164; Geldard et al., 2013:233). Van der Merwe (2001:133) verduidelik dat handpoppe tydens terapie simboliese afstand tussen die kind en probleem kan bied. Dit kan daar toe bydra om die bespreking van moeilike onderwerpe (soos afknouery in die geval van die studie) te vergemaklik. Soos uit die bovenoemde bydraes na vore kom, het die gebruik van handpoppe sommige respondenten veiliger laat voel om bydraes in die groep te maak

(Jäger & Ryan, 2007:446). Nie al die respondentē het egter verkies dat handpoppe in die groep gebruik is nie, soos vervolgens bespreek.

- **Sub-tema 2.3: Groeps gesprek met of sonder gebruik van handpoppe**

Die meeste respondentē het aangetoon dat hulle verkies om met die benutting van handpoppe in die groep te kommunikeer. Hulle het die volgende menings gelug:

“Ook lekker (sonder die handpoppe) maar dit was meer lekker om met die handpop te praat.” (Respondent 5)

“Nie regtig baie lekker nie (sonder die handpoppe) ... want dis eintlik baie lekker met die handpoppe.” (Respondent 7)

Een respondent het egter nie van die benutting van handpoppe gehou nie, soos uit die volgende aanhaling blyk: “Want dit is nie lekker om dit so te doen nie” (Respondent 7).

Weereens, was daar respondentē wat nie omgegee het of daar handpoppe in die groep gebruik is al dan nie. Een respondent het die volgende mening gelug: “Dis ewe lekker met of sonder die handpoppe” (Respondent 5).

In die literatuur word daar na verskeie voordele van die benutting van handpoppe verwys, byvoorbeeld dat dit ‘n gevoel van veiligheid skep en kommunikasie en ‘n gevoel van beheer bevorder (Blom, 2006:163; Geldard et al., 2013:177; Jäger & Ryan, 2007:446). Soos in die studie bevind, sal alle kinders egter nie noodwendig verkies om handpoppe te gebruik nie. Die maatskaplike werker moet derhalwe individuele kinders se voor- of afkeure in ag neem. Kinders se ervaring van die manipulering van die handpoppe moet ook in ag geneem word.

#### **3.4.3.3 Tema 3: Die manipulering van die handpoppe**

Sommige respondentē het dit geniet om die handpoppe te kan manipuleer. Hulle het hul ervaring soos volg beskryf:

“Want dit was lekker om die handpop te beweeg.” (Respondent 8)

“Lekker want jy kan praat en dis cool om met dit te praat en te speel.” (Respondent 6)

“Beter met die handpop ... want jy kan die handpop se mond en als beweeg.” (Respondent 3)

Van die respondenten het egter die manipulering van die handpoppe moeiliker of minder aangenaam gevind. Hulle het dit soos volg gestel:

“Want ek het nie heeltyd geweet hoe om die handpop te hou en met (deur) hom te praat nie.” (Respondent 10)

“... Want dan moet jy met jou hand die mond van die handpop beweeg (wat moeiliker is as om bloot self te praat).” (Respondent 6)

“Dit was lekker ... ek het net bietjie gesweat.” (Respondent 5)

“Dis nie lekker nie want mens sweet.” (Respondent 8)

Die literatuur toon aan dat handpoppe nie spesifieke vaardighede van kinders vereis nie en dat die manipulering van die handpoppe dus na verwagting as positief ervaar sal word (Geldard et al., 2013:182, 233; Van der Merwe. 2001:133-134). Die meeste respondenten het dan ook die manipulering van die handpoppe as ‘n positiewe ervaring beleef. Soos deur twee respondenten aangedui, vind sommige kinders dit egter moeiliker om handpoppe te manipuleer. Kinders in die middelkinderjare het oor die algemeen goed-ontwikkelde fyn motoriese vaardighede en kan derhalwe aktiwiteite soos skryf, teken en die speel van musiekinstrumente bemeester (Louw & Louw, 2014:227). Daar moet egter in ag geneem word dit dat kinders se tempo van ontwikkeling verskil en daar kan nie aanvaar word dat alle kinders met gemak die handpoppe kan bemeester nie.

In die geval van hierdie studie blyk dit dat die fisiese omgewing ook ‘n rol in die respondenten se ervaring van die gebruik van handpoppe gespeel het. Die empiriese navorsing is aan die begin van die somer uitgevoer. Die tyd van die dag waarop die groepwerkssessies gehou is, naamlik in die namiddag, was ook baie warm. Sommige respondenten het dus gekla dat die gebruik van die handpoppe hul hande laat sweat.

### **3.4.3.4 Tema 4: Deelname en konsentrasie in die groep**

Handpoppe word as ‘n effektiewe speltegniek vir kinders in die middelkinderjare beskou (Blom, 2006:163). Omdat dit ‘n nie-bedreigende tegniek is, kan dit kinders help om meer vryelik met ander te kommunikeer. Die navorsing het die respondenten

se menings gevra oor hul ervaring van die invloed van handpoppe op groeplede se deelname aan en konsentrasie in die groep.

- **Sub-tema 3.1: Deelname in die groep**

Sommige van die respondenten was van mening dat hul deelname en die deelname van die ander groeplede beter was in die groepe waar handpoppe gebruik is, soos in die onderstaande bydraes verduidelik:

“Beter, want dan is daar meer maatjies.” (Respondent 1)

“Hulle het baie meer gesels.” (Respondent 4)

Twee respondenten het egter gevind dat die gebruik van die handpoppe die aard van die groeplede se deelname aan die groeps gesprek negatief beïnvloed het. Hulle het die volgende menings gelug:

“Slegter ... want hulle het almal vieslik met mekaar gepraat.”  
(Respondent 9)

“Dit was nie lekker toe hulle my seergemaak het toe hulle die handpoppe gehad het nie.” (Respondent 7)

Handpoppe is ‘n speltegniek wat afstand bied en veronderstel is om aan kinders die vrymoedigheid gee om sterk emosies en ervarings, beide positief en negatief, sonder die vrees vir veroordeling uit te druk (Geldard et al., 2013:233-235). In opvoedkundige groepe word media en aktiwiteite gebruik om kinders aktief by die groep te betrek (Geldard et al., 2013:97, 100). Dit blyk dat sommige respondenten van hierdie voordele van handpoppe in die groep bewus geraak het. Dit mag egter wees dat die groter vrymoedigheid en minder vrees vir veroordeling daartoe geleid het dat van die respondenten meer geneig was om ook negatiewe gedrag in die groep te openbaar. ‘n Aantal respondenten het ook ervaar dat die benutting van handpoppe hul konsentrasie in die groep geaffekteer het.

- **Sub-tema 3.2: Konsentrasie in die groep**

Een van die respondenten het aangedui dat, hoewel sy dit makliker gevind het om deur die handpop te praat, sy dit moeilik gevind het om te konsenteer wanneer sy

die handpop gebruik het. Sy het dit as volg verduidelik: "Want jy moet dink aan jou handpop en wat gaan hy nou praat" (Respondent 1).

Twee respondentte het opgemerk dat van die ander lede in die groep minder gekonsentreer het wanneer daar van handpoppe gebruik gemaak is. In hierdie oopsig, het hulle die volgende genoem:

"N het nie geluister nie en E het die heeltyd gesit en speel. J wou ook nie altyd saamspeel nie." (Respondent 5)

"Want hulle het geskree en rondgehardloop en net 'kwa-kwa-kwa' gemaak." (Respondent 8)

"Want hulle luister nie as juffrou (die navorser) praat nie." (Respondent 7)

Een respondent het egter ervaar dat sy beter kon konsentreer wanneer die handpoppe in die groepe gebruik is. Sy het dit soos volg verduidelik: "Beter (gekonsentreer) ... want ons het lekker met dit gewerk" (Respondent 9).

Uit die bovenoemde bydraes blyk dit dat handpoppe 'n positiewe en negatiewe effek op die konsentrasie van groeplede in 'n groep kan hê. 'n Paar respondentte het die negatiewe effek van handpoppe op verskillende wyses ervaar. In die geval van een respondent, het 'n te groot fokus op die handpop haar daarvan weerhou om spontaan aan die groep deel te neem. In ander gevalle blyk dit dat van die respondentte met die handpoppe begin speel het, wat veroorsaak het dat hulle nie aan die groepsgesprek deelneem nie, nie na die groepwerker luister nie, en selfs ontoepaslike gedrag in die groep openbaar.

Kinders in die middelkinderjare beskik reeds oor 'n goeie konsentrasievermoë (Louw & Louw, 2014:231-233). Dit blyk dat die benutting van handpoppe in hierdie studie daartoe kon bydra dat sommige respondentte meer op die handpoppe as op die groepsgesprek gefokus het. Voorts kon die konsentrasie van die respondentte moontlik ook geaffekteer word deur eksterne faktore buite die navorser se beheer. Dit sluit aspekte in soos die tyd van die dag wanneer die groepsessies plaasgevind het (laatmiddag), die hoë tempratuur in die vertrek en dat sommige respondentte

voor die groep aan buitemuurse aktiwiteite deelgeneem het wat hul energievlakke in die groep kon affekteer.

### **3.4.4 BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSBEVINDINGE**

Beide die kwantitatiewe- en kwalitatiewe bevindinge van die studie het 'n aanduiding gegee van die invloed van die gebruik van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in hul middelkinderjare.

Die kwantitatiewe data dui daarop dat handpoppe die respondentē se **kommunikasie** in die groep bevorder het. Dit blyk uit die toename in aktiewe bydraes in groepe waar handpoppe gebruik is, asook in die inisiëring van nuwe onderwerpe of nuwe aspekte van 'n onderwerp wat bespreek is. Data dui daarop dat respondentē ook minder geneig was om ander groeplede se memings na te volg wanneer handpoppe in die groepsessies gebruik is. Die kwalitatiewe data ondersteun die bogenoemde bevindinge en dui daarop dat die meeste van die respondentē dit geniet het om die handpoppe as medium vir gesprekvoering te gebruik en dat sommige respondentē ook aangedui het dat dit makliker is om deur die handpoppe te praat.

Die bogenoemde bevindinge kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat handpoppe as 'n spelmedium projeksie toelaat, wat daartoe lei dat kinders die veiligheid ervaar om makliker oor hul ervarings en emosies praat (Blom, 2006:128; Geldard et al., 2013:40). Volgens die Gestaltbenadering tot spelterapie word dit gestel dat projektiewe tegnieke kinders in staat stel om te kommunikeer op 'n manier wat eie is aan die kind (Oaklander, 2006:37). In die groepe het handpoppe dus die respondentē se kontakvaardighede, dus aspekte soos tas, visie, luister, taal en gebare, bevorder (Oaklander, 2006:22).

Die navorsingsbevindinge toon ook dat die benutting van handpoppe tot 'n verhoging van die bespreking van feitelike aspekte in die groepe geleid het. Hoewel die respondentē meermale sensitiewe aspekte wat met positiewe emosies en ervarings gepaard gaan bespreek het wanneer handpoppe benut is, het die frekwensie van bespreking van sensitiewe onderwerpe wat met negatiewe emosies en ervarings

gepaard gaan, minimaal verhoog. Tog kan daarop gewys word dat een van die voordele van handpoppe is dat dit kinders help om op 'n nie-bedreigende wyse te kommunikeer (Blom, 2006:163; Geldard et al., 2013:177; Jäger & Ryan, 2007:446).

Die kwalitatiewe data bevestig dat respondenten dit makliker gevind het om deur die handpop te praat, soos deur een respondent gestel: "... dis makliker ... om die handpop te word en hy kan praat." Tydens die semi-gestrukteerde onderhoude het die meeste respondenten aangetoon dat hulle dit verkies om deur handpoppe in die groep te praat. Dit mag egter wees dat die groepskohesie op die betrokke stadium in die groepe se ontwikkeling nie genoegsaam was vir die lede om die onderlinge vertroue te ervaar om meer sensitiewe aspekte te bespreek nie (Toseland & Rivas, 2012:80; Zastrow, 2012:21).

Die benutting van handpoppe het geleid tot 'n verlaging in "ek"-stellings en tot 'n verhoging in stellings in die derde persoon. Hierdie tendens kan moontlik 'n gevolg van projeksie wees. Projeksie behels dat die kind sy/haar eie ervarings of emosies op iets of iemand anders verplaas en so daaraan uiting gee (Corey, 2013:199; Schoeman, 2001:64). Die feit dat die kind die handpop as afsonderlik tot die self sien (Geldard et al., 2013:233) kon in die geval van hierdie studie moontlik tot minder "ek"-stellings lei. Die bydrae van een van die respondenten in die individuele onderhoude kan moontlik lig hierop werp: "Dis beter as die handpop praat."

Ten opsigte van die respondenten se **interaksie** in die groep, toon die kwantitatiewe data dat respondenten met die benutting van handpoppe nie aanduidings getoon het dat hulle meer aktief luister in die groepe nie. Dit blyk egter dat handpoppe meegehelp het dat die respondenten minder geneig was om afgetrokke te wees in die groep. Hierdie waarnemings is in die kwalitatiewe onderhoude bevestig waar respondenten aangetoon het dat hulle beter kon konsentreer wanneer hulle handpoppe gebruik het. Hierdie aspek hang nou saam met die Gestaltkonsep 'kontak', wat aandui dat die kind in aanraking is met wat in die hier-en-nou gebeur (Blom, 2006:29). Kinders se kontak met ervarings en emosies word sodoende verhoog (Henderson & Thompson, 2011:599). Tog het die kwalitatiewe data ook aangedui dat die benutting van handpoppe sommige van die respondenten se aandag

afgelei het. Dit blyk dat van die respondentie minder op die gesprek kon konsentreer omdat hulle dit moeilik gevind het om die handpop te manipuleer of omdat hulle met die handpoppe begin speel het in plaas daarvan om dit as gespreksmedium te gebruik.

Die kwantitatiewe data toon dat die benutting van die handpoppe die onderlinge interaksie in die groep verhoog het, in die sin dat die respondentie minder geneig was om met die groepswerker te praat en meer onderling met mekaar gepraat. Hierdie tendens is deur die kwalitatiewe onderhoude bevestig, waar sommige respondentie aangetoon het dat hulle "meer maatjies" gehad het en onderling "meer gesels" het. Die kwalitatiewe data dui egter ook daarop dat die verhoogde interaksie weens die benutting van die handpoppe nie altyd positief ervaar is nie, aangesien sommige respondentie klaarblyklik die handpoppe gebruik het om ander seer te maak of op 'n afbrekende manier met ander te praat.

Een van die kenmerke van handpoppe as speltegniek is dat dit afstand bied wat kinders die vrymoedigheid gee om positiewe sowel as negatiewe aspekte te projekteer, terwyl die handpop vir die woorde of gedrag verantwoordelik gehou word (Blom, 2006:164; Geldard et al., 2013:234-235). Sommige kinders mag derhalwe gepaste grense oorskrei wanneer hulle handpoppe gebruik. Hierdie verklaring kan moontlik ook geld vir die rol van nar wat verhoog het in groepe waar handpoppe gebruik is. Die rolle in die groep word vervolgens bespreek.

Op grond van die kwantitatiewe waarnemings blyk dit dat die benutting van handpoppe 'n effek op die manifestasie van sekere rolle in die groep gehad het. Dit blyk dat respondentie op 'n meer gelyke vlak in die groep deelgeneem het, soos gesien word in die afname van die rolle van leier, stil lid, dominerende lid en die ondersteuner. Behalwe vir die laasgenoemde rol, blyk dit dat die invloed van handpoppe op die ander rolle relatief beperk was. Voorts was daar 'n merkbare toename in die waarneming van gedrag wat op die rol van nar of aandagsoeker dui. Laasgenoemde is ook deur inligting in die kwalitatiewe onderhoude bevestig. In die onderhoude het een respondent genoem dat die handpoppe daartoe lei dat sommige groeplede rondhardloop en geluide maak, terwyl 'n respondent gekla het

dat ander die handpoppe gebruik het om hom seer te maak. Dit blyk dus dat die benutting van handpoppe tot 'n afname in sommige positiewe rolle soos die leier en ondersteuner, sowel as in negatiewe rolle soos die stil lid of die dominerende lid, gelei het (Adams & Galanes, 2011:99-100; Conyne, 2014:87-88; Toseland & Rivas, 2012:245-248). Aan die ander kant het die rol van nar of aandagsoeker, wat as 'n negatiewe rol beskou word, met die benutting van die handpoppe toegeneem.

Vergelyking van die data in Tabel 3, toon dat die invloed van handpoppe as gespreksmedium op die twee groepe tot 'n groot mate ooreengestem het ten opsigte van die toename of afname in die onderskeie indikatore van kommunikasie. Die data in Tabel 4 toon egter dat daar min ooreenkoms tussen die twee groepe was ten opsigte van die invloed van handpoppe op onderlinge interaksiepatrone. Die afleiding kan gemaak word dat die unieke eienskappe van elke groep in hierdie verband 'n rol sal speel.

'n Aspek wat in die kwalitatiewe data na vore gekom het, was dat die meeste respondenten dit moeilik gevind het om handpoppe te kies. Redes is aangevoer as dat daar te veel handpoppe was of dat 'n ander groepslid die handpop gekies het wat die respondent wou kies. Dit het egter ook na vore gekom dat die meeste van die respondenten wat die keuse van handpop moeilik gevind het, nie wou hê dat daar minder handpoppe moes wees nie.

Die navorsers is van mening dat kontekstuele faktore soos die tyd van die dag wanneer die groepsessies gehou word, die fisiese omgewing, die klimaat, asook ander na-skoolse aktiwiteite wat die respondenten mag bywoon, 'n invloed op die respondenten se konsentrasievermoë gehad het. Die navorsers het waargeneem dat ander verpligtinge, soos buitemuurse aktiwiteite en huiswerk waaraan hulle moes deelneem, soms die respondenten se aandag afgelei het. Masson et al. (2012:55-56) dui daarop dat die tyd van die dag wanneer die groep aangebied word, 'n impak op die groep kan hê. Groepwerk wat net na middagte of later in die dag aangebied word wanneer die groepleden waarskynlik moeg is, kan die groepleden se deelname negatief beïnvloed. Voorts het die fisiese omgewing (klaskamer) ook 'n invloed op

die respondent se konsentrasie gehad aangesien die dae warm was en die klaskamer baie warm geword het.

### 3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetodologie, die etiese riglyne wat tydens die navorsing gevolg is, en die kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsingsbevindinge bespreek. Die navorsingsbevindinge toon dat die benutting van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare meestal 'n positiewe invloed op die kommunikasie en interaksiepatrone in die groepsessies gehad het. Daar was egter ook 'n mindere voorkoms van 'n negatiewe of minder gewenste invloed wat deur die groepwerker in ag geneem moet word. In die laaste hoofstuk, Hoofstuk 4, sal die navorsing bespreek, asook aantoon hoe die doelwitte van die studie bereik is.

## HOOFTUK 4

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 4.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie was om die invloed van handpoppe as gespreksmedium in groepwerk met kinders in die middelkinderjare te bepaal. 'n Literatuurstudie wat op die relevante aspekte van die onderwerp fokus, is in Hoofstuk 2 aangebied. Die navorsingsmetodologie, etiese oorwegings en die navorsingsbevindinge is in Hoofstuk 3 aangebied. In hierdie hoofstuk sal die navorsing die sleutelbevindinge van die studie opsom, gevvolg deur gevolgtrekkings en aanbevelings wat op die navorsingsbevindinge gebaseer is. Daarna sal aangetoon word hoe die doel en doelwitte van die studie bereik is.

#### 4.2 KERNBEVINDINGE VAN DIE STUDIE

Die kernbevindinge van die studie word in die onderstaande afdelings aangebied.

##### 4.2.1 Literatuurstudie en teoretiese benadering

Op grond van die literatuurstudie en die teoretiese benadering tot die studie, te wete Gestaltteorie, kom die volgende na vore:

- Spel is 'n natuurlike wyse waarop kinders kommunikeer. In die Gestaltbenadering tot speltherapie word speltegnieke as gespreksmedium gebruik met die veronderstelling dat kinders hul gedagtes en emosies op die spelmedium projekteer en dus makliker oor hul emosies en gedagtes praat.
- Handpoppe as speltegniek het die voordeel dat dit kinders in staat stel om op 'n nie-bedreigende manier te kommunikeer. Dit verhoog die kans dat kinders veilig voel om oor situasies en emosies te praat. Handpoppe is 'n gepaste tegniek vir kinders in die middelkinderjare.
- Handpoppe word as geskikte speltegniek vir groepwerk beskou. Navorsing oor die benutting van handpoppe in groepverband blyk egter beperk te wees.

#### **4.2.2 Die invloed van handpoppe op kommunikasiepatrone in die groepe**

Die kwantitatiewe bevindinge van die studie bevestig dat handpoppe oor die algemeen verbale- en nie-verbale kommunikasie in die twee groepe respondentē bevorder het. Die volgende bevindinge dien ter stawing:

- Die benutting van handpoppe het tot 'n verhoging in aktiewe bydraes deur respondentē in die twee groepe gelei.
- Respondentē was meer geneë om nuwe aspekte van 'n bespreking of 'n nuwe besprekingsonderwerp te inisieer wanneer daar van handpoppe as gespreksmedium gebruik gemaak is.
- Hoewel die aktiewe bydraes deur die respondentē in die groepe verhoog het wanneer handpoppe benut is, blyk dit dat die toename in bydraes meestal op feitelike aspekte gefokus het. Feitlike aspekte is gekenmerk deur bydraes wat fokus op konkrete aspekte en besprekings van 'n meer oppervlakkige aard.
- Die benutting van handpoppe het tot 'n verhoging in die bespreking van sensitiewe aspekte gelei, mits die bespreking met positiewe assosiasies gepaard gegaan het. Die gebruik van handpoppe het byna geen invloed gehad op die bespreking van sensitiewe aspekte waarby negatiewe assosiasies betrokke was nie. Sensitiewe aspekte is gekenmerk deur besprekings van emosies of probleme.
- In sessies waar handpoppe gebruik is, blyk dit dat respondentē minder geneig was om bloot die mening van ander groeplede na te volg. Dit het gepaard gegaan met 'n klein verhoging van patronē waar respondentē nie-verbaal aangetoon het dat hul nie met 'n ander se opinie saamstem nie.
- Die benutting van handpoppe het tot 'n afname in die gebruik van "ek"-stellings deur die respondentē geleid, en 'n toename in stellings wat in die derde persoon gemaak is.

#### **4.2.3 Die invloed van handpoppe op interaksiepatrone in die groepe**

Op grond van die tendense wat ten opsigte van die interaksiepatrone in die twee groepe waargeneem is, word die onderstaande bevindinge aangebied:

- In die groepsessies waartydens handpoppe as gespreksmedium gebruik is, het die respondentie minder tekens van afgetrokkenheid getoon. Die benutting van handpoppe het egter geen invloed op hul aktiewe luister in die groep getoon nie.
- Ten opsigte van onderlinge interaksie in die groep, het die benutting van handpoppe daar toe bygedra dat respondentie meer met ander groeplede gepraat het. In sommige gevalle het die respondentie meer met enkele ander lede van die groep gepraat. In ander gevalle het hulle meer interaksie met die meeste groeplede getoon.
- Die groter interaksie tussen die respondentie onderling het gepaard gegaan met 'n afname in kommunikasie en interaksie wat meestal tot die groepwerker (navorser) gerig is.
- In die sessies waartydens handpoppe gebruik is, was daar 'n afname in gedragspatrone wat op sekere groepsrolle, naamlik die rolle van leier, die stil lid, die dominerende lid en die ondersteuner.
- Hier teenoor was daar 'n verhoging in die gedragspatrone wat dui op die rol van die nar of aandagsoeker in die groep tydens die groepsessies waar handpoppe benut is.
- Sekere indikatore van groepsinteraksie is nie deur die benutting van handpoppe beïnvloed nie. Die stemtoon van die respondentie, byvoorbeeld hard en duidelik teenoor sag en onduidelik, en aanduidings van respondentie sevlak van gemak of ongemak in die sessies is nie deur die benutting van handpoppe geraak nie.

#### **4.2.4 Groeplede se ervaring van die benutting van handpoppe**

Temas wat in die kwalitatiewe onderhoude geïdentifiseer is, het dikwels die kwantitatiewe bevindinge ondersteun. Die kwalitatiewe bevindinge dui op die volgende:

- Die meeste respondentie was ten gunste van die gebruik van handpoppe om mee te kommunikeer. 'n Minderheid van die respondentie het egter nie 'n verskil ervaar tussen kommunikasie met of sonder die handpoppe nie.
- Die respondentie hetveral drie redes aangevoer waarom hulle ten gunste van die benutting van handpoppe was: die respondentie het dit geniet om deur die

handpoppe te praat, hulle het dit makliker gevind om 'n opinie te lug wanneer die handpoppe benut is, en hulle het dit geniet om die handpoppe te manipuleer. Hierdie faktore is kenmerkende voordele van handpoppe as speltegniek.

- Dit blyk egter dat sommige respondente probleme ondervind het om tegelykertyd op die handpop en die groepsgesprek te fokus, terwyl ander dit onaangenaam gevind het omdat hulle hand in die handpoppe gesweet het. Kontekstuele faktore, naamlik die warm somersmiddae waartydens die groepsessies gehou is, kon tot die laasgenoemde bydra.
- Respondente was van mening dat die benutting van handpoppe die onderlinge interaksie in die groepe verhoog het. Dit blyk egter dat die aard van die interaksie met die handpoppe soms negatief was omdat dit tot onaanvaarbare taal en gedrag geleid het.
- Sommige respondente het ook 'n negatiewe effek van die benutting van handpoppe op die konsentrasie van die groeplede opgemerk. Hulle was van mening dat sommige respondente te veel op die handpop gefokus het en nie op die gesprek gekonsentreer het wanneer handpoppe gebruik is nie.
- Van die respondente het genoem dat dit vir hulle moeilik was om uit die groot aantal handpoppe te kies. Die meeste van die respondente was egter nie ten gunste daarvan dat die aantal handpoppe verminder word nie.

#### 4.2.5 Vergelyking tussen die twee groepe

In hierdie studie is die respondenten in twee groepe ingedeel. Dieselfde program is met beide groepe gevvolg en handpoppe is in beide groepe in dieselfde sessies benut. Die twee groepe was relatief homogeen ten opsigte van hul ouderdom, geslag en skoolstanderd. In die vergelyking van die data tussen die twee groepe kom die volgende na vore:

- Die waargenome tendense ten opsigte van toename en afname in bepaalde indikatoren van kommunikasie het tot 'n groot mate ooreenstemming tussen die twee groepe getoon.

- Betreffende die tendense ten opsigte van die onderlinge interaksie in die groep, was daar egter meer variasie tussen die twee groepe in die invloed van die benutting van handpoppe.

#### 4.3 GEVOLGTREKKINGS

Die volgende gevolgtrekkings word op grond van die kernbevindinge van die navorsing gemaak:

- Soos aangedui in die literatuur, kan handpoppe kan beskou word as 'n gepaste gespreksmedium tydens groepwerk en met kinders in die middelkinderjare.
- Kinders in die middelkinderjare is oor die algemeen gemaklik met die gebruik van handpoppe, wat daarvan toegeskryf word dat handpoppe 'n genotvolle aktiwiteit is, dat dit makliker is om deur handpoppe te kommunikeer en dat hulle dit geniet om die handpoppe te beweeg. Handpoppe kan groeplede dus veiliger en meer in beheer laat voel.
- Die benutting van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk kan daartoe bydra dat groeplede se aktiewe bydraes in die groepsessies verhoog. Verhoogde deelname dui op die kenmerkende voordele van handpoppe om kommunikasie by kinders te bevorder. Volgens Gestaltteorie, dui dit op 'n bevordering van groeplede se kontakvaardighede.
- Hoewel handpoppe beskou word as 'n speltegniek wat 'n ervaring van veiligheid by die kind bevorder, mag dit op sigself egter nie genoegsame veiligheid bied vir kinders om oor sensitiewe aspekte met negatiewe inhoud te praat indien die groepskohesie nie genoegsaam ontwikkel het nie.
- Die gevoel van veiligheid wat deur die proses van projeksie bevorder word, mag daartoe lei dat groeplede met die gebruik van handpoppe meer geneë sal wees om hul eie opinie in die groep te handhaaf en minder geneig sal wees om ander groeplede se mening na te volg.
- Handpoppe kan bydra om die onderlinge interaksie in die groep te verhoog. Dit kan gewenste patronen van groepsinteraksie bevorder, waar lede onderling met mekaar te praat en nie hoofsaaklik met die groepwerker kommunikeer nie.

- Die benutting van handpoppe kan die manifestering van groepsrolle beïnvloed. Die invloed in hierdie opsig mag positief of negatief wees. So, byvoorbeeld mag dit gebeur dat die rol van die stil lid of die dominerende lid verminder, maar die rol van die nar of aandagsoeker verhoog.
- Hoewel handpoppe tot groter betrokkenheid in die groep kan lei, mag dit ook gebeur dat groeplede te veel op die handpop self fokus en kan die benutting van handpoppe dus hul aandag van die groepsgesprek aflei.
- Die unieke dinamika in elke groep kan die effek van die benutting van handpoppe as gespreksmedium in 'n bepaalde groep beïnvloed. Daar kan derhalwe nie aanvaar word dat die benutting van handpoppe 'n soortgelyke invloed op die kommunikasie en die interaksiepatrone van alle groepe sal hê nie.

#### 4.4 AANBEVELINGS

Die navorsers stel die volgende aanbevelings ten opsigte van navorsing en die benutting van handpoppe tydens groepwerk met kinders voor:

- Die navorsing het 'n beperkte aantal respondenten ingesluit en die navorsingsbevindinge kan dus nie veralgemeen word nie. Op grond van die belowende resultate word daar voorgestel van maatskaplike werkers, sielkundiges of ander professionele persone opvolgende navorsingstudies oor die benutting van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk doen.
- Daar word voorgestel dat toekomstige studies op 'n groter skaal gedoen word, asook met kinders in verskillende ontwikkelingstadia.
- Navorsing kan ook fokus op die vergelyking van die invloed van handpoppe as gespreksmedium teenoor die benutting van ander speltegnieke, byvoorbeeld klei of teken.
- Maatskaplike werkers wat handpoppe tydens groepwerk met kinders wil gebruik, moet deeglike kennis van die implementering van die tegniek dra. Hulle moet ook bewus wees daarvan dat, ten spyte van die voordele wat die benutting van handpoppe vir die kommunikasie en die interaksiepatrone van groepe kan hê, dit ook nie-wenslike gevolge kan hê. Die groepwerker moet derhalwe deurentyd die dinamika in die groep monitor.

- Groepswerkers moet voorts in ag neem dat, ongeag die voordele wat 'n tegniek kan inhoud, die benutting en waarde van 'n gesprekstegniek ook deur kontekstuele faktore beïnvloed kan word. Faktore soos die tyd van die dag, die groeplede se ander aktiwiteite, en die fisiese opset moet in ag geneem word.
- Indien groepe by 'n ander instansie as die groepwerker se eie werksomgewing aangebied word, moet reëlings met die betrokke instansies getref word sodat die aanbieding van die groepwerk aspekte soos die daagliks roetine en beskikbare fasiliteite by die instansie in ag neem.

#### 4.5 BEREIKING VAN DIE DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie is bereik deur middel van die bereiking van die individuele doelwitte wat vir die studie gestel is. Die bereiking van die doelwitte word vervolgens bespreek.

- **Doelwit 1: Om die benutting van handpoppe as speltegniek en spesifieke gespreksmedium, teoreties te kontekstualiseer**

Hierdie doelwit is deur middel van die literatuurstudie wat in Hoofstuk 2 aangebied is, bereik. In Hoofstuk 2 is 'n uiteensetting van handpoppe as speltegniek, asook die voordele, doelwitte en die riglyne verbonde aan die benutting van hierdie speltegniek bespreek.

- **Doelwit 2: Om groepwerk met kinders teoreties te kontekstualiseer, met spesifieke verwysing na kinders in die middelkinderjare**

In Hoofstuk 2 is 'n teoretiese bespreking van groepwerk met kinders gegee. Die voordele van groepwerk met kinders is bespreek. 'n Afdeling is afgestaan aan die bespreking van kommunikasie en interaksiepatrone as 'n dimensie van groepdinamika. Hierdie aspekte was van spesifieke belang in die konteks van die navorsing, aangesien die fokus van die studie op handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders was. Die tweede doelwit van die studie is derhalwe bereik.

- **Doelwit 3: Om die invloed van handpoppe as gespreksmedium op die kommunikasie en interaksiepatrone tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare te bepaal**

Hierdie doelwit is deur middel van die insameling, analise en aanbieding van die kwantitatiewe data bereik. Die kwantitatiewe bevindinge van die studie is in Hoofstuk 3 aangebied ten opsigte van die invloed van die benutting van handpoppe op die kommunikasie asook op die interaksiepatrone van die twee groepe respondenten.

- **Doelwit 4: Om respondent se ervaring van die gebruik van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk te eksplorieer en te beskryf**

Die vierde doelwit van die studie is bereik deur die aanbieding van die kwalitatiewe navorsingsbevindinge in Hoofstuk 3. Hierdie bevindinge, wat gegrond is op die data wat tydens die individuele onderhoude met die respondent na die afloop van die groepwerkprogram ingesamel is, het die meestal positiewe ervarings van die respondenten ten opsigte van die gebruik van die handpoppe weergegee. Die bevindinge dui egter ook op moontlike ongewenste invloede wat die benutting van handpoppe tydens groepwerk met kinders kan hê.

- **Doelwit 5: Om aanbevelings te maak ten opsigte van die gebruik van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare**

Die laaste doelwit vir die studie is bereik deur middel van die aanbevelings wat in hierdie hoofstuk voorgestel is. Die aanbevelings fokus op voortgesette navorsing asook op die praktiese implementering van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders.

#### **4.6 SAMEVATTENDE STELLING**

In die literatuur word aangetoon dat handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders gebruik kan word. Die navorsing kon egter min navorsingstudies oor die onderwerp vind en die studie is derhalwe onderneem om die invloed van die benutting van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare te bepaal. Beide die kwantitatiewe en

kwalitatiewe bevindinge het getoon dat handpoppe 'n positiewe invloed op die kommunikasie en die interaksiepatrone in die groep kan hê. Die bevindinge van die studie het aangedui dat daar egter ook minder gewenste effekte van die benutting van handpoppe in groepe kan wees. Verdere navorsing oor die onderwerp word derhalwe aanbeveel.

## BRONNELYS

- Adams, K. & Galanes, G.J. 2012. *Communicating in Groups: Applications and Skills*. 8<sup>th</sup> ed. New York: McGraw Hill.
- Berk, L.E. 2013. *Child Development*. 9<sup>th</sup> ed. Boston: Pearson Education.
- Bitter, J.M. 2004. Two approaches to counseling a parent alone: Toward a Gestalt-Alderian integration. *The Family Journal: Counseling and therapy for couples and families*, 12(4):358-367.
- Blom, R. 2006. *The Handbook of Gestalt Play Therapy. Practical Guidelines for Child Therapists*. London: Jessica Kingsley Publishers.
- Boyer, W. 2010. Getting to Know O'Connor: Experiencing the Ecosystemic Play Therapy Model With Urban First Nations People. *The Family Journal: Counseling and therapy for couples and families*, 18(2):202-207.
- Conyne, R.K. 2014. *Group Work Leadership. An Introduction for Helpers*. Los Angeles: SAGE.
- Corey, G. 2013. *Theory and Practice of Counseling and Psychotherapy*. 9<sup>th</sup> ed. Belmont, CA: Brooks/Cole Cengage Learning.
- Creswell, J.W. 2009. *Research Design: Qualitative, Quantitative, and Mixed Methods Approaches*. Thousand Oaks: Sage Publications.
- Dell'Antonia, K.J. 2011. Middle Childhood is peak for learning. *New York Times*.
- Delport, C.S.L. & Fouché, C.B. 2011. Mixed methods research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots. For the social sciences and human service professions*. 4<sup>th</sup> ed. Pretoria: Van Schaik.
- Delport, C.S.L. & Roestenburg, W.J.H. 2011. Quantitative data collection methods: questionnaires, checklists, structured observation and structured interview schedules. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots. For the social sciences and human service professions*. 4<sup>th</sup> ed. Pretoria: Van Schaik.

Denscombe, M. 2007. *The Good Research Guide for small-scale social research projects*. 3<sup>rd</sup> Ed. London: McGraw Hill Education.

De Vito, J.A. 2004. *The Interpersonal Communication Book*. 4<sup>th</sup> ed. New York: Pearson Education Inc.

Dillen, L., Siongers, M., Helskens, D. & Verhofstadt-Denève. 2009. When Puppets Speak: Dialectical Psychodrama Within Developmental Child Psychotherapy. *Journal of Constructivist Psychology*, 22:55-82.

Epstein, I., Stevens, B., McKeever, P., Baruchel, S. & Jones, H. 2008. Using puppetry to elicit children's talk for research. *Nursing Inquiry*, 15(1):49-56.

Feder. B. 2007. *Gestalt group therapy*. Beskikbaar:

<http://www.goodtherapy.org/blog/gestalt-group-therapy-an-interactive-approach/>  
(Toegang op 12/08/2010)

Forsyth, D.R. 2014. *Group dynamics*. 6<sup>th</sup> ed. Belmont, CA: Wadsworth Cengage Learning.

Fouché, C.B. & Bartley, A. 2011. Quantitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots. For the social sciences and human service professions*. 4<sup>th</sup> ed. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B., Delport, C.S.L. & De Vos, A.S. 2011. Quantitative research designs. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots. For the social sciences and human service professions*. 4<sup>th</sup> ed. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Formal formulations. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots. For the social sciences and human service professions*. 4<sup>th</sup> ed. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & Schurink, W. 2011. Qualitative research designs. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots. For the social sciences and human service professions*. 4<sup>th</sup> ed. Pretoria: Van Schaik.

Geldard, K. & Geldard, D. 2001. *Working with children in groups. A handbook for counsellors, educators and community workers.* London: Palgrave McMillan.

Geldard, K., Geldard, D. & Yin Foo, R.Y. 2013. *Counselling Children: A Practical Introduction.* 4<sup>th</sup> ed. London: SAGE Publications.

Glicken, M.D. 2003. *Social Research: a Simple Guide.* London: Allyn and Bacon Publishers.

Greef, M. 2011. Information collection: interviewing. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots. For the social sciences and human service professions.* 4<sup>th</sup> ed. Pretoria: Van Schaik.

Henderson, D.A. & Thompson, C.L. 2011. *Counselling Children.* 8<sup>th</sup> ed. London: Brooks/Cole Cengage Learning.

Isenberg, J.P. & Jalongo, m.R. 2010. Creative Thinking and Arts-Based Learning. Pearson: Allyn Bacon Prentice Hall.

Jackson, S.L. 2008. *Research Methods: A modular approach.* Belmont: Thompson Wadsworth.

Jäger, J. & Ryan, V. 2007. Evaluating clinical practice: using play based techniques. *Clinical Child Psychology and Psychiatry*, 12(3):437-450.

Johnson, D.W. & Johnson, F.P. 2009. *Joining Together. Group Theory and Group Skills.* Columbus, Ohio: Pearson.

Kruger, M. 2007. Puppets in Education and Development in Africa: the puppet's dual nature and sign systems in action. *South African Theatre Journal : Dramatic Learning Spaces: Special Issue*, 22:64-70.

Landreth, G.L. 2012. *Play Therapy: The Art Of The Relationship.* 3<sup>rd</sup> ed. New York: Taylor & Francis Books, Inc.

Levine, L.G. & Munsch, J. 2011. *Child Development: An Active Learning Approach.* London: Sage Publications.

Lietz, C.A., Langer, C.L. & Furman, R. 2006. Establishing Trustworthiness in Qualitative Research in Social Work. *Qualitative Social Work*, 5:441-458.

- Louw, A. & Louw, D. 2014. Middle childhood. In Louw, D. & Louw, A. *Child and Adolescent development*. 2<sup>nd</sup> ed. Bloemfontein: Psychology Publications.
- Louw, A.E., Louw, D.A. & Ferns, I. 2005. *Die middelkinderjare*. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. *Menslike Ontwikkeling*. 3<sup>de</sup> uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiér.
- Louw, D., Louw, A. & Kail, R. 2014. Basic Concepts of Child and Adolescent Development. In Louw, D. & Louw, A. *Child and Adolescent development*. 2<sup>nd</sup> ed. Bloemfontein: Psychology Publications.
- Masson, R.L., Jacobs, E.E., Harvill, R.L. & Schimmel, C.J. 2012. *Group Counselling. Interventions and Techniques*. 7<sup>th</sup> ed. London: Brooks/Cole Cengage Learning.
- Maree, K. & Pietersen, J. 2007. Sampling. In Maree, K. (Ed.). *First steps in Research*. Pretoria: Van Schaik.
- Oaklander, V. 1999. *The handbook of group play therapy*. Jossey-Bass Publishers: San Francisco.
- Oaklander, V. 2006. *Hidden treasure: a map to the child's inner self*. London: Karnac Books.
- Oaklander, V. 2007. *Windows to our children. A Gestalt Therapy Approach to Children and Adolescents*. Gouldsboro, Maine: The Gestalt Journal Press.
- O'Connor, K.J. 2000. *The play therapy primer*. 2<sup>nd</sup> ed. New York: John Wiley & Sons Inc.
- Patrick, E. 2006. Koala, Cat and me. *Therapy Today*, 17(7):9-12.
- Pietersen, J. & Maree, K. 2007. Statistical Analysis II: Inferential statistics. In Maree, K. (Ed.) *First Steps in Research*. Pretoria: Van Schaik.
- Santrock, J.W. 2009. *Life-Span Development*. 12<sup>th</sup> ed. Boston: McGraw Hill.
- Schoeman, J.P. 2001. *Projection Techniques*. In Schoeman, J.P & Van der Merwe, M. 2001. *Entering the child's world: a play therapy approach*. Interim Ed. Noordbrug: Keurkopié.

Schurink, W., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots. For the social sciences and human service professions.* 4<sup>th</sup> ed. Pretoria: Van Schaik.

Singh, K. 2007. *Quantitative Social Research Methods.* New Delhi: Sage Publications India Pvt Ltd.

Standard, M.E. 1999. The use of puppets in children's grief groups: an exploratory study. University of Wisconsin-Stout.

Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots. For the social sciences and human service professions.* 4<sup>th</sup> ed. Pretoria: Van Schaik.

Sweeney, D.S., Baggerly, J.N. & Ray, D.C. 2014. *Group Play Therapy. A Dynamic Approach.* New York: Taylor & Francis.

Toseland, R.W. & Rivas, R.F. 2012. *An Introduction to Group Work Practice.* 7<sup>th</sup> ed. Boston: Allyn & Bacon.

Van der Merwe, M. 2001. *Dramatic play.* In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 2001. *Entering the child's world: a play therapy approach.* Interim Ed. Noordbrug: Keurkopié.

Welman, C., Kruger, F. & Mitchell, B. 2012. *Research Methodology.* 3<sup>rd</sup> ed. Cape Town: Oxford University Press.

Zastrow, C.H. 2012. *Social Work With Groups.* 8<sup>th</sup> Ed. Belmont, CA: Brooks/Cole Cengage Learning.

## BYLAAG A



**WAARNEMINGSKEDULE**

Deelnemer no.: .....	Groepwerk sessies					Omskrywing
	Sessie 2	Sessie 3	Sessie 4	Sessie 5		
<b>Verbale en nie-verbale kommunikasie:</b>						
Inisieer 'n nuwe aspek van onderwerp						Inisieer 'n gesprek oor 'n nuwe aspek van die onderwerp
Inisieer 'n bespreking						Reageer op inligting deur 'n bespreking in te lei
Maak 'n aktiewe bydrae						Gee of vra 'n mening/opinie; maak voorstelle; gee of vra inligting
Volg ander in die groep						Bydrae is 'n navolging/bevestiging van die bydraes wat deur 'n ander groeplid gemaak word
Opponeer ander groeplede se mening						Bydrae staan die mening van 'n ander groeplid/groeielede teen, lug 'n opponerende mening
Praat oor feitlike aspekte						Inhoud van bydrae fokus op feite, oppervlakkige besprekings
Praat oor sensitiewe aspekte: positief						Praat oor sensitiewe aspekte (emosies, probleme), fokus op positiewe, bv. "moet net sterk wees"
Praat oor sensitiewe aspekte: negatief						Praat oor sensitiewe aspekte (emosies, probleme); erk en negatiewe aspekte, bv. hartseer
Maak "ek"-stellings						Maak bydrae in die eerste persoon, bv. "Ek drink/voel/sal."
Maak stellings in die derde persoon						Fokus op wat ander sal sé/dink/doen, bv. "Hulle/hy/sy/my vriend sal/het."
Dui nie-verbaal dat hy/sy nie saamstem						Wys nie-verbaal dat hy/sy met 'n bydrae saamstem, bv. deur 'n kopknik
Dui nie-verbaal dat hy/sy nie saamstem						Wys nie-verbaal dat hy/sy nie met 'n bydrae saamstem nie, bv. deur kop te skud
<b>Interaksiepatrone:</b>						
Luister aktief, aktief betrokke						Toon belangstellin in bespreking, opletend, gee aandag, deel in interaksie, oogkontak met ander
Afgetrokke						Skenk min aandag aan die bespreking, verloor konseptrasie
Kom gemaklik voor in die groep						Ontspanne en oop liggaaishouding, stel self oop vir deelname
Kom ongemaklik voor in die roe						Geslotte, gespanne liggaaishouding, terughoudend
Stemtoon: sterk, duidelik						Praat met 'n sterke stem, duidelike stemtoon, spontaan, selfs dramaties
Stemtoon: seg, onduidelik						Praat met 'n sagte stem, wat dikwels nie duidelik is nie, soms onseker
Praat meestal met die groepwerker						Fokus bydraes meestal op die groepwerker, praat min direk met ander groeplede
Praat meestal met enkele groeplede						Fokus meestal op een of twee ander groeplede, maar nie op die hele groep
Praat met meeste groeplede						Fokus meestal op al die groeplede wannekry/sy 'n bydrae maak
Rolle: leier						Neem gemaklik deel, meestal leiding in die groep, maar is nie dominerend, dra positief tot groep by
stil lid						Is meestal stil en teruggetrokke, beperkte verbale bydraes
dominerend						Pogings om groepsgesprek te oorheers, eie opinie moet geld
na/laandagssoeken-						Tree oormatig snaaksfaf op, tree op om aandag te trek, bv. deur taaglijkuur of uitdagende gedrag
ondersteuner						Daarop ingestel om ander lede te laat gemaklik voel, toon empatie net ander

## BYLAAG B

## **Titel van die studie: Die invloed van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare**

### **Onderhoudskedeule**

Ek wil graag uitvind oor hoe dit vir jou was om aan die groepe deel te neem en om die handpoppe te gebruik. Ek wil jou mening oor die volgende vra:

- Hoe was dit vir jou om aan die groep deel te neem?
- Hoe was dit vir jou om die handpoppe te gebruik?

Temas: Om die handpop te kies

    Om deur die handpop te praat

    Om sonder die handpop te praat

    Om die handpop met jou hand te beweeg

- Het die handpop 'n verskil gemaak aan hoe jy in die groepe deelgeneem het?  
Verduidelik asseblief.

- Het die handpop 'n verskil gemaak aan jou konsentrasie in die groepe?  
Verduidelik asseblief.

- Was dit vir jou beter was om met of sonder die handpoppe te praat? Verduidelik asseblief.

-  
Baie dankie dat ek met jou kon praat.

## BYLAAG C



31 Augustus 2015

Beste prof Lombard

**Projek:** Die gebruik van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare  
**Navorser:** A Steyn  
**Studieleier:** Dr MP le Roux  
**Departement:** Maatskaplike Werk en Kriminologie  
**Verwysingsnommer:** 10589288 (GW20150806HS)

Baie dankie vir jou aansoek om etiese klaring.

Dit is vir my aangenaam om u mee te deel dat die bogenoemde aansoek op 27 Augustus 2015 formeel deur die Navorsingsetiekkomitee goedgekeur is. Dataversameling kan nou voortgaan.

Let asseblief daarop dat die goedkeuring gebaseer is op die aanname dat die navorsing uitgevoer sal word binne die parameters soos uiteengesit in die navorsingsvoorstel. Indien die werkelike navorsing beduidend sou verskil van die voorgestelde navorsing, sal 'n nuwe aansoek om navorsingsgoedkeuring en etiese klaring benodig word.

Die Komitee versoek u om bogenoemde goedkeuring aan die navorser oor te dra.

Ons wens u sukses toe met die projek.

Vriendelike groete



**Prof Karen Harris**  
**Waarnemende Voorsitter: Navorsingsetiekkomitee**  
**Fakulteit Geesteswetenskappe**  
**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**  
**e-pos: karen.harris@up.ac.za**

**Nagraadse Komiteelede** Prof KL Harris (Waarnemendvoorsitter); Dr L Blokland; Dr JEH Grobler; Ms H Klopper; Dr C Panebianco-Warrens; Dr Charles Puttergill; Prof GM Spies; Dr Y Spies; Prof E Taljard

## BYLAAG D




SmartBrain Kidz  
Impala koshuis HFM terrein, Thabazimbi  
Tel: 082 570 3644  
nicdp@lanitic.net

2015/10/06

Wie dit mag aangaan.

Hiermee gee SmartBrain Kidz naskool sentrum toestemming dat die navorser, Me A Steyn haar navorsing by ons mag doen en dat ons volledig ingelig is oor die aard van die navorsing. Ons is ook bewus dat die navorsing gebruik sal word om haar studie te voltooi.

Geteken die ..... dag van ..... Oktober 2015 Te Thabazimbi

  
Marthie du Plooy (Hoof)

  
Me Steyn (Navorser)

SmartBrain TM (Pty) Ltd  
Kinderontwikkelinginstituut  
P.O. BOX 1692  
THABAZIMBI  
0380  
TEL: 082 570 3644

## BYLAAG E



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fakulteit Geesteswetenskappe  
Department Maatskaplike Werk & Kriminologie

**Navorser:** Annamarie Steyn  
**Graad:** MMW in Spelterapie  
**Kontakbesonderhede:** 083 455 3068

### DEELNEMER SE INGELIGTE TOESTEMMING

**Naam van deelnemer:** .....

#### 1. Titel van die studie

Die invloed van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare.

#### 2. Doel van die studie

Die doel van die studie is dat Annamarie Steyn kan uitvind of die gebruik van handpoppe 'n verskil maak aan die kinders se gesprekke in groepe.

#### 3. Werkswyse

Ek sal deel wees van 'n groep kinders wat een maal 'n week vir ses weke na skool by my naskoolsentrum bymekaar sal kom. In die groepe sal ons oor afknouery en boelies praat. In twee van die groepsessies sal almal in die groep 'n handpop kies en sal ons deur die handpoppe gesels. Annamarie Steyn sal al die sessies met 'n videokamera opneem. Sy sal ook na die laaste groepsessie my mening vra oor hoe dit vir my was om met en sonder die handpoppe te praat. Sy sal ons gesprek op band opneem.

#### 4. Moontlike ongemak

In die groep sal ons oor positiewe en negatiewe gevoelens en ervarings praat. As ek enige tyd ongemaklik voel as gevolg van die gesprekke, kan ek met Annamarie Steyn gesels en, as dit nodig is, kan ek met die maatskaplike werker praat wat in ons dorp werk.

#### 5. Voordele van die studie

In die groepwerksessies sal ek meer kan leer oor afknouery en boelies en hoe om hulp te kry as ek of dalk geboelie word of weet van iemand wat geboelie word.

## 6. Reg tot deelname

As ek op enige tyd wil ophou om aan die groepsessies deel te neem, kan ek net vir Annamarie Steyn sê dat ek nie meer wil deelneem nie. As ek besluit om op te hou, sal niemand my blameer nie.

## 7. Vergoeding

Ek verstaan dat ek nie geskenke of geld sal kry wanneer ek aan die studie deelneem nie.

## 8. Vertroulikheid

Al die inligting van die videos en die bandopname sal vertroulik hanteer word, wat beteken dat niemand anders my naam sal weet of weet wat ek in die groep of in die gesprek met Annamarie gesê het nie. 'n Maatskaplike werker sal vir Annamarie help om na die videoopnames te kyk, maar sy sal nie die inligting met enige ander persoon bespreek nie. Die inligting sal vir 15 jaar in 'n veilige plek by die Universiteit van Pretoria gestoor word en kan later vir ander studies gebruik word. As dit gebeur, sal al die inligting nog steeds vertroulik wees en sal niemand my naam weet nie. Annamarie Steyn sal 'n verslag oor haar studie skryf, maar niemand sal my daarin kan herken nie.

As ek enige vrae het, kan ek vir Annamarie Steyn bel by 083 455 3068 of haar by die groepwerksessies vra.

Ek verstaan my regte as 'n deelnemer aan die studie en ek wil graag met die studie help. Ek verstaan ook waaroor die studie gaan en waarom en hoe dit gedoen word.

.....  
**Handtekening: Deelnemer**

.....  
**Datum**

.....  
**Handtekening: Navorsier**

.....  
**Datum**

## BYLAAG F



**Navorser:** Annamarie Steyn  
**Graad:** MMW in Spelterapie  
**Kontakbesonderhede:** 083 455 3068

### OUER/VOOG SE INGELIGTE TOESTEMMING

**Naam van deelnemer:** .....

#### 1. Titel van die studie

Die invloed van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare.

#### 2. Doel van die studie

Die doel van die studie is dat Annamarie Steyn die invloed van die gebruik van handpoppe as gespreksmedium tydens groepwerk met kinders in die middelkinderjare kan ondersoek.

#### 3. Werkswyse

Ek verstaan dat my kind gevra sal word om vrywillig aan 'n groepwerkprogram deel te neem wat oor afknouery en boelies handel. Die groepbyeenkomste sal een maal per week vir 'n tydperk van ses weke by SmartBrain naskoolsentrum aangebied word. In twee van die groepwerksessies sal elke deelnemer 'n handpop kies en sal die groeps gesprek deur die handpoppe gevoer word. Die navorser sal die groepwerksessies op video opneem om die gesprekvoering tussen die deelnemers later te kan ontleed. Na afloop van die laaste sessie sal die navorser ook 'n kort onderhou met my kind voer om sy/haar ervaring van die gebruik van die handpoppe te bepaal. 'n Bandopname sal van die gesprek gemaak word.

#### 4. Moontlike ongemak

Ek verstaan dat my kind, as deelnemer aan die studie, positiewe en negatiewe gevoelens en ervarings kan bespreek wat tot ongemak kan lei. Ek vertrou dat die navorser alles in haar vermoë sal doen om emosionele ongemak by die deelnemers te voorkom. Indien ek van mening is dat my kind emosionele ongemak ervaar as gevolg van sy/haar deelname aan die groepwerk, kan ek vir Annamarie Steyn kontak. Indien nodig, sal die navorser my kind na die maatskaplike werker wat in Thabazimbi werk, verwys.

## 5. Voordele van die studie

Ek verstaan dat daar nie enige onmiddelike voordele van deelname aan die studie sal wees nie. Die groepwerkprogram kan my kind egter help om bewus te word van die tekens en gevolge van afknouery en hoe om hulp te kry as hy/sy afgeknou word of weet van iemand wat afgeknou of geboelie word.

## 6. Reg tot deelname

My kind het die reg om enige tyd aan die studie te onttrek. Ek verstaan dat daar geen negatiewe gevolge sal wees indien my kind sy/haar deelname aan die groepsessies wil staak nie. Annamarie Steyn sal die besluit respekteer.

## 7. Vergoeding

Ek verstaan dat daar nie enige finansiële of ander vorm van vergoeding vir my kind se deelname aan die studie sal wees nie.

## 8. Vertroulikheid

Alle inligting in die video- en die bandopnames sal streng vertroulik hanteer word en die identiteit van my kind of my gesin sal aan niemand bekend gemaak word nie.

Annamarie Steyn sal die video-opnames met die hulp van 'n maatskaplike werk-kollega ontleed, wat ook die beginsel van vertroulikheid sal nakom. Die navorsing sal ook 'n navorsingsverslag skryf, maar my kind en ons gesin se besonderhede sal nie daarin bekend gemaak word nie en sal net aan die navorsing bekend wees. Al die video- en bandopnames en toestemmingsbrieve sal vir 15 jaar in 'n veilige plek by die Universiteit van Pretoria gestoor word. Dit mag later vir ander studies gebruik word. Indien dit gebeur, sal alle inligting steeds vertroulik hanteer word.

Indien ek enige vrae het, kan ek vir Annamarie Steyn by 083 455 3068 skakel.

Ek verstaan my regte as ouer/voog van die deelnemer aan die navorsing en wil graag met die studie help. Ek verstaan waaroor die studie gaan en waarom en hoe dit gedoen gaan word.

.....  
**Handtekening: Ouer/Voog**

.....  
**Datum**

.....  
**Handtekening: Navorsing**

.....  
**Datum**